

1982 223 022



U.O.V.S. - BIBLIOTEK

198222302201220000019



198222302201220000019

**'N DIDAKTIES-PEDAGOGIESE ONDERSOEK NA
DIE ROL VAN DIE ATLETIEKAFRIGTER AS JEUGLEIER**

deur

IZAK, JOHANNES, GUILLAUME LUDIK B.A. (U.O.D.) B.Ed.

*Verhandeling voorgelê ter vervulling van die
vereistes vir die graad*

MAGISTER EDUCATIONIS

in die Fakulteit Opvoedkunde

(Departement Didaktiese Pedagogiek)

aan die

Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Studieleier: Prof. Dr. P.F. Theron

Sasolburg

Desember 1982

*Aan my moeder en ter nagedagtenis
van my vader*

VOORWOORD

Graag betuig ek my opregte dank en waardering aan die volgende persone wat hierdie verhandeling moontlik gemaak het:

Aan my Hemelse Vader, vir krag en genade.

My studieleier, prof. P.F. Theron, vir sy inspirasie om te begin met die verhandeling en sy positiewe leiding. Dit was 'n voorreg om onder hom te studeer.

My eggenote, Gusta en my twee seuns, Johan en Bennie, vir getroue ondersteuning en aanmoediging.

Mev. Elza van Rooyen en mev. Marinda Bosman vir die tikwerk van die verhandeling.

Mej. Letitia van Wyk wat groot hulp verleen het.

Sasol vir finale bind en afhandeling van die verhandeling.

Prof. J.L. Botha vir sy gewillige en vriendelike hulp.

Aan alle kollegas en vriende vir hulle belangstelling en aanmoediging.

I N H O U D S O P G A W EPROBLEEMSTELLING EN METODE VAN ONDERSOEK

	<u>Bls.</u>
1. Probleme wat die atletiekafrigter as jeugleier ondervind	1
1.1 Gebrek aan pedagogies-didaktiese kennis	1
1.2 Die verantwoordelikheid van die atletiekafrigter	2
1.3 Die nadelige invloed van oorbeklemtoning van prestasie in atletiek	2
1.4 Die persoonlike voorbeeld van die atletiekafrigter	2-3
1.5 Gebrek aan Christelike lewensbeskouing by die afrigter	3-4
1.6 Die gevaar van enge spesialisasie in atletiek	4
1.7 Die aansien en bekwaamheid van die afrigter	4-5
2. Die doel van die ondersoek	5
2.1 Die sportmentaliteit van die afrigters	5
2.2 Die indeling van moderne sport in twee kategorieë	5-6
2.3 Die belangrikheid van atletiekafrigting as opvoedingskrag	6
2.4 Die belangrikheid van 'n didakties-pedagogiese grondslag in atletiekafrigting	6-7
3. Die metode van ondersoek	9-10

H O O F S T U K 1

<u>DIE ATLETIEKAFRIGTER EN ATLETIEKAFRIGTING SE ROL IN JEUGLEIDING</u>		11
1. Doelstelling		11
1.1 Huidige tendense wat die doelwitbepaling van atletiek=afrigters beïnvloed		11-12
1.2 Topsport of atletiek vir ontspanning en genot		12
1.3 Die doel met atletiekafrigting		12-13
1.4 Die gevaar van "prestasie" as die belangrikste doelstelling		13-14

I N H O U D S O P G A W EPROBLEEMSTELLING EN METODE VAN ONDERSOEK

	<u>Bls.</u>
1. Probleme wat die atletiekafrigter as jeugleier ondervind	1
1.1 Gebrek aan pedagogies-didaktiese kennis	1
1.2 Die verantwoordelikheid van die atletiekafrigter	2
1.3 Die nadelige invloed van oorbeklemtoning van prestasie in atletiek	2
1.4 Die persoonlike voorbeeld van die atletiekafrigter	2-3
1.5 Gebrek aan Christelike lewensbeskouing by die afrigter	3-4
1.6 Die gevaar van enge spesialisasie in atletiek	4
1.7 Die aansien en bekwaamheid van die afrigter	4-5
2. Die doel van die ondersoek	5
2.1 Die sportmentaliteit van die afrigters	5
2.2 Die indeling van moderne sport in twee kategorieë	5-6
2.3 Die belangrikheid van atletiekafrigting as opvoedingskrag	6
2.4 Die belangrikheid van 'n didakties-pedagogiese grondslag in atletiekafrigting	6-7
3. Die metode van ondersoek	9-10

H O O F S T U K 1

<u>DIE ATLETIEKAFRIGTER EN ATLETIEKAFRIGTING SE ROL IN JEUGLEIDING</u>		11
1. Doelstelling		11
1.1 Huidige tendense wat die doelwitbepaling van atletiek=afrigters beïnvloed		11-12
1.2 Topsport of atletiek vir ontspanning en genot		12
1.3 Die doel met atletiekafrigting		12-13
1.4 Die gevaar van "prestasie" as die belangrikste doelstelling		13-14

1.5	Die religieuse doel met atletiekafrigting	14
1.6	Die totaliteitsdoelwit	15
1.7	Die werklike doel met atletiekafrigting	15-17
2.	Die waarde van atletiek as liggaamsaktiwiteit	17
2.1	Die belangrikheid van fisieke fiksheid in atletiek= afrigting	17-18
2.2	Die waarde van atletiekafrigting as liggaamsaktiwiteit	18-19
2.3	Massadeelname as doelwit van atletiekafrigting en as liggaamsaktiwiteit	19
3.	Die waarde van atletiek as ontspanningsmiddel en rekreasie en as komponent van vryetydsbesteding	19
3.1	Die belangrikheid van atletiek as vorm van vryetydsbesteding	19-20
3.2	Die rol van die atletiekafrigter in atletiek-as- ontspanningsmiddel	20-21
3.3	Bevrediging uit atletiek as vryetydsbesteding	22
4.	Sportmanskap en etiese norme	22
4.1	Begripsverklaring van etiek in atletiekafrigting	22-23
4.2	Die gevaar van oorbeklemtoning van prestasie	23-24
4.3	Die opvoedkundige benadering van die afrigter tot die afrigtingsituasie	25
5.	Die sosiale en kulturele waarde van sport (atletiek)	25-26
5.1	Kultuur as totaliteitsbegrip	25-26
5.2	Bevordering van gedragswyse van deelnemers	26
5.3	Verwantskap tussen atletiek en kultuur	26-27
5.4	Die spel-element in atletiek as faktor in kultuur= ontwikkeling	27
5.5	Bevordering van sosiale status	27-28
5.6	Atletiekafrigting as sosiaalvormende krag	28-29

6.	Atletiekafrigting as middel tot sportopvoeding	29
6.1	Problematiek van 'n dualistiese mensbeeld	29-30
6.2	Die mens as eenheidswese	30
6.3	Opvoedkundige waarde van atletiek	30-31
6.4	Die ontwikkeling van persoonlikheidseienskappe deur atletiek	31-32
6.5	Die atletiekafrigter as formuleerder van persoonlikheidseienskappe by die jong atleet	32-33
7.	Atletiek as komponent van Jeugweerbaarheid	33
7.1	Atletiek as middel om liggaamlike paraatheid te ontwikkel	33-35
7.2	Atletiek as middel om geestelike weerbaarheid te ontwikkel	35-36
8.	Die invloed van atletiek op skolastiese prestasies	36-38
9.	Die atleet se aanpasbaarheid op akademiese en universitêre gebied	39
9.1	Atletiek se rol in die aanpassing van jong atlete aan universiteite	39-40
9.2	Verbetering van akademiese prestasie deur deelname aan atletiek	40-41

H O O F S T U K 2

	<u>DIE TOEPASSING VAN DIDAKTIESE BEGINSELS IN ATLETIEKAFRIGTING DEUR DIE ATLETIEKAFRIGTER AS JEUGLEIER</u>	42
1.	Begripsbepaling	42
1.1	Die verband tussen opvoeding, onderwys en afrigting	42-43
1.2	Wat is didaktiek?	43-44
1.3	Didaktiek in atletiekafrigting	44-45
2.	Die toepassing van didaktiese beginsels in die atletieksituasie	45
2.1	Motivering	45-46
2.2	Ekstrinsieke motivering	46
2.3	Intrinsieke motivering	47-48

3.	Die aanskouingsbeginsel	48-49
4.	Die Heembeginsel	49-50
5.	Die aktiwiteitsbeginsel	50
6.	Die ekspressiebeginsel	50
7.	Die totaliteitsbeginsel	50-51
8.	Die individualiseringsbeginsel	51-52
9.	Die beginsel van simpatieke optrede	52-53
10.	Die beginsel van duidelikheid	53
11.	Die beginsel van tempo	53-54
12.	Die beginsel van dinamiek	54
13.	Die beginsel van balans	54-55
14.	Die beginsel van beplanning	55
15.	Die beginsel van veraanskouliking	55-56
16.	Die beginsel van sistematiek en ordening	56
17.	Die beginsel van wetenskaplikheid	56-57
18.	Die beginsel van kontrole	57-58

H O O F S T U K 3

PEDAGOGIEK AS WETENSKAP VAN DIE OPVOEDINGSWERKLIKHEID EN AS SODANIG VAN DIE AFRIGTINGSWERKLIKHEID

1.	Die grondstelling	59-63
2.	Die houding van die afrigter as jeugleier in die verwerking van afrigtingsessensies	63
2.1	Inleidend	63
2.2	Die nederige opvoederlike houding	63-64
2.3	Die simpatieke opvoederlike houding	64-65
2.4	Die hoflike opvoederlike houding	65
2.5	Die verdraagsame opvoederlike houding	65-66
2.6	Die emansiperende opvoederlike afrigtingshouding	66
-3.	Die opvoedingsverhoudinge tussen atletiekafrigter en atleet	67

3.1	Noosaaklikheid	67
3.2	Die pedagogiese vertrouensverhouding	67-68
3.3	Die pedagogiese begrypingsverhouding	68-69
3.4	Die pedagogiese gesagsverhouding	69-70
4.	Samevattend	70

H O O F S T U K 4

<u>DIE ATLETIEKAFRIGTER AS JEUGLEIER</u>		71
1.	Die lewens- en wêreldbeskouing van die atletiekafrigter bepaal sy doelstellings in die opvoeding in die algemeen en in atletiekafrigting in die besonder	71-73
2.	Die persoonlike eienskappe van die atletiekafrigter as jeugleier	73
2.1	Die persoonlike filosofie van die atletiekafrigter bepaal 'n korrekte afrigtingsfilosofie	73-74
2.2	Die persoonlike eienskappe van die atletiekafrigter bepaal 'n suksesvolle atletiekonderrigstelsel	74
2.2.1	Die belangrikheid van goeie persoonlike eienskappe	74-75
2.2.2	Selfvertroue	76
2.2.3	Leierskap	76-78
2.2.4	Kennis (kognitief)	79
2.2.5	Gesindheid (affektief)	79-80
2.2.6	Geesdrif en belangstelling	80
2.2.7	Sin vir regverdigheid	80-81
2.2.8	Sin vir humor	81
2.2.9	Emosionele volwassenheid	82
2.2.10	Intellektuele vermoëns	82
2.2.11	Goedhartigheid en begrip	83
2.2.12	Betroubaarheid	83-84
2.2.13	Dissipline en gesag	84-85
2.2.14	Perspektief	85

2.3	Die atletiekafrigter as jeugleier in die toepassing van didaktiese beginsels in 'n praktiese onderrigstelsel	86
2.3.1	Bepaling van doelstelling vir die atletiekseisoen	86-88
2.3.2	Jeugleiding en atletiekafrigting	88-90
2.3.3	Komponente van die praktiese atletiekonderrigstelsel	90-91
2.3.3.1	Die atleet-in-opvoeding, as komponent van die didaktiese situasie	91-92
2.3.3.2	Die atletiekafrigter as leier van die didaktiese atletiekonderrigsituasie	92-94
2.3.3.3	Die atletiekoefenprogram as komponent van die didaktiese atletieksituasie	94
2.3.4	Faktore wat die didaktiese atletiekonderrigstelsel primêr beïnvloed	95
2.3.4.1	Vaardigheid	95
2.3.4.2	Sosiale dissipline	95-96
2.3.4.3	Ekspressie	96
2.3.4.4	Intensionaliteit	97
2.3.5	Beplanning van die atletiekoefenprogram	97
2.3.5.1	Langtermyn-beplanning	97-99
2.3.5.2	Korttermynbeplanning	99-100
2.3.6	Strukturering van die oefenprogram	100-101
2.3.7	Globalisering	101
2.3.8	Belewing	101-102
2.3.9	Selfwerkzaamheid	102-103
2.3.10	Bemeestering	103-104
2.3.11	Evaluering	104-105
2.3.12	Perspektief	105-106

H O O F S T U K 5

<u>EMPIRIESE VRAELYS INSAKE DIE ROL VAN DIE ATLETIEKAFRIGTER AS JEUGLEIER</u>		107
1.	Agtergrond insake afrigters	107
2.	Empiriese vraelys	108-127
3.	Bevindinge na aanleiding van antwoorde op vraelyste	127-130
4.	Gevolgtrekking	130-132

H O O F S T U K 6

<u>DIE PEDAGOGIES-DIDAKTIESE FUNDERING VAN DIE ATLETIEKAFRIGTER AS JEUGLEIER</u>		
1.	Geheelerspektief	133-136
2.	Aanbevelings	136-140

<u>BIBLIOGRAFIE</u>	141-156
---------------------	---------

PROBLEEMSTELLING EN METODE VAN ONDERSOEK

1. PROBLEME WAT DIE ATLETIEKAFRIGTER AS JEUGLEIER ONDERVIND

Die atletiekafrigter as jeugleier op skool het 'n besondere taak om die atlete op te lei en tegniese vaardighede aan te leer om sodoende suksesvol deel te neem aan sy item. Sy besondere taak is egter om die atlete op te voed tot sinvolle volwassenheid en tot liefde vir God en Sy naaste.

Die groot toets wat aan die atletiekafrigter as jeugleier gestel word is die volgende: In hoe 'n mate het hy die atlete se persoonlikheid en karakter positief beïnvloed; in hoe 'n mate is die atlete weerbaar gemaak teen die politieke en ideologiese aanslae; in hoe 'n mate het hy die atleet se behoefte aan identifikasie positief beïnvloed en gerig; en was hy 'n ware leier wat, benewens atletiektegniek en kennis, faktore soos lewenswaardes, motivering, gesag, dissipline en leierskap ontwikkel het?

In Suid-Afrika is daar verskillende probleme wat die atletiekafrigter ondervind om werklik geklassifiseer te word as jeugleier van die atleet-in-opvoeding.

1.1 GEBREK AAN PEDAGOGIES-DIDAKTIESE KENNIS

Die probleem wat ons ondervind in die atletiek-afrigting-sisteem dui op 'n gebrek aan 'n pedagogies-didaktiese inslag in die hele proses van opvoeding in die buitemuurse situasie. Waar die atletiekafrigter 'n deskundige opvoeder met deeglike onderlegdheid in die afrigtingsituasie moet wees, vind ons dikwels 'n totale gebrek aan betroubare opvoedingswerklikheids-kennis of pedagogiese kennis. Die afrigter wat daagliks met die kind-in-opvoeding werk, het geen opleiding in die algemene didaktiek nie, of die opgeleide onderwyser-afrigter beseft nie die hoë prioriteit wat die opvoedings-tendense beklee in die afrigting van die jong atleet nie (vide infra, p.16).

1.2 DIE VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE ATLETIEKAFRIGTER

Daar bestaan 'n besondere noue band tussen die atletiekafrigter en die atleet, wat gebore word uit 'n oefensiklus van agt maande, ses dae per week en twee ure per dag. In die proses ontwikkel die atleet algehele vertroue in die afrigter as die persoon wat die afrigting, asook sy persoonlikheidsontwikkeling moet inisieer.

Elke afrigter moet altyd bewus wees van die groot verantwoordelikheid wat volg op die aanvaarding van hierdie opdrag. Hy moet beseef dat hy in 'n posisie is waar hy die kind òf kan bystaan en aanspoor, òf onherstelbare skade kan berokken.

Die atleet, in die normale didaktiese situasie, is een van 'n groep atlete wat saamgevoeg word op grond van 'n gemeenskaplike pedagogiese en didaktiese ideaal, naamlik die afrigter wat as volwasse vennoot verantwoordelik is vir die koers wat in die afrigtingsituasie ingeslaan word.

1.3 DIE NADELIGE INVLOED VAN OORBEEKLEMTONING VAN PRESTASIE IN ATLETIEK

Oormatige prestasie op 'n jong leeftyd kan persoonlikheidsprobleme skep wat die atleet nie kan verwerk nie, andersyds kan aanhoudende mislukking 'n minderwaardigheidsgevoel tot gevolg hê. 'n Liggaamlik goed-ge kondisioneerde atleet behoort op alle terreine beter te kan presteer as die liggaamlik onaktiewe leerling. Tog het die praktyk al dikwels die teendeel bewys, naamlik dat talle atlete geheel en al op akademiese terrein misluk. Atletiekprestasie word 'n allesoorheersende ideaal ten koste van ander pedagogies-didaktiese doelwitte (vide infra, p.23).

1.4 DIE PERSOONLIKE VOORBEELD VAN DIE ATLETIEKAFRIGTER

Ander probleme wat die afrigter, as leier van die atleet-in-opvoeding ondervind, is die talle geleenthede wat geskep word vir die topatleet wat aan talle "Prestige"-byeenkomste deelneem, gekies word vir toere oorsee en so meer. Hier word byvoorbeeld gratis

hotelakkommodasie, vliegkaartjies en ander fasiliteite aan hom beskikbaar gestel. Groot onthale, na afloop van die byeenkoms word aangebied waar sterk drank vryelik beskikbaar gestel word. Kontak word gemaak met senior atlete in die volwasse geleedere wat 'n blywende indruk op die jonger atleet maak.

Die atletiekafrigter se persoonlike voorbeeld, asook die leiding wat hy gee in dié verband, is van deurslaggewende belang. Die volwasse afrigter se taalgebruik; grappe en drinkgewoontes word noulettend deur die atleet waargeneem. Die afrigter sonder didakties-pedagogiese agtergrond is ongewapen en kan nie vertroue skep en voorbeelde stel wat navolgenswaardig is nie (vide infra, p.74).

1.5 GEBREK AAN CHRISTELIKE LEWENSBEKOUING BY DIE AFRIGTER

Daar kan nie sprake van enige Christelike opvoeding wees as die afrigter nie 'n Christelike lewensbeskouing besit nie. Die gesaghebbende afrigter mag nie neutraal wees nie, maar die opvoeding in die afrigtingsproses moet gelei en bepaal word deur 'n Christelike lewensbeskouing. Hy is verantwoordelik vir die ontstaan van 'n Christelike lewensbeskouing by die atleet, waarvan daar eendag van die afrigter rekenskap geëis sal word. Die atletiekafrigter sonder 'n uitgesproke Christelike lewens- en wêreldbeskouing kan nie slaag in sy primêre doelstelling om die atleet te lei tot volkome volwassewording nie.

In die opvoeding van die atleet gaan dit om die beïnvloeding van nog-nie-volwassenes as wordende persone deur volwasse, selfstandige persone; die atletiekafrigters. Die atleet ondervind 'n blywende hunkering na finale bestendigheid, na absolute rus, na die diepste sekerheid. Die atleet vind dit tot op groot hoogte in die volwasse afrigter as voorbeeld van sekerheid en lewensvoortgang. *"Hoe groter hy word, hoe meer ontdek hy egter in dié voorbeeld self ook hunkering na sekerheid, en gryp hy algaande by die beeld van volwassenheid-as-geborgtheid wat voor hom*

staan verby na 'n Hoër mag, na 'n beeld van absolute sekerheid"
(Van Vuuren, 1976, p.106).

Daarom is die jong atleet tydens sy hoërskoolleef tyd baie vatbaar vir godsdienstige beïnvloeding. Hierdie vatbaarheid stel 'n hoë eis aan die hoërskoolatletiekafrigter, en die vraag ontstaan of hy die nodige Christelike lewens- en wêreldbeskouing besit om gesaghebbend steun te verleen in dié opsig (vide infra, p.71).

1.6 DIE GEVAAR VAN ENGE SPESIALISASIE IN ATLETIEK

Vir die afrigter is daar groot gevaar in enge spesialisasie. Die mees blywende en egte bekwaamheid vind ons nie by die eensydige oorbeklemtoning van die prestasiemens nie, maar in 'n deeglik gevormde en ontwikkelde karakter: die totaliteit van die mens. Juis in hierdie konsep is die ondergang van menige afrigters geleë. Prestasie word die hoofdoel, baie maal om sy eie beeld deur die atleet te bou, ten koste van die opvoedkundige implikasie (vide infra, p.23).

1.7 DIE AANSIEN EN BEKWAAMHEID VAN DIE AFRIGTER

Prestasie van die atleet bepaal die aansien en die bekwaamheid van die afrigter. Onvoorwaardelike sukses word dikwels geëis van atlete weens die strawwe wedywering tussen topafrigters - mislukking word bykans as 'n misdaad beskou. Oormatige motivering tot prestasie, word vir die jong atleet 'n "monster" wat blywende letsels tot gevolg het. Die negatiewe invloed van hierdie prestasiegeoriënteerde afrigter is voor-die-hand-liggend. In hierdie klimaat van prestasie-ten-alle-koste word eienskappe van 'n negatiewe aard ontwikkel, soos die sogenaamde "Primadonna"-gesindheid, oormatige sin vir die waarde, verwaandheid en egoïsme. Die geweldige verantwoordelikheid wat op die skouers van die atletiekafrigter rus, is voor-die-hand-liggend. Of ons atletiekafrigters tot dusver daarin geslaag het om afrigting as opvoedingsmedium aan te wend, is sterk te betwyfel.

"Daar word te veel klem op die fisieke prestasie gelê en die oppervlakkigheid wat by talle sportleiers aangetref word, veral op kampioenskapvlak, moet gewyt word aan die gebrek aan opvoedkundige oriëntering en leiding" (Botha, 1977, p.10).

2. DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK

2.1 DIE SPORTMENTALITEIT VAN DIE AFRIGTERS

Die atletiekafrigter moet as 'n ware jeugleier op die voorgrond tree en die atletiekambisie van die jeug wat totaal prestasiegerig is, heroriënteer tot die kweek van patriotiese jong burgers wat in 'n gees van samehorigheid en lotsgebondenheid die uitdaging van groter jeugweerbaarheid en groter produktiwiteit sal aanvaar.

"Sport sal sy betekenis kan toon wanneer die persoon op straat tot aktiewe deelname geaktiveer kan word, en dan wel op 'n pedagogiesverantwoordbare grondslag. Slegs wanneer sport kompetisie toelaat vir eer en waardigheid, en nie om materiële voordele nie, kan daar van edel sport gepraat word" (Botha, 1974, p.21). Hierdie ideale is nie moontlik by die afrigter-as-jeugleier nie, tensy hy die nypende behoefte ten opsigte van leierskap besef, asook die dringende noodsaaklikheid van die formulering van 'n pedagogies-gefundeerde sportideologie in die verhouding van atleet-en-afrigter-in-opvoeding (vide infra, p.59).

"Teaching sport requires a broad understanding of the complete pattern of growth and insight into the basic needs of human beings" (McEwan, 1980, p.1).

2.2 DIE INDELING VAN MODERNE SPORT IN TWEE KATEGORIEË

Scholtz verdeel moderne sport in twee kategorieë, naamlik topsport en rekreatiewe sport. In topsport is die prestasiestrewe en die intensiteit van kompetisie die sentrale motief. Rekreatiewe sport,

daarteenoor, is bedoel vir diegene wat die sport bedrywe om die intrieksieke belonings wat dit bied, die vreugde en die opwinding, die vriendskappe, die oorwinnings en prestasies wat gemaak en behaal word.

Volgens hom lê die verskil tussen die beklemtoning van prestasie en die felheid van kompetisie. In topsport is wen en prestasie die finale maatstaf vir sukses en satisfaksie, terwyl in rekreatiewe sport dit 'n prioriteit in laer orde is (vergelyk Scholtz, 1977, p.2.) Die algemene tendens van topsport is dat slegs die beste sportmanne op skoolvlak uitgesonder word en die res word aan hulle eie lot oorgelaat. Die opvoedkundige doelstellings wat deur rekreatiewe sport bereik kan word, is menigvuldig en hierin word die persoonlikheids- en karaktereienskappe van 'n jong atleet werklik bevorder.

2.3 DIE BELANGRIKHEID VAN ATLETIEKAFRIGTING AS OPVOEDINGSKRAG

Die doel van die studie is om die waarde van atletiek as sosio-pedagogiese ontwikkelingsverskynsel, asook die belangrikheid van atletiekafrigting as 'n potensiële opvoedingskrag, te bestudeer. Daar rus 'n geweldige verantwoordelikheid op die skouers van die atletiekafrigter in sy belangrike taak as jeugleier. In sy bekwame hanteer die groot verantwoordelikheid om die opvoedkundige taak met die atleet te volvoer en die kwaliteite wat in die afrigtingsituasie ontwikkel word, in sy eie persoonlike lewe oor te dra. Omdat die studie van die atletiekafrigter as jeugleier so nou verbonde is aan die pedagogies-didaktiese situasie, sal die sukses as leier deurgaans getoets word aan dié norme. Die belangrikheid van sport en meer spesifiek afrigting van atletiek, beklee 'n belangrike plek in die opvoedingsituasie en word as uitgangspunt gebruik (vide infra, p.30).

2.4 DIE BELANGRIKHEID VAN 'N DIDAKTIES-PEDAGOGIESE GRONDSLAG IN ATLETIEKAFRIGTING

"Die algemene didaktiek is 'n teorie wat hom besig hou met die terrein van die onderwys as 'n geheel. Die algemene didaktiek

bestudeer die hoogsgekompliseerde onderwysleersituasie, hoofsaaklik soos dit in die skoolsituasie bestaan. Die vertrekpunt van die algemene didaktiek is die leerling, die onderwyser en die leerstof. In sy breedste verband gesien is algemene didaktiek gemoeid met die breër beginsels waarvolgens 'n leerling deur 'n onderwyser bygestaan word op eersgenoemde se weg na volwassenheid" (Duminy, 1972, p.2).

In die onderhawige studie geld bogenoemde in 'n besondere mate ook vir die afrigter se werk met sy atlete.

In atletiekperspektief gesien het ons as vertrekpunt die afrigter, die atleet en die program. Die breër beginsel hier is die atleet, wat deur die afrigter bygestaan word in die proses tot volwassewording. Didaktiek, waar dit op die skool of afrigting van toepassing is, moet as 'n onderdeel van die pedagogiek of opvoedkunde beskou word. Die pedagogiese gebeure in die opvoeding dien as grondslag vir die didaktiese situasie. In en deur die didaktiese situasie op skool word die breër pedagogiese doelstellings ook verwesenlik (vergelyk Duminy, 1972, p.2). Algemene didaktiek hou hom besig met probleme wat grondliggend is aan die onderwys as 'n geheel. Dit handel oor die algemene onderwysprobleme soos leer, eksamens, die leerplan en hulpmiddels. Atletiekafrigting en die begeleiding van die jeug op dié terrein verg 'n uitgebreide kennis van die veld van die besondere didaktiek.

In die algemene sportafrigtingsituasie het ons te doen met probleme rakende programmering, aanleer van tegniek, toetsing van vaardighede, byeenkomste, hulpmiddels en kondisionering. Aan die ander kant het spesiale didaktiek betrekking op die onderwys van 'n spesiale vak, of die onderwys van 'n spesiale tipe skool, byvoorbeeld 'n kleuterskool of spesiale skool. Die term "*Spesiale didaktiek*" dui egter gewoonlik op die didaktiek van die verskillende skoolvakke, dus hoe die algemene didaktiese beginsels toegepas kan word in die

onderwys van afsonderlike vakke (vergelyk Duminy, 1972, p.5).

Waar spesiale didaktiek met afsonderlike skoolvakke gemeid is, kan ons hier 'n noue korrelasie kry deur 'n breër sportverband, die algemene didaktiese beginsels spesifiek op die atletieksituasie van toepassing te maak. In die atletiekafrigtingspatroon het ons verskillende items met verskillende vaardighede byvoorbeeld, Gewigstoot, Skyfwerp, Hoogspring, Verspring, Paalspring, Naellope, Hekkies en Middelaafstande. Die toepassingsveld van die besondere didaktiek behels die metodiek van aanleer van die verskillende vaardighede aan die atlete. 'n Basiese program behoort die volgende komponente in te sluit: Die ontwikkeling van basiese krag deur 'n program van gewigte-oefeninge; funksionele krag deur 'n program van spronge, bulte hardloop en teen weerstand hardloop; kardia= vaskulêre vermoë deur oordistansie aktiwiteite byvoorbeeld, vier kilometer hardloop, 400-, 500-, 600- en 800-meter herhalings= lope; basiese spoed deur kwalitatiewe tempolope byvoorbeeld, 16x50-meter, maksimale intensiteit; tegniekontwikkeling is item= gerig en sal die spesifieke item se vaardighede behels wat op 'n deskundige wyse aan die atlete oorgedra moet word. Dit is juis op hierdie terrein waar die wetenskaplike afrigter homself kan onderskei as 'n kenner op sy vakgebied.

"Pedagogiek is die wetenskap van die opvoedingswerklikheid en daarom sal noodwendig aandag geskenk moet word aan die plekke waar die opvoedingswerklikheid aan te tref is, en ook duidelikheid verkry aangaande die status wat hierdie plekke het vir die peda= gogiese werkwyse of denke. Daar moet 'n sinvolle samehang bestaan tussen metodologie en pedagogiek, anders sou daar geen pedagogiek wees nie" (Landman, 1969, p.1).

In hierdie studie gaan ons van die volgende veronderstelling uit: Slegs die afrigter wat 'n deskundige opvoeder is, kan aanspraak maak op volle professionele status binne die skoolopset.

3. DIE METODE VAN ONDERSOEK

Atletiekdeelname en atletiekafrigting beklee in Suid-Afrika en dwarsoor die wêreld 'n baie prominente plek in sporthiërargie. Die rede hiervoor is dat wêreldrekords, Afrika-rekords en Suid-Afrikaanse rekords jaarliks verbeter word deur "*Superliga*"-atlete wat deur topafrigters se hooggespesialiseerde oefenprogramme ontwikkel word. Met hierdie faktore inaggenome word eerstens die atletiekafrigter se rol in jeugleiding bespreek, asook die waarde van atletiek vir die atleet-in-opvoeding.

Die didaktiese beginsels in afrigting beklee 'n belangrike plek in die bespreking, veral ten opsigte van die opvoedingsituasie-in-afrigting. Nou verbonde hieraan gaan 'n diepgaande studie gemaak word van pedagogiek as wetenskap van die opvoedingswerklikheid, en as sodanig, van die afrigtingswerklikheid asook van die onderwyser as deskundige afrigter.

Vervolgens word die atletiekafrigter as jeugleier bespreek ten opsigte van lewens- en wêreldbeskouing, persoonlike eienskappe, vereistes, gesindheid, en so meer, wat benodig word om as gesaghebbende opvoeder van die-kind-in-opvoeding op te tree.

Die atletiekafrigter as jeugleier word vervolgens getoets volgens didaktiese beginsels in sy toepassing van 'n praktiese onderrigstelsel op skool en veral hoe die metodes met die opvoedingsituasie en afrigtingspraktyk verband hou.

Die insameling van Empiriese gegewens deur middel van vraelyste aan 'n aantal afrigters vir verwerking en ontleding, behoort 'n goeie basis te vorm van die huidige situasie ten opsigte van die afrigter-atleet-in-opvoeding in Suid-Afrika.

of h prestasiemasjien. Tog mag die prestasi liggaamsbeweging nie geïgnoreer word nie, om vermoëns en perke moet leer ken en aldus tot selfbeoordeling kom. Die wil om te presteer dit moet steeds in gesonde perspektief gepla aan bewegingservaring en vreugdebeleving ond (Botha, 1974, p.46).

1.2 TOPSPORT OF ATLETIEK VIR ONTSPANNING EN GENO

In sy benadering tot die atleet-in-opvoeding dat die atletiekafrigter die doel van die af baie deeglik en duidelik moet formuleer vir beoefening van atletiek vir ontspanning en g prioriteit is dat die jong atleet die afrigt geniet en bevrediging moet put uit sportbeoe

Volgens Bergman en Van der Ploeg (1976, p.15) sport vir jong atlete plaasvind om die genot ontspanning en om die gesonde kontak tussen c verdeel sport in twee kategorieë: Die sportr deelneem met die doel om te wen, en die groep gesellige samesyn en die plesier en bevredigi

Vir die doel van die studie wil ons toesien c balans gehandhaaf word tussen die twee kompor

1.3 DIE DOEL MET ATLETIEKAFRIGTING

In die doelwitbepaling van die afrigter wil h Olimpiese ideaal, soos geformuleer deur Baron weergee, om as barometer te dien in die prior sportdeelname.

Bevindinge en gevolgtrekkings, asook die pedagogies-didaktiese fundering van die atletiekafrigter as jeugleier behoort fundamenteelbepalend te wees vir 'n opvoedkundige benaderingswyse in atletiekafrigting, veral betreffende die prioriteitsposisie van die afrigter as begeleier van die opvoeding en die praktiese vergestaltung daarvan in atletiekafrigting.

H O O F S T U K 1

DIE ATLETIEKAFRIGTER EN ATLETIEKAFRIGTING SE ROL IN JEUGLEIDING

1. DOELSTELLING

1.1 HUIDIGE TENDENSE WAT DIE DOELWITBEPALING VAN ATLETIEK=AFRIGTERS BEÏNVLOED

Dwarsdeur die wêreld en selfs in Suid-Afrika, word sportafrigting op 'n professionele basis beoefen. Die primêre doelstelling van die afrigter is om die menslike liggaam tot sy maksimum atletiek=prestasie te voer. *"Die oorspronklike olimpiese gedagte van aangename mededinging tussen die volkere van die wêreld het helaas plek gemaak vir 'n gespanne gees met oorwinning as einddoel"* (Botha, Potgieter, 1965, p.1).

Die *"prestige"*-waarde verbonde aan oorwinning in sport het 'n magtige stroming geword wat die afrigter, in sy doelwitbepaling radikaal beïnvloed het. Op internasionale gebied het sport algaande 'n wêreldmag geword. Die Olimpiese Spele het 'n uitstal=venster geword van die potensieële krag van 'n land, 'n magtige propagandamiddel om die geslaagdheid van 'n stelsel of ideologie na buite te adverteer. Binne landsgrense word hierdie *"magstryd"* voortgesit tussen provinsiale sportspanne, klubs, universiteite en skole. Ongelukkig het die klem op prestasiesport 'n duidelike stempel op skoolsport afgedruk met die newe-effekte wat daarmee gepaard gaan (vergelyk Edwards, 1973, p.13).

Deurgaans rus die verantwoordelikheid op die skouers van die sportafrigter wat met sy tegniese kennis en vaardigheid die sportmanne se potensiaal maksimaal moet ontwikkel om sodoende sy doelwitte te verwesenlik en heel dikwels daardeur opvoedkundige norme oorboord te gooi.

"Die prestasieingesteldheid kan die speelgees in sport sodanig verdring dat die deelnemer gedegradeer word tot 'n sportarbeider"

"The important thing in the Olympic Games is not to win, but to take part. The important thing in life is not the triumph but the struggle. The essential thing is not to have conquered, but to have fought well. To spread these precepts is to build up a stronger and more valiant and above all, more scrupulous and more generous humanity" (Webster, 1938, p.6).

Die taak van die atletiekafrigter om tegnieke en vaardighede te ontwikkel vir sinvolle deelname is belangrik, maar die doelwit om die jong atleet voor te berei tot volwassenheid en ook as lid van die gemeenskapslewe bly die primêre beginsel in die afrigtingssisteem.

1.4 DIE GEVAAR VAN "PRESTASIE" AS DIE BELANGRIKSTE DOELSTELLING

In hierdie hele konsep van "*prestasie-as-belangrikste-doelstelling*", in sportafrigting, die internasionale belangrikheid van sukses as enigste norm waarvolgens die afrigtingsisteem gemeet word, staan die atletiekafrigter in sy taak as opvoeder van die jeug. Wat is die einddoel van die afrigter met die atleet? Moet die prestasie in atletiek 'n allesoorheersende ideaal word om sodoende die ego van die afrigter te streel en vir hom 'n status in die atletiekwêreld te verseker? Is dit nie wat die samelewing, pers, universiteit, skole en klubowerhede van hom verwag nie? 'n Onsuksesvolle afrigter het tog geen bestaanreg in die atletiekgemeenskap nie! Dan word die doel prestasie en die verhewe doelstelling gaan verlore.

Om hierdie ingewikkelde vraag te beantwoord moet die atletiekafrigter ernstig besin oor die belangrikheid van die hele afrigtingstaak wat aan hom oorgedra word. *"The aims and objectives of instruction have to be justified from an educational point of view. In the first case, the specific task of sport instruction in the development of motor skills; however, the aim should not be to specialize, but rather to enable young people to realize*

wellbeing, happiness and creativity in their lives" (Haag, Nelson, Morehouse, 1972, p.225).

1.5 DIE RELIGIEUSE DOEL MET ATLETIEKAFRIGTING

Die afrigter moet besef dat atletiek as sportaktiwiteit 'n volwaardige plek in die opvoedingsprogram beklee, en behoort dus mee te werk tot bereiking van die uiteindelijke verhewe doelstelling van die opvoeding, naamlik om die opvoedeling te leer om die talente, wat nie aan hom behoort nie, maar van Bo ontvang is, te ontwikkel en uit te bou tot eer van God. Die direkte doelstelling wat die afrigter dus moet nastreef, is om die atleet in daardie toestand van geskiktheid te bring, wat diens aan God en die maatskappy moontlik maak. So kan atletiekafrigting teosentries word in teenstelling met 'n selfsugtig-antroposentriese benadering (vide infra, p.71).

Die afrigter se hantering en gesindheid teenoor atletiek as opvoedingsmiddel, met ander woorde, sy lewensbeskouing, bring die nodige houvas en werklike kontak met die opvoedeling of atleet. Daar moet van die afrigter 'n innerlike krag en geloofsvertroue in sy afrigting en opvoedingstaak uitstraal. Die einddoel verskuif van die prestasie-ingesteldheid na die ontsluiting, ontwikkeling en gebruik van die talente tot Sy eer.

Die feit word beklemtoon dat dit in die opvoeding nie gaan om die saligheid van die mens nie maar alles gaan alleen om die eer van die Skepper en die uitlewing van die Christelike beginsels oral waar die mens hom bevind (vergelyk Fleischmann, 1962, p.27).

Alleenlik 'n besielde afrigter kan werklik sy atlete besiel deur in elke oefensessie, sy tegniese vaardighede geesdriftig en met oortuiging aan te bied, asook die uitlewing van sy uiteindelijke doel van nastrewing tot beter kennis van opregte diens aan en dieper liefde tot God.

1.6 DIE TOTALITEITSDOELWIT

In pedagogies-didaktiese verband moet die afrigter-in-opvoeding altyd onthou dat die jong atleet altyd as volle mens in totaliteit benader moet word.

Watter eienskappe word in die somtotaal van die hele afrigter-atleet-verhouding ontwikkel wat oordraagbaar is in die algemene lewe van die jongmens as nuttige en bruikbare burger van die land?

"Niet de technische sportprestatie wordt van doorslaggevend belang geacht, maar de wijze waarop en de mentaliteit waaruit deze tot stand komt. Archaïsmen leven hierin voort"
(Miermans, 1959, p.15).

Die afrigter wat hierdie opvoedkundige doelstelling ignoreer, is besig om die afrigtingsproses te vervlak en onberekenbare skade aan te rig aan die opvoeding wat aan hom toevertrou word.

Te alle tye moet die atletiekafrigter as jeugleier besef dat die huis en omgewing waarin die atleet hom bevind 'n deurslaggewende invloed uitoefen op die atleet se persoonlikheid. Die atletiek-afrigtingsituasie, die opvoeding tuis en die skoolsituasie moet sover moontlik 'n eenheid vorm. Daar moet met ander woorde 'n sinvolle integrasie plaasvind tussen alle fasette wat inwerk op die atleet-in-opvoeding.

1.7 DIE WERKLIKE DOEL MET ATLETIEKAFRIGTING

Die werklike doel met atletiekafrigting vir die jeug behoort meer te sentreer om die idee van "*Atletiek-opvoeding*" in plaas van die gedagte van "*Atletiek-afrigting*" (vide infra, p.128)

Die afrigter wat hom ten doel stel afrigting van atlete met slegs 'n prestasie-georiënteerde inslag, wat homself net bewapen met

tegniese kennis om sodoende kampioene te kweek, is besig om verarming en verenging in die persoonlikheidsontwikkeling van die jong atleet te bewerkstellig, wat uiteindelik gaan lei tot frustrasie en wanaanpassing in die samelewing.

"Teaching sport implies an educational approach and is as much concerned with attitudes, behaviour and values as it is with the acquisition of sport skills. It has its goal the integrated citizen" (McEwan, 1980, p.3).

Die afrigter wat hom ten doel stel die opvoeding van atlete in afrigting is 'n ware jeugleier wat besef dat atletiek as vormingsmiddel in die kinderopvoeding 'n belangrike rol moet speel om die kind se potensiaal optimaal te ontwikkel, binne die atletiek-situasie. Hy moet genoegsame deelname en geleenthede skep vir almal as voorbereiding vir die lewe en afrigting beskou as 'n integrale deel van die opvoedingsproses in die onderwys (vide infra, p.66).

"Sport at school is also regarded as part of the educational programme, not only because it promotes physical fitness and fellowship, but also because it encourages the development of selfcontrol, co-operation, loyalty, unselfishness, determination, leadership and other character building qualities" (McEwan, 1980, p.7).

Die O.V.S.-sportleerplan in Liggaamlike Opvoeding maak voorsiening vir die ontwikkeling van liggaamlike fiksheid deur komponente soos funksionele krag, soepelheid, uithou vermoë en koördinasie te ontwikkel. Wat die atletiekvaardighede betref, is die doelstelling slegs die bekendstelling van die basiese tegnieke wat by die verskillende items benodig word. Geen intensiewe afrigting word tydens Liggaamlike Opvoedingperiodes beoog nie. (Branders, P.K., persoonlike onderhoud).

Die Liggaamlike Opvoedingonderwyser(es) is in 'n ideale posisie om as juggleier op te tree, mits die korrekte dissipline en benadering toegepas word. Die opvoedkundige doelstelling behoort by hom/haar ook hoë prioriteit te geniet om tydens die nie-eksamenvak persoonlikheidseienskappe soos spangees, deursettingsvermoë, en ander, te ontwikkel.

2. DIE WAARDE VAN ATLETIEK AS LIGGAAMSAKTIVITEIT

2.1 DIE BELANGRIKHEID VAN FISIEKE FIKSHEID IN ATLETIEKAFRIGTING

Die taak van die afrigter is tot 'n groot mate gesetel in die oriëntasie van die atleet ten opsigte van sy eie liggaamlike betrokkenheid in die sportsituasie. As sport is atletiek by uitnemendheid 'n middel om die opvoedeling in sy ontwikkeling na 'n totaliteitswese, 'n groot mate van fisieke fiksheid te laat bekom. Die belangrikheid van fisieke fiksheid as een van die primêre doelstellings van sport moet nie onderskat word nie (vide infra, p.58).

Deelname en algemene kondisionering, wat inherente komponente is van 'n goedbeplande atletiekprogram, vorm die basis van prestasie in atletiek. Aktiwiteit stimuleer die liggaamsfunksie van die sogenaamde grootspiergroepe en liggaamsorganismes tot meer effektiewe werking en gevolglik meer doeltreffende arbeidsvermoë.

"Beweging beteken groeiprikkeling en die spierarbeid wat hierdie beweging teweegbring, stimuleer die liggaamsorgane tot optimum werking. Deur die bewegingsmeganisme word die metabolisme geprikkel, maar sonder spierarbeid atrofieer die organe. Met gebruik versterk die organe en word die prestasievermoë van die liggaam verbeter, maar, met onbruik verswak die liggaam met 'n gevolglike agteruitgang van die prestasievermoë" (Botha, 1971, p.31).

Die afrigter moet deeglik besef dat geen ware en goed-gefundeerde atletiekprogram suksesvol toegepas kan word sonder die belangrike vereiste van fisieke fiksheid nie. *"This means a large part of the aim of sport instruction is the conditioning of the body, strength, endurance, speed, flexibility, and dexterity have to be practised"* (Haag, Nelson en Morehouse, 1972, p.205).

2.2 DIE WAARDE VAN ATLETIEKAFRIGTING AS LIGGAAMSAKTIVITEIT

Die waarde van atletiek in die ontwikkeling van fisieke fiksheid van die jeug moet gesoek word in *"die stimulering van die groei=proses, die toename in respiratoriese aktiwiteit, die bevordering van bloedsirkulasie, versterking van die hart, beter sprysvertering, algemene strukturele versterking en doeltreffender spier- en senuweebeheer"* (Botha, 1971, p.31).

Rijsdorp (1973, p.50) sien atletiek as 'n waardevolle middel om die menslike liggaam te ontwikkel. *"De gehele lichaamshuishouding komt en door onder gunstiger condities. De sport activeert de werking der organen, zodat hun werking groter word dan tevoren."*

In 'n tydsgewrig waar die klem meer val op passiewe vermaak, 'n gemaklike lewenswyse sonder fisieke inspanning, vorm atletiek deelname as kragtige liggaamlike aktiwiteit 'n bruikbare teenwig. Die afrigter bied die jong atleet die unieke geleentheid tot die ontwikkeling van liggaamlike vitaliteit as 'n belangrike komponent in die opvoedingsproses na 'n bruikbare totaliteitsmens wat in die gemeenskap tot groter nut kan wees: 'n liggaamlike teenprestasie teen fisieke verarming en afname in arbeidsproduktiwiteit.

"Man is much better fitted to thrive in an environment which calls for constant physical activity than in one that requires mental concentration and stress accompanied by physical inactivity" (Nixon en Cozens, 1941, p.13).

Daar was 'n periode in die geskiedenis waar groot spiere en krag alleenlik die norm was van fisiese fiksheid. Vandag val die klem grootliks op die ontwikkeling van die kardiovaskulêre vermoë van die mens, met ander woorde, die hart-long-ontwikkeling (vergelyk Millman, 1979, p.73).

Dit is juis in hierdie aspek waar atletiekafrigting as liggaams=aktiwiteit 'n groot bydrae kan lewer, aangesien alle baanitems 'n basis van kardiovaskulêre vermoëns vereis (vide infra, p.58).

2.3 MASSADEELNAME AS DOELWIT VAN ATLETIEKAFRIGTING EN AS LIGGAAMS=AKTIWITEIT

Om die doelstelling te verwesenlik van 'n fisiek fikse gemeenskap, moet die sportleier hom beywer om soveel moontlik skoliere of studente te betrek by aktiewe deelname aan sport. Waar atletiek by uitnemendheid hom leen tot massadeelname het die afrigter 'n groot taak om deur sy voorbeeld en interessante aanbieding van die oefenprogram, die toeskouer te prikkel tot deelname. (vide infra, p.132).

"Anyone who has experienced the feeling of well-being which invariably follows successful participation in enjoyable activity, will have discovered a priceless ingredient of mental and physical health" (McEwan, 1980, p.4).

3. DIE WAARDE VAN ATLETIEK AS ONTSPANNINGSMIDDEL EN REKREASIE EN AS KOMPONENT VAN VRYETYDSBESTEDING

3.1 DIE BELANGRIKHEID VAN ATLETIEK AS VORM VAN VRYETYDSBESTEDING

Sewentig jaar gelede het ons in die gemeenskap 'n werksweek gehad van sewentig uur en gevolglik was daar baie min tyd vir vryetyds=besteding en ontspanning.

Geleidelik het die werksweek korter geword tot die huidige veertig uur, wat 'n sosiale probleem skep met betrekking tot die

besteding van vryetyd. Studente en skoliere het nog meer tot hul beskikking, wat kan lei tot onproduktiewe aktiwiteite wat beoefen word en selfs ledigheid en verveling tot gevolg het.

Die atletiekafrigter kan op hierdie terrein 'n aansienlike bydrae lewer omdat sport die uitnemendste vorm van rekreasie verteenwoordig.

"Dit is 'n potensieële opvoedingskrag, waarvan die betekenis nie onderskat moet word nie; hierdie betekenis is besig om aan sportopvoeding as vakrigting gestalte te gee" (Botha, 1971, p.43; vergelyk ook Alderman, 1974, p.146; Rijsdorp, 1973, p.126).

Atletiekdeelname verteenwoordig 'n vorm van vryetydsbesteding wat in verband staan met sport en spele en ander grootspierbedrywighede. Voorts vorm atletiek 'n geïntegreerde vertakking van die algemene Opvoedkunde en staan wesenlik in verband met spel, sport, rekreasie en ontspanning. Hieruit kan afgelei word dat atletiek as vryetydsbesteding te make het met instruksie en inoefening van die jong atleet ter bereiking van 'n volwaardige lewe (vergeelyk Miller en Robinson, 1963, p.7; Charlesworth, 1964, p.21).

Bergman en Van der Ploeg (1976, p.16) sien atletiek as vryetydsbesteding en as 'n spontane en ontspannende aktiwiteit, wat buite die veld van gespesialiseerde sport lê, en aan al die behoeftes van die jong-sportman voorsien, en boonop nog persoonlikheidsontwikkeling tot gevolg het.

3.2 DIE ROL VAN DIE ATLETIEKAFRIGTER IN ATLETIEK-AS-ONTSPANNINGSMIDDEL

In ons benadering tot atletiek-as-ontspanningsmiddel speel die afrigter as jeugleier 'n baie prominente rol om massagewys die jeug aan te spoor tot deelname. Aangesien die "*prestasie-prikkel*" in hierdie verband minder en die "*geniet-moment*" die oorwegende faktor is waarmee die afrigter moet rekening hou, is dit noodsaaklik dat met die implementering van die program spel 'n prominente rol moet speel, want dit is die lewensnoodsaaklike vorm van selfuiting by die kind.

Dan sodra die jeugdige betrokke raak by atletiek, kan die atletiekafrigter begin met sy opvoedingstaak naamlik die uitbou van 'n positiewe karakter; en die vorming van 'n gebalanseerde persoonlikheid.

Volgens De Keyser moet die betekenis van die afrigter gesien word "*in die totale opvoeding van die kind tot volwaardige volwassene.*" In die beoefening van atletiek-as-ontspanningsmiddel moet fisiese, verstandelike, sosiale en morele kwaliteite gekweek word "*voor die vorming van den kompletten mens*" (De Keyser, 1939, p.552).

Die persoonlikheidseienskap van bevrediging uit aktiwiteite, kan by uitnemendheid op hierdie wyse verkry word. Deur die hele groep in kleiner kompeterende groepe te verdeel wat onderling wedywer, kan die element van kompetisie, in die klein, 'n waardevolle prikkelskep. Die atletiekafrigter moet altyd die belangrike beginsel in gedagte hou dat tagtig persent van die deelnemerstal aan sport deelneem vir ontspanning en nie met die doel om 'n kampioen te word nie.

Die ontwikkeling van fisieke fiksheid bly nog steeds 'n hoë prioriteit in die afrigter se implementering van die oefenprogram van atletiek as ontspanningsaktiwiteit. Die hoofdoel bly nog steeds om die massas liggaamlik te ontwikkel as 'n teenwig teen geestelike en fisiese agteruitgang (vide supra, p.19).

"Leisure must be seen as the opportunity to do something satisfying and creative. Sport might be creative, but it can always be satisfying and expressive" (McEwan, 1980, p.5).

3.3 BEVREDIGING UIT ATLETIEK AS VRYETYDSBESTEDING

Die waarde van atletiek as vryetydsbesteding is geleë in die bevrediging van die jong atleet se behoefte aan beweging en 'n hunkering om terug te keer na die natuur. 'n Vreugde en genoegdoening wat hy daaruit put om sy individualiteit toe te pas in 'n vrygekose sportdissipline en prestasie daarin te kan betaal. Die atleet ondervind 'n pragtige kameraadskap in sy gemeenskaplike atletieklewe, waarin 'n vorm van regverdigheid ontwikkel wat 'n bindende faktor tussen mense geword het. Die frustrasies wat in die daaglikse skoolsituasie ontwikkel, kan deur sinvolle atletiekdeelname geneutraliseer word.

Die oordragbare waarde van die vreugdemoment op die gewone daaglikse beroeps- of skolastiese situasie is enorm. Die opvoeding wat genoegdoening en satisfaksie put uit sy sport-as-vryetydsbesteding is 'n gelukkige mens wat met oorgawe sy dagtake verrig.

Pietersen (1961, p.69) beklemtoon die "*vreugdemoment*" in sportdeelname. As die sportman nie die deelname en oefening geniet nie dan gaan die ware doel van sportdeelname verlore.

4. SPORTMANSKAP EN ETIESE NORME

4.1 BEGRIPSVERKLARING VAN ETIEK IN ATLETIEKAFRIGTING

Atletiek-opvoeding het 'n dinamiese kwaliteit wat positief die jong atleet se persoonlikheidseienskappe kan ontwikkel. 'n Opvoedkundige atletiek-oefenprogram vorm die basis vir die ontwikkeling van positiewe gesindhede en gedragspatrone. In die proses van ontwikkeling van die jong atleet bly ware sportmanskap en goeie gedrag die hoogste prioriteite in die sosiale verhoudinge binne die oefenprogram en in die gemeenskap.

Een van die belangrikste norme waaraan 'n ware sportman getoets word, is die sportmanskap wat hy openbaar teenoor sy teenstanders,

sy mededeelnemers, asook teenoor die sport wat hy beoefen. Ware sportmanskap impliseer 'n eerbare spelwyse en eerbare spel verg betroubaarheid, moed, deursettingsvermoë, selfbeheer, selfrespek, wedersydse agting, hoflikheid en regverdigheid (vergelyk Keating, 1964, p.26; Diem, 1960, p.9; Rijsdorp, 1973, p.98).

Vir die atletiekafrigter gaan dit hier oor die kweek van morele gewoontes wat die jong atleet as 'n "ware" sportman sal laat kwalifiseer. 'n Verantwoordelike afrigter en leier gaan hierdie kwaliteit alleenlik oordra mits sy doelwitbepaling pedagogies-didakties reg gefundeer is (vide infra, p.44).

Haag, Nelson en Morehouse (1972, p.200) gee toe dat topsport baie deursettingsvermoë, wilskrag, moet en konsentrasie verg, maar dit is ook 'n ideale kweekakker van pragtige persoonlikheidseienskappe en karakterontsluiting.

4.2 DIE GEVAAR VAN OORBEEKLEMTONING VAN PRESTASIE

Die oorbeklemtoring van die prestasiedoelwit gaan beslis 'n negatiewe invloed uitoefen, want in 'n gees van "wen ten alle koste" kan daar nie sprake wees van sportmanskap nie (vide supra, p.2).

Volgens McEwan (1980, p.7) *"Keep a sense of proportion. Remember it is only a game and not a war. It is not a tragedy to lose. Rather have an enjoyable game than 'win at all costs'. We would rather be 'nice guys' even if this may mean losing a match."*

Die beginpunt van die oorwinningsgedagte as 'n allesoorheersende doelwit is gewoonlik gesetel by die sportleier om persoonlike uitlewering van sy ideale en ambisies. Vir so 'n afrigter bestaan daar geen etiese kodes nie, die koersagtige gejaag na rekords oorheers geheel en al die opvoedkundige implikasies en die ware

oogmerke van sportmanskap, wat só belangrik is vir die jong atleet, raak verlore.

"Hiermee gaan gepaard 'n proses van depersoonliking deur onderdrukkings van vryheid en moeilike voorskrifte sodat die mens wat die sport beoefen, dan gedegradeer word tot 'n middel om die sport te laat plaasvind" (Fleischmann, 1962, p.27).

Die opvoedingsideaal wat die afrigter met sy atlete nastreef gaan geheel en al verlore omdat die fokus alleenlik val op die klein groepie topatlete wat deur intensiewe oefening gedryf word tot op kampioenskapsvlak. Die wonderlike geleentheid om betrokke te raak by die atletiekopvoedingsituasie gaan verlore vir die meerderheid deelnemers en slegs 'n klein groepie "uitverkorenes" deel in die vreugde van die sportsituasie. *"Wanneer oorwinning die allesoorheersende faktor word vind daar 'n devaluering van die sportaktiwiteit plaas, ten koste van die veredeling van karakter (Sportinflasie)"* (Botha, 1977, p.13; vergelyk ook Pietersen, 1961, p.94).

Die uitwerking van so 'n prestasiebehepte stelsel is nadelig vir die jong atleet. Aanvanklik is dit vir hom 'n wonderlike ervaring om die held van die situasie te wees en deur die gemeenskap op die hande gedra te word. Wanneer daar 'n afplating intree ten opsigte van topprestasie, kan dit lei tot onsportiewe gedrag en vereensaming as gevolg van 'n te groot mate van egosentrisiteit wat ontwikkel het in die "glorietydperk" van sy loopbaan (vergeelyk Van Raalte, 1957, p.75).

"Dit is die allesoorheersende verantwoordelikheid van elke sportleier om toe te sien dat deelname aan sport nooit ten koste van intellektuele en opvoedkundige vorming mag geskied nie. Slegs wanneer atletiek positief bydra tot hierdie omvattende vorming en geestelike verryking kan dit as opvoedingsmedium erken word" (Botha, 1977, p.16; vergelyk ook McIntosh, 1963, p.54).

4.3 DIE OPVOEDKUNDIGE BENADERING VAN DIE AFRIGTER TOT DIE AFRIGTINGSITUASIE

Die waarde van 'n opvoedkundige benadering by die atletiek= afrigter-jeugleier is gesetel in die begrip "*Sportopvoeding*". Die ontwikkeling van lewenswaardes, gesindhede en gedragspatrone sowel as die ontwikkeling van sportvaardighede vorm die riglyne van sodanige atletiekafrigter se suksesverhaal, In so 'n atletiek= onderrigstelsel sal die afrigter nie alleen sukses behaal in die prestasie van atlete nie maar hy sal in staat wees om 'n langtermyn, blywende effek te hê op die waardepatroon en gedrag van die individue binne sy oefengroep (vide infra, p.66).

"Only the specialist, can provide sport instruction that satisfies the pedagogical, practical, and theoretical aspects of sports" (Haag, Nelson en Morehouse, 1972, p.211).

5. DIE SOSIALE EN KULTURELE WAARDE VAN SPORT (ATLETIEK)

5.1 KULTUUR AS TOTALITEITSBEGRIIP

Volgens Breedt kan kultuur beskou word as "*die totaliteit van die handeling wat voortspruit uit en gestaltegewend is van die mens se bewuste tradisionele betekenisvolle materiële, asook geestelike aktiwiteite en opvattinge, soos dit in 'n bepaalde volks= gemeenskap gerig word volgens die waarderingsbeeld van die mens en gemeenskap wat daarin gehandhaaf word. Daarvolgens vorm kultuur 'n ingewefde, onafskeidbare deel van die mens se verhouding met sy response op die openbaring van God se gees en inspirasie. As sodanig is kultuur die gemeenskaplike besit van 'n volk en die uitinge van 'n besondere nasieskap soos dit die menslike bestaan belewe en verwerk ooreenkomstig bepaalde lewenswaardes: Sodoende vorm kultuur die innerlike en uiterlike lewensgestalte van 'n volk"* (Breedt, 1967, p.48 soos aangehaal in Botha, 1978, p.33).

Die afrigter in atletiek het hier te doen met 'n totaliteits= begrip wat baie nou saamhang met die pedagogies-didaktiese beginsels in die opvoedingsproses. Sport en meer spesifiek atletiekafrigting, lewer 'n bydrae in die ontwikkeling van fisieke fiksheid en gevolglik in die ontwikkeling van 'n sosiaal meer doeltreffende mens.

Die atleet moet tydens oefensessies opgevoed word hoe 'n mens in die gemeenskap moet optree, ooreenkomstig die standaarde van hul maatskappy; vryetydsbesteding en rekreasie is kulturele begrippe wat algemene elemente is in die gedragswyses van individuele atlete van alle gemeenskappe.

5.2 BEVORDERING VAN GEDRAGSWYSE VAN DEELNEMERS

Sport-as-rekreasie en as vryetydsbesteding is kulturele begrippe wat deur alle mense binne 'n gemeenskap beoefen word en veral in die totale ontwikkeling van die atleet-in-opvoeding, 'n belangrike rol vertolk. Wat veral vir die afrigter van belang is, is die gedragswyse van deelnemers in die sport en spelsituasie. Deur die optrede en gedragswyse van deelnemers in dié verband te verbeter, word die inherente kultuuringesteldheid verhoog wat die inskakeling in die samelewing waarvan hy 'n deel is, baie vergemaklik.

"Deelname aan sport is 'n sosiale ervaring wat afspeel in 'n hoogsgemeganiseerde groepsituasie. Dit is 'n voortreflike voorbeeld van groepeervaring; onderwyl die speler deelneem, vind daar in hom 'n proses plaas, wat gekenmerk word deur sosiale en emosionele wisselwerking" (Botha, 1978, p.34).

5.3 VERWANTSKAP TUSSEN ATLETIEK EN KULTUUR

Die vraag ontstaan onwillekeurig, watter wisselwerking kan daar moontlik bestaan tussen atletiek en kultuur. Vir die afrigter is dit van besondere betekenis in sy opvoedingstaak, aangesien beide bydra tot verryking van die menslike erfenis.

"Sport heeft dan ook een volstrekt universele karakter, dat wie zeggen ze spreekt alle volkeren aan en kan zich boverdien bij iedere cultuur aanpassen" (Miermans, 1959, p.18).

Atletiekbeoefening is dus nie kultuur as sulks nie, maar vorm 'n belangrike komponent van kultuurontwikkeling. Die atletiek= afrigter sal beslis van sy afrigtingsituasie gebruik maak om kulturbewustheid by die atlete aan te wakker deur 'n trots in hul "eie" te ontwikkel byvoorbeeld spangees en trots op die atletiek=dag, klubkamer, wapen en so meer.

5.4 DIE SPEL-ELEMENT IN ATLETIEK AS FAKTOR IN KULTUURONTWIKKELING

Atletiek as vryetydsaktiwiteit, is seker die magtigste opvoedings= middel in die hande van die verantwoordelike sportleier, mits die spele-element altyd beklemtoon word as die prioriteitsbeginsel. Hierdeur word die jeug massagewys betrek tot deelname en die ware doelstelling van kultuurontwikkeling en sosialisering kom tot sy reg.

Die noodsaaklike vereiste by die spele-element-in-atletiek is dat die wedywering nie te straf moet wees nie. Die atlete moet dit geniet en satisfaksie daaruit put. Die groot taak van die atletiekafrigter-as-jeugleier is geleë in deeglike beplanning van die spelprogram om die spontane aktiwiteite van jong atlete aan te dui. In die proses moet vaardigheidsontwikkeling plaasvind (vergelyk Sapora en Mitchell, 1962, p.118). Die jong atleet se biologiese vermoë moet ontwikkel en vir die gemeenskap moet dit as 'n kulturele aksie dien. Die spel moet 'n vrye handeling wees binne die terrein van die estetiese (vergelyk Van Raalte, 1957, p.17; Miermans, 1959, p.63).

5.5 BEVORDERING VAN SOSIALE STATUS

Verskeie navorsers het gevind dat sukses in sport en sportvaardigheid aanvaarding in die groep bevorder en sodoende die sosiale status van die individu verhoog (Lawther, 1951, p.87-103).

Schendel (1965, p.52), Kroll en Peterson (1965, p.433) is almal eens dat die verhoogde sosiale status van deelnemers nie net aan die individu groter selfvertroue gee nie, maar dat dit ook lei tot posisies van leierskap en dominansie in die sosiale groep.

Deur die korrekte oefenprogram, met 'n duidelike opvoedkundige inslag, word die jong atlete gelei en ontwikkel tot welaangepaste mense wat doen en optree ooreenkomstig die standarde van hul maatskappy.

Van Loggerenberg en Jooste (1970, p.174) bestempel die jongmens tereg as 'n lid van 'n gesin, 'n groep, 'n gemeenskap en 'n volk. Hierdie belangrike beginsel moet nooit onderskat word deur die atletiekafrigter as jeugleier nie. Die deeglike voorbereiding van die atletegroep vir hul taak in die volwasse lewe is 'n integrale deel van die atletiekopvoeding.

5.6 ATLETIEKAFRIGTING AS SOSIAALVORMENDE KRAG

Die atletiekafrigter moet doelgerig poog om elke individu binne sy oefengroep te omvorm in 'n welaangepaste wese binne die groep waarin hy hom bevind. Dit is die taak van die afrigter om die negatiewe aspekte, wat in der waarheid 'n weerspieëling is van 'n deel van ons kultuur, sover moontlik uit te skakel. Dit is nie atletiekbeoefening as sulks wat die newe-effek veroorsaak nie, maar die doelwitbepaling van die afrigter en faktore wat ontstaan in 'n prestasiegerigte sisteem. Die probleem wat ons hier ondervind, is dat die afwykings wat op die sportveld voorkom, direk oordraagbaar is in die algemene leefwyse. Die teendeel is egter net so wesenlik, naamlik die afrigter vind in sy sportbeoefening waardes wat onbewustelik tekort skiet in die atleet se maatskaplike lewe.

Deur gebruik te maak van die atletiekafrigtingsituasie as 'n sosiaal-vormende krag, kan die afrigter sy grootste bydrae lewer deur 'n gebalanseerde persoonlikheid te ontwikkel wat gemaklik in die gemeenskap inskakel en 'n positiewe bydrae kan lewer.

"Die betekenis van die menslike vormgewing aan sport blyk die duidelikste wanneer die maatskaplike leiding sport hanteer as 'n sosiaal vormende krag 'n vormingsmiddel tot groepsbewussyn, maatskaplike inskakeling van positiewe waardesisteme. Hiervoor is nodig dat sport met 'n bepaalde geestesgesteldheid aangewend word" (Van der Merwe, 1964, p.29).

Sport moet met die tegnologiese woelinge van die twintigste eeu in 'n wêreld waain die individu deur die massa op haas elke terrein verswelg word, tred hou. Hier het dit 'n taak te vervul tot selfuiting en moet dit ook dien *"as uitdrukkingsmiddel in 'n maatskaplik-aanvaarde sin van die meer primitiewe kragte wat in 'n beskaafde gemeenskap noodgedwonge onderdruk word"* (Botha, 1978, p.36).

6. ATLETIEKAFRIGTING AS MIDDEL TOT SPORTOPVOEDING

6.1 PROBLEMATIEK VAN 'N DUALISTIESE MENSBEELD

Om die opvoedkundige implikasie te verstaan moet die vraagstuk van die verhouding tussen siel en liggaam begryp word. Verskeie navorsers verkondig die idee van 'n *"dualistiese mensbeskouing"*, met ander woorde 'n siening dat die mens nie as 'n eenheid moet gesien word nie, maar wel as twee aparte en selfstandige substansies, naamlik die siel en die liggaam (Heyns, 1974, p.11; vergelyk ook Sonnekus, 1968, p.56).

In teenstelling hiermee het Pestalozzi weer as hervormer van die opvoedingsstelsel, die ondeelbare eenheid van die mens beklemtoon.

Volgens hom moet hierdie ondeelbaarheid van die mens as die uitgangspunt van die opvoeding gesien word (Van der Tas, 1952, p.26).

Hier het ons te doen met een van die belangrikste beginsels in die atletiekafrigtingsisteen. Aangesien atletiekoefening en deelname meer 'n liggaamsaktiwiteit is, is die meeste afrigters geneig om slegs te konsentreer op die liggaamlike ontwikkeling van die atlete. Vaardighede soos uithouvermoë, krag, spoed, soepelheid en lenigheid word oorbeklemtoon ten koste van opvoedkundige kwaliteite wat die persoonlikheidsontwikkeling van die atleet behels (vide supra, p.6).

6.2 DIE MENS AS EENHEIDSWESE

Die mens is na die beeld van God geskape en alleen God kan die mens tot selfkennis lei. Die mens is 'n eenheid, 'n skepsel in wie die volle aspekte verskeidenheid van die tydelike skeppingsorde gekonsentreer is (Dooyeweerd, 1969, p.17).

Op gesag van die Heilige Skrif word dus aanvaar dat die mens 'n unieke en geïntegreerde eenheid is, wat in sy persoonlikheidsgestalte, nie verdeelbaar is nie en as sulks moet die opvoedende afrigting in atletiek deeglik rekening hou met die onverdeelbaarheid van die atleet-in-opvoeding (vergelyk Nel, 1980, p.120).

6.3 OPVOEDKUNDIGE WAARDE VAN ATLETIEK

Sport, as 'n deel van die lewenspatroon van die mens, leen hom in 'n groot mate tot die opvoedkundige vorming van die jeug. Die begrip "*sport opvoeding*" vorm die basis van die afrigter se afrigtingspatroon, met ander woorde, die oriëntering van die jeug in 'n wêreld van grootskaalse sportverwikkeling. Sport is 'n integrale deel van die opvoedingsproses wat net soos kuns en wetenskap 'n essensiële komponent vorm van die algemene lewe van die jongmens (Botha, 1974, p.10; vide supra, p.6).

"The training of character and willpower forms part of the overall education in behaviour of sportmen. Character is the sum of the chief psychological qualities of an individual which set their mark on all his actions and the general conduct" (Schmolinsky, 1978, p.33).

Die afrigter moet poog om die atleet te laat ontwikkel tot iemand wat sy plek as 'n nuttige burger in 'n samelewing sal volstaan en deur die atletiekprogram moet die persoonlikheidseienskappe positief ontwikkel word.

"The effort must be made to develop a number of important qualities of will-power among the athletes, such as persistence, activity, determination, courage, competitive spirit, self-reliance and self-control" (Schmolinsky, 1978, p.33).

Verskeie kenners het ook deur navorsing bewys dat deelname aan sport beslis 'n positiewe invloed uitoefen op deelnemers se persoonlikheidontwikkeling, soos in die volgende afdeling aangetoon (vergelyk Cooper, 1969, p.19; Hunt, 1969, p.704; Behrman, 1967, p.163; Booth, 1958, p.127).

6.4 DIE ONTWIKKELING VAN PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE DEUR ATLETIEK

Die atletiekafrigter se groot toets as opvoeder van die jeug, hang baie af van sy benutting van die atletieksituasie. Pragtige persoonlikheidseienskappe kan deur 'n korrekte oefenpatroon ontwikkel word, soos 'n sportiewe gesindheid, eerlikheid, regverdigheid en selfdisipline. Menslike kragte wat die individu opvoed tot hoër lewensvervulling. *"Qualities of character expressing the attitude towards the group, towards other sportmen and towards the sportman himself: helpfulness, comradeship, fair and friendly behaviour to fellow sportmen as well as modesty, honesty, optimism and politeness"* (Schmolinsky, 1978, p.33).

Dit is egter slegs moontlik as spesialisasie onder die jong atlete ontmoedig word, want spesialisasie benadeel die algemene opvoeding. Hierdie gewenste eienskappe kan alleenlik ontwikkel word wanneer atlete herhaaldelik gekonfronteer word met situasies wat sodanige eise stel. Of hierdie kwaliteite egter deel van die algemene lewenspatroon van die atleet word, sal afhang van die mate waartoe dit oordraagbaar is op ander lewensterreine. Dit is van weinig waarde as 'n sportman hierdie kwaliteite op die sportveld toon, maar sodra hy die veld verlaat, hierdie gedragswyse nie meer sy optrede tipeer nie. Die opvoedkundige waarde van sport berus geheel en al op die moontlikheid van hierdie oordrag van kwaliteite (Botha, 1978, p.24).

Indien daar wel so 'n oordrag plaasvind dan het die atletiekafrigter, volgens Rijsdorp (1960, p.115), geslaag in die basiese doelwit van persoonlikheidsontwikkeling.

Die oordrag van opvoedkundige kwaliteite is grootliks gesetel in die atletiekafrigter se eie voorbeeld, sy gesindheid, sy psigologiese ingesteldheid en sy leierskaphoedanighede.

6.5 DIE ATLETIEKAFRIGTER AS FORMULEERDER VAN PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE BY DIE JONG ATLEET

Deurgaans moet die afrigter in die afrigtingsprogram 'n positiewe rol vertolk in die beklemtoning van daardie eienskappe wat 'n opvoedingskrag vir die jeug beliggaam.

Daar bestaan 'n oppervlakkigheid by talle atletiekleiers veral betreffende die oorbeklemtoning van die fisieke prestasies op kampioenskapsvlak ten koste van die ontwikkeling van persoonlikheids-eienskappe. Die rede hiervoor is totale gebrek aan opvoedkundige oriëntering en leiding; te veel kelm val op die idee van "afrigting" in plaas van "opvoeding".

Die atletiekafrigter moet altyd roepingsbewus optree om die jong persoonlikheid positief te beïnvloed ten opsigte van die oordraging van vormende waardes soos, sportmanskap, eerlike spel, onbaatsugtigheid, moed, deursettingsvermoë, teenwoordigheid van gees, selfbeheer, kameraadskap, spangees en konsentrasievermoë.

Die ontwikkeling van die atleet is die norm vir suksesvolle afrigting in atletiek. Die koorsagtige gejaag na rekords is 'n negatiewe klemverskuiwing in atletiek en toon 'n duidelike gebrek aan waardes by die afrigter. Volgens Cratty (1974, p.125) moet die atletiekafrigter doelbewus die atlete konfronteer met eise wat kan lei tot positiewe persoonlikheidsontwikkeling. Die progressiewe atletiekoefenprogram met 'n didakties-pedagogiese inslag kan karaktereïenskappe kweek wat blywend van aard sal wees in die jong atleet se volwassewording. 'n Strawwe oefenprogram wat hoë eise stel aan die deelnemer kweek eienskappe soos deursettingsvermoë en volharding. Bloot deur gereed teenwoordig te wees by die oefensessies ontwikkel weer die mooi eienskappe van getrouheid en toegewydheid.

Die atletiekafrigter as die leier van die afrigtingsituasie moet deurentyd die voorbeeld stel van korrekte optrede om sodoende die ontwikkeling van opbouende waardes moontlik te maak.

7. ATLETIEK AS KOMPONENT VAN JEUGWEERBAARHEID

7.1 ATLETIEK AS MIDDEL OM LIGGAAMLIKE PARAAATHEID TE ONTWIKKEL

Atletiek is by uitnemendheid 'n middel om liggaamlike en geestelike weerbaarheid te ontwikkel en is, as sodanig, ook 'n belangrike komponent in die algemene ontwikkeling van jeugweerbaarheid. In 'n gemeenskap wat in 'n toenemende mate blootgestel word aan morele disintegrasie en fisieke agteruitgang, word die liggaamlike weerbaarheid 'n noodsaaklike teenmaatreël om die jeug bestand te maak teen die skadelike invloed.

"Liggaamlike weerbaarheid is nie 'n fisieke aangeleentheid nie, dit is 'n menslike kwaliteit waarby die totale persoon as eksistensie-in-liggaamlikheid betrokke is. In die totale persoon wees is daar natuurlik geestelike en fisieke momente te onderskei, maar dit kan nooit geskei word nie. Daarom is liggaamlike weerbaarmaking ook geestelike weerbaarmaking" (Botha, 1973, p.10).

Die jeug van ons land het onmiskenbaar die produk van fisiese agteruitgang geword in 'n tydvak waar ons land gewikkel is in "n oorlewingstryd" teen Kommunisme en ander ideologiese gevare van buite ons landsgrense.

Atletiekafrigting bied aan die afrigter 'n magtige wapen teen passiewe vermaak en geestelike vervlakking en 'n geleentheid tot die kweking van liggaamlike vitaliteit by die jong burger van die land.

"Dit is 'n teenwig vir fisieke verarming en sensuïele oorbelaasting; trouens die mens is veel beter toegerus om te gedy in 'n omgewing wat gereelde liggaamlike aktiwiteit vereis as een wat konsentrasie, spanning en onaktiwiteit meebring. Vir behoorlike ontwikkeling en doeltreffende funksionering is dinamiese, inspannende spieraktiwiteit 'n noodsaaklike voorvereiste" (Botha, 1973, p.11).

In sy beplanning van die oefenprogram wat op liggaamlike weerbaarmaking gerig is, is die doel van die afrigter om spoed, krag, vaardigheid en koördinasie as fisiese dimensies van liggaamlike weerbaarheid deur inspannende aktiwiteit te ontwikkel. Die belangrike karaktervormende waardes soos self-dissipline, wilskrag, deursettingsvermoë en andere is egter die werklike essensie in die proses van liggaamlike weerbaarmaking.

"Dit is in die praktyk al oor en oor bewys dat 'n morele insinking gewoonlik voorafgegaan word deur 'n aftakeling van die liggaamlike weerstand" (Botha, 1973, p.11; vergelyk ook Pietersen, 1961, p.51).

Die afrigter moet die teenvoeter wees teen fisieke degenerasie onder die jeug, want dit is juis die metode om afgematte geestelike kragte te hernieu met fisieke aktiwiteite. Hierdeur word lewens= belangrike kwaliteit, wat noodsaaklik is in ons huidige situasie in Suid-Afrika om jong mense te ontwikkel, wat die liggaamlike en geestelike krag besit, om enige gevaarlike situasie met selfvertroue en 'n opregte geloof in hul eie moontlikhede die hoof te bied.

7.2 ATLETIEK AS MIDDEL OM GEESTELIKE WEERBAARHEID TE ONTWIKKEL

Volgens ondersoek wat in verband met die invloed van sportdeelname op die persoonlikheid ingestel is, oortref deelnemers aan sport nie-deelnemers betekenisvol ten opsigte van dominerend, emosionele stabiliteit en selfvertroue (Fourie, 1954, p.119). Om hierdie persoonlikheidseienskappe te ontwikkel by die jong atleet is dit lewensbelangrik dat die spesifieke doelwitte deur die afrigter nagestreef word in die beplanning en uitvoering van die oefenprogram. Die korrekte gees van *"deelname-ter-voorbereiding-van-die-lewe"*, moet die negatiewe gees van *"prestasie-ten-alle-koste"* verdring.

Rijsdorp (1960, p.102) bevraagteken die persoonlikheidseienskappe van die top presteerders aangesien te veel klem gelê word op die fisiese poging om 'n kampioen te word (vide supra, p.24).

So 'n gesindheid het nie alleenlik 'n negatiewe invloed op die individuele atleet nie, maar beïnvloed die groep en die gemeenskap tot verkeerde waardebepalings, wat jeugweerbaarheid as sulks betref. In die kritieke tye waarin ons lewe kan sulke neigings nie geduld word nie - *"Geestelike voorbereiding, wat die psigiiese geladenheid van die oefenaar bepaal, is een van die belangrikste bewuste momente in sport"* (Botha, 1973, p.14). Die atletiekafrigter moet in sy

programbeplanning voorsiening maak vir die komponente van liggaamlike weerbaarheid en geestelike weerbaarheid. Die jong atlete moet leer om hulself Christelik te verantwoord ten opsigte van die eise wat aan hulle gestel word in hul maatskaplike, sedelike, godsdienstige, kulturele, opvoedkundige, ekonomiese, politieke, gesins- en volkslewe; die vermoë om in elk van hierdie en ander moontlike terreine volgens Christelike norme op te tree en die belange van hul gemeenskap in al sy vertakkinge te bevorder (vergelyk Bernard, 1976, p.10).

Weereens besef ons dat die atletiekafrigter as jeugleier eerstens homself moet inskerp en weerbaar maak, sodat hy met moed en oortuiging die Christelike boodskap kan oordra (Bernard, 1976, p.286; vergelyk ook Jooste en Potgieter, 1969, p.105).

8. DIE INVLOED VAN ATLETIEK OP SKOLASTIESE PRESTASIES

Die stelling word dikwels gemaak dat sportdeelname 'n negatiewe invloed uitoefen op akademiese prestasie. Hierdie standpunt word gewoonlik gehuldig deur leerkragte asook ouers binne skoolverband wat geen betrokkenheid hoe genaamd met die sportsituasie het nie. Vir hierdie oningeligte waarnemer word deelname aan sport gekoppel aan die oordrewe prestasie-motief, asook die heldeverering wat gepaard gaan met oorwinning in sport (vide supra, p.23).

Die eensydige prestasie-afrigter skep ook antagonisme by die ouergemeenskap aangesien die prioriteit van prestasie so hoog is dat geestelike prestasie daaronder ly.

As didaktiese middel is sport op skool beslis verantwoordbaar, mits dit beantwoord aan die aanvaarde opvoedkundige norme. Indien die afrigter sy oefenprogram skoen volgens erkende opvoedkundige beginsels, sal daar 'n duidelike korrelasie wees tussen die fisiese status en geestelike prestasie. Treffend is Schmolinsky (1978, p.35) se verklaring in dié verband:

"Educational endeavours will ultimately become fully effective only if all forces involved in the education and training of sportmen co-ordinate their actions. Their joint educational efforts, the formation of a united educational approach which includes trainers, sport officials, sportmen, parents and teachers is an essential condition for educational success."

Volgens Breckenridge en Vincent (1955, p.26) moet die verwantskap tussen geestelike en fisieke groei gesien word in die wyse waarop die aangebore intelligensie funksioneer, afhangende van hoe die oplettendheid, konsentrasie, selfvertroue en die aggressiewe aanpak van probleme verband hou met die fisieke welsyn. Laasgenoemde beïnvloed die individu se psigologiese toestand, asook die individu se vermoë om doeltreffend gebruik te maak van sy intellektuele en waarnemingsvermoë.

Baie interessante toetse is deur Salz uitgevoer om die korrelasie te bepaal tussen atlete en nie-atlete se persoonlikheidsontwikkeling. Hy bevind dat seuns wat betrokke is by atletiek meerderwaardig is teenoor nie-deelnemers ten opsigte van samewerking, vriendelikheid, integriteit, leierskap asook kritiese denke. Wat die belangstelling betref het hy gevind dat atlete 'n breër belangstelling het in akademiese vakke, kuns, passiewe sowel as aktiewe spele (Smoll en Smith, s.a. p.27-28).

In 1950 is 'n opvoedkundige eksperiment op groot skaal te Vanves in Frankryk uitgevoer wat onteenseglik bewys het dat liggaamlike aktiwiteite 'n positiewe invloed uitoefen op verstandelike vermoëns. By die skool is die helfte van die aantal skoolperiodes afgestaan vir liggaamsoefening en handewerk, terwyl die ander helfte aan die ander vakke gewy is. Die bevinding was dat 'n merkwaardige verbetering in hul gesondheid en fiksheid ingetree het. Ook 'n aansienlike styging in hul gemiddelde standaard van werk in al die gewone skoolvakke kon opgeteken word. Die eksperiment is herhaaldelik by verskillende skole in Frankryk en België toegepas met identiese dieselfde resultaat.

Nie alleen het die kinders se liggaamlike kondisie grootliks verbeter nie, maar hulle het verstandelik beter presteer, hul gedrag teenoor klasmaats en onderwysers het verbeter en hul voorkoms was lewendiger en opgewekter as voorheen (Kopershoek, s.a., p.158).

Die les wat die atletiekafrigter hieruit kan leer is betekenisvol: deur gereelde en progressiewe oefening van die atleet stel dit hom nie slegs in staat om groter inspanning te verduur nie, maar dat dit hom uiteindelik bekwaam maak vir studie en ander verstandelike aktiwiteite.

Schrecker beklemtoon 'n belangrike aspek in die oordraagbare waardes van sport en liggaamlike aktiwiteit: *"Onder hierdie verhoogde verstandelike bekwaamheid moet natuurlik nie verstaan word 'n fundamentele verbetering van die intellektuele fakulteite in die opsig dat die persoon miskien 'slimmer' sal word nie. Dit beteken eenvoudig dat hy oor meer energie beskik, ook vir verstandelike werk, sodat hy verstandelik flinker is, 'n sterker geheue het en sy konsentrasievermoë langer kan volhou"* (Schrecker, 1964, p.5).

Die gevolgtrekking wat Botha maak, na 'n deeglike studie van 'n verskeidenheid van verslae en toetsings in hierdie verband, is dat daar nog nooit 'n negatiewe korrelasie tussen sportdeelname en akademiese prestasie bestaan het nie. Trouens, dit toon duidelik 'n hoër korrelasie. *"In stede van te kleef aan die ongegronde vrees dat die jeug verstandelik sal degenerer as hulle aan sport en liggaamlikweermaakende aktiwiteite deelneem, behoort daar in onderwyskringe ernstig aandag gegee te word aan 'n uitbreiding van die liggaamlike weerbaarheidsprogram"* (Botha, 1974, p.16).

Die afrigter in atletiek kan die lewe en skolastiese loopbane van die opvoedlinge ingrypend beïnvloed deur die formulering van afrigtingsprogramme wat voorsiening maak vir massadeelname en nie slegs vir 'n klein groep "elite"-presteerders nie. Daardeur kan die stigma wat kleef aan sportbeoefening uitgeskakel word en uiteindelik die ware doel van opvoeding op skool verwesenlik word, naamlik deur kwaliteite wat in atletiek of sport bereik word, oordraagbaar te maak ter bereiking van beter akademiese prestasies.

9. DIE ATLEET SE AANPASBAARHEID OP AKADEMIESE EN UNIVERSITÊRE GEBIED

9.1 ATLETIEK SE ROL IN DIE AANPASSING VAN JONG ATLETE AAN UNIVERSITEITE

Die jong skooler wat van 'n skoolsituasie oorskakel na 'n universiteit word dadelik gekonfronteer met talle aanpassingsprobleme. Waar hy normaalweg gewoon was aan 'n gedissiplineerde skoolsisteem en 'n beskermde huislike atmosfeer, word hy geplaas in 'n situasie van meer "vryheid" op alle terreine. Diskresie en besluitneming word 'n daaglikse ervaring van die onervare jeugdige. Sosiale aanpassing in die volwasse omgewing verg innerlike dissipline en emosionele stabiliteit wat alleenlik ontwikkel kan word deur 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing te huldig ten opsigte van beoefening van alle aktiwiteite aan die universiteite.

Op skoolvlak het die atletiekafrigter 'n taak om 'n gees van selfstandigheid te ontwikkel by die atlete. Veral by die Matriekleerlinge moet selfwerkzaamheid toegepas word tydens oefensessies. Eie inisiatief en goeie diskresie moet 'n integrale deel vorm van die oefensisteem.

Deelname aan atletiek kan 'n dominante rol speel in die vorming van 'n gebalanseerde persoonlikheid wat aanpasbaar is by enige gemeenskap. Pretorius (1980, p.118) en Booth (1958, p.124) bevestig dat sportdeelname sosiale aanpasbaarheid verbeter.

Volgens navorsers is vrouedeelnemers sosiaal meer onafhanklik en geniet hoër sosiale status as nie-deelnemers (vergelyk Peterson, Tronsdale, Weber, 1967, p.686; Duggan, 1936, p.662).

Die atletiekafrigter speel weer eens 'n belangrike rol in die ontwikkeling van persoonlikheidseienskappe by die student, soos vrymoedigheid, waagmoed, selfdissipline, verdraagsaamheid, emosionele stabiliteit en 'n breë kulturele belangstelling. In die aksie word sosiale mobiliteit ontplooi wat die eie potensialiteite versterk. Atletiek as sport identifiseer dus baie duidelik individuele menslike kwaliteite: *"Dit bied geleentheid tot medemenslike ervaring. Die sportmodel waarbinne groepsidentifikasie en derhalwe*

sosiale ontplooiing plaasvind, kan 'n moraliserende invloed hê wat buite die spelsituasie kan uitbrei tot 'n lewensmodel" (Pretorius, 1980, p.122).

Die atletiekafrigter by die universiteit moet die afrigting= situasie so orden dat dit 'n kompenserende asook 'n rekreatiewe rol kan speel om sodoende die menslike kwaliteite te verbeter vir 'n gemaklike aanpassingsituasie.

9.2 VERBETERING VAN AKADEMIESE PRESTASIE DEUR DEELNAME AAN ATLETIEK

Die atleet moet deur die oefenprogram 'n ontlading kry van emosionele spanning en deur sukses in byeenkomste kompensasie te kry wat in bepaalde omstandighede ook na die akademiese situasie oorgedra word.

"Gegewens dui daarop dat sportdeelname die selfbeeld verhoog en dat dit gunstig neerslag op akademiese vlak vind" (Snyder, Spreitzer, 1978, p.75).

Die oefenprogram moet 'n rekreatiewe betekenis vir die atleet hê sodat sy vryetyd op 'n skeppende wyse benut kan word. *"'n Her= skepping van die afgematte gees deur sinvolle fisieke aktiwiteit"* (Botha, 1980, p.28).

'n Baie belangrike oorweging by die atletiekafrigter aan universiteite is die invloed wat sportdeelname het op akademiese prestasie. Die redes vir hierdie gunstige oordrag is baie interessant:

9.2.1 Sportleier kry waarskynlik spesiale hulp van studie= leier of word meer toeskietlik gepromoveer.

9.2.2 Akademiese vereistes motiveer sportlui om harder te werk en verseker studie en sportdeelnamegeleenthede.

9.2.3 Harde werk en dissipline wat sportprestasies meebring, het 'n oorvloei-effek.

9.2.4 Effektiewer gebruik van studietyd.

Voorts het 'n ondersoek van die Nasionale Jeugraad in Suid-Afrika gevind dat die jeug se deelname aan sport vergroot namate die onderwyskwalifikasie styg (vergelyk Botha, 1980, p.30). Duggan, Cooper, Somers en Roebuck is van mening dat deelnemers intellektueel meer begaafd is as nie-deelnemers en dat hulle akademies ook beter presteer. Schnelder voeg ook by dat deelnemers vanweë hulle groter intellektuele vermoë sosiaal beter aanpasbaar is as nie-deelnemers (vergelyk Schnelder, 1965, p.52-59; Duggan, 1936, p.662; Cooper, 1969, p.17).

Biddulph het gevind dat deelnemers wat buitengewoon goed presteer op sportgebied, ook akademies beter presteer as die minder goeie sportmanne en die nie-deelnemers in sy kontrolegroep (vergelyk Biddulph, 1954, p.1).

Daar bestaan dus geen wetenskaplike gronde dat sport, of meer spesifiek atletiekafrigting 'n negatiewe uitwerking op studente se akademiese werk het nie. Die uitwerking van 'n verstandelik goed beplande atletiekprogram kan slegs heilsaam wees. Deur die ontwikkeling van spieruithouvermoë en ander fisiese eienskappe kan inspanning langer verduur word, asook 'n vinniger herstel na uitputting, eienskappe wat beslis oordraagbaar is op akademiese aktiwiteite en op die algemene leefwyse van studente in die universiteitsgemeenskap. Vervolgens sal daar aandag gegee word aan die atletiekafrigter se didaktiese toepassingsveld as jeugleier in die atletiekafrigtingsmilieu.

H O O F S T U K 2

DIE TOEPASSING VAN DIDAKTIESE BEGINSELS IN ATLETIEKAFRIGTING DEUR DIE ATLETIEK=AFRIGTER AS JEUGLEIER

1. BEGRIPSBEPALING

Didaktiek beteken om te onderrig met die oog daarop om iemand anders te help om te leer: die situasie waarin bogenoemde handeling verwerklik word, is didaktiese situasies; 'n deurtastende ondersoek na die wese van die skool en sy taak as leefwêreld van die kind; die perspektief op die inhoud van die opvoeding as leerinhoud. In hierdie perspektief gaan dit om die sin van onderrig ten aansien van die opvoeding, die inhoud van die onderrig en moontlike grondvorme wat aan die onderrig onderliggend is. Die atletiekafrigter moet steeds onthou dat sy vertrekpunt die opvoedingsverskynsel is en dat hy vanuit sy didaktiese perspektief wesentlikhede moet ontdek wat vir hom hierdie verskynsel sal onthul (vergelyk Van Rensburg, et al, 1979, p.29).

1.1 DIE VERBAND TUSSEN OPVOEDING, ONDERWYS EN AFRIGTING

Die opvoeding verwerklik hom gedurig in die onderrig, terwyl die sin van die onderrig in die opvoeding geleë is. Eweneens is dit sinloos om te onderrig waar kinders by die situasie betrokke is, tensy die bedoeling ook is om hul volwassenheid daardeur tot 'n waardige gestalte te bring (vergelyk Sonnekus, 1979, p.13). Die begrippe opvoeding, onderrig en die kind in volwassewording is sinoniem aan sowel die onderwysituasie as die afrigtingsituasie en as sulks sal dieselfde beginsels by beide toegepas word (vergelyk Schoeman, 1978, p.3; Duminy, 1972, p.2). *Dit kan tereg omskryf word as praktiese pedagogiek of praktiese pedagogiese afrigting*" (Pistorius, 1970, p.22; Coetzee, 1964, p.14).

Waar die klem hier op die *praktiese* geplaas word, handel didaktiek grootliks oor die wat en hoe van ons onderrig, die waarom van ons besondere wyse van onderrig (vergelyk Duminy, 1972, p. 2 - 3).

"In die onderwysende opvoeding moet die normatiewe ontsluitingspotensialiteite van die opvoedeling tot sy maksimum benut word" (Nel, 1980, p.23). Die atletiekafrigter se groot taak is om gereeld te besin oor die keuse van oefenstof en gereeld aandag gee aan metodiek sodat kennis op 'n sistematiese wyse aangebied kan word. Immers didaktiek en metodiek moet altyd vervleg wees; teorie en praktyk moet mekaar onderling aanvul en wederkerend beïnvloed (vergelyk Duminy, 1972, p.3; Pistorius, 1974, p.19; Schoeman, 1978, p.3).

Die afrigter moet deurentyd in gedagte hou dat didaktiek 'n bepaalde teoretiese onderbou besit wat as gids moet dien vir die praktyk en om hierdie rede moet die praktyk gereeld aan teorie getoets word (vergelyk Van Loggerenberg en Jooste, 1973, p.153 - 154; Duminy, 1972, p.2 - 3).

Die ouers, die onderwyser en die afrigter is die betrokkenes in die volwassewording van die kind-in-opvoeding. As sodanig tree hulle op as die begeleiders (wegwysers) in die kind se soeke na lewenswaarhede en moet beseft dat hierdie Godgeroepe taak gepaard gaan met groot verantwoordelikheid (vergelyk Van der Stoep, 1969, p.6).

"Hy het ook die plig om sy eie handeling te kan beoordeel: of hy op die korrekte of vrugbaarste wyse ingegryp het; of daar ooreenkoms bestaan tussen die praktyk wat hy nou as volwassene beoefen en die teorie of insigte waarvoor hy ten opsigte van 'n saak Seros die opvoeding beskik" Sonnekus, 1979, p.14; Van der Stoep, 1966, p.3; Van der Stoep, et al, 1979, p.13).

Die atletiekafrigter moet deur sy optrede teenoor die atleet-in-opvoeding so min foute as moontlik maak en in die afrigtingsituasie so op te tree dat elke faset daarvan 'n bydrae sal lewer tot die opvoedingsproses.

1.2 WAT IS DIDAKTIEK?

Breed beskou, kan die didaktiek in sy wetenskaplike opset beskryf word as 'n teorie oor wat die begrip *Onderwys* behels; watter voor=

waardes vir die goeie verloop van die onderwys geld; watter beginsels van algemene aard by die onderwys in aanmerking geneem moet word; watter verband bestaan daar tussen leer en onderrig; wat is die leerstof en op watter wyse kan die leerstof georden word; indien die onderwyshandeling nie sou slaag nie, watter faktore behoort die onderwyser in oorweging te neem ten einde ortodidakties in sy klaskamer te kan werk (vergelyk Sonnekus, 1979, p. 18).

"Die didaktiek dek 'n veel wyer terrein as wat by die metodiek die geval is. Die didaktiek spreek hom uit oor die saak onderwys in geheel, dit wil sê in sy breedste opset in al sy fasette. Die leersituasie wat 'n kind van geboorte af meemaak, vorm van meet af aan deel van die volwassene se bemoeienisse met hom. As sodanig is dit ook in die eerste plek 'n pedagogiese aangeleentheid. Na analogie van die didaktiese situasie wat algemeen in die huisgesin aangetref word, ontwerp die volwassene aan op formele en sistematiese vergelykende omstandighede waarin die kind nou nie net eenvoudige insigte, vaardighede en selfs tegnieke aanleer nie, maar waar hy die vormsisteme van sy kultuur (leefinhoud) behoorlik van naderby kan leer ken - hieraan het die skool sy ontstaan te danke" (Sonnekus, 1979, p.21; vergelyk ook Van der Stoep, 1969, p.1; Van der Stoep, et al, 1979, p.20).

1.3 DIDAKTIEK IN ATLETIEKAFRIGTING

Hier het ons te doen met die didaktiek in die begrip *afrigting* as sodanig; met ander woorde die vereiste vir die goeie verloop van die hele afrigtingsproses asook die basiese beginsels wat toegepas moet word vir suksesvolle afrigting om sodoende die kind-in-opvoeding sinvol te begelei tot volwassewording. Die begrip *afrigting* moet vervang word met die beginsel van opvoeding van die atleet buite skoolverband. Die hele afrigtingsprogram moet wetenskaplik georden word ten opsigte van die doelstellings wat deur die afrigter nagestreef word met die jong atleet. Dit behels die metodes van onderrig asook die wyse waarop die eie afrigting implementeer word. Indien die afrigter nie die gewenste resultate behaal nie moet

remedieel te werk gegaan word, met ander woorde die omstandighede van afrigting moet deeglik ontleed word ten einde ortodidakties op die oefenveld te kan werk.

Die bemoeienis van die afrigter-as-volwassene in die hele proses van opvoeding van die jeug maak van die afrigtingproses 'n pedagogiese aangeleentheid wat in 'n meerdere mate as die formele onderwysituasie die kind ontmoet en sodoende bepaalde waardes inskerp. By die afrigtingsituasie bestaan daar 'n baie noue kommunikasie tussen die volwassene en die kind wat die oordrag van vormende waardes baie vergemaklik. Deur die intieme afrigter-atleet-verhouding ontstaan 'n geopenheid by die atleet wat lei tot 'n ontvanklike gesindheid van bereidwilligheid tot vorming van leefinhoud.

Die sukses van die atletiekafrigter as jeugleier hang grootliks af in hoeverre hy daarin kan slaag om die teorie by die praktyk te bring en toe te pas. Waar die algemene didaktiese beginsels vervolgens bespreek word, gaan dit nie om tegnieke van atletiek-afrigting aan te dui nie, maar gaan dit om algemene beginsels wat op die opvoedingsituasie ingestel is.

2. DIE TOEPASSING VAN DIDAKTIESE BEGINSELS IN DIE ATLETIEKSITUASIE

Aangesien die doelstellings en ander kwaliteite van die atletiekafrigter asook sy afrigtingsmetodiek as 'n deel van die sportpedagogiek in latere hoofstukke breedvoerig bespreek word, let ons in hierdie afdeling slegs op die beginsels wat belangrik is vir jeugleierskap.

2.1 MOTIVERING

Aangesien die betrokkenheid van die massas beoog word, moet die afrigter-in-opvoeding die nodige prikkel skep om sodoende die lus op te wek tot deelname. Atletiek, as vrywillige buitemuurse aktiwiteit, het tot 'n mindere mate die stimulus van *speel* wat 'n inherente behoefte by die kind is. Gevolglik vorm die motiveringsbeginsel die basis van belangstelling-in-atletiek-deelname.

Dit is baie belangrik dat die atletiekleier oor 'n wye reeks verskillende motiveringsmiddele en -metodes beskik om sodoende deelnemers met verskillende agtergronde, leergewoontes, behoeftes en begeertes te bereik (vergelyk Frost, 1971, p.220).

Die atletiekafrigter as jeugleier moet bepaalde *inherentse motiveringseienskappe* besit om die nodige belangstelling by die atlete aan te wakker. 'n Deeglike *kennis* van atletiekafrigting boesem vertroue in by die atlete; 'n deeglike *mensekennis* is 'n groot bate om atlete se behoeftes en begeertes te bepaal. *Entoesiasme* en 'n *goeie sin vir humor* skep die regte atmosfeer om ywerig te werk.

Dit is belangrik dat die atleet respek en agting vir die afrigter moet ontwikkel deur noue kontak en wedersydse vertroue in die atleet-afrigter-verhouding (vergelyk Avenant, 1980, pp.192-193).

2.2 EKSTRINSIEKE MOTIVERING

By atletiekafrigting speel ekstrinsieke motivering 'n deurslaggewende rol aangesien wedywing en kompetisie 'n deurslaggewende rol speel om betrokkenheid by jong atlete te bewerkstellig. Die toekenning van punte, diplomas en sertifikate is die beloning vir jong atlete vir volgehoue oefening en deelname.

Deelname aan kompetisies is 'n baie sterk motiveringsmiddel tensy dit korrek implementeer word deur die atletiekafrigter. Sodra die kompetisie gekoppel word aan 'n wen-ten-alle-koste-idee word die atleet se eie inisiatief gedemp en die opvoekundige waarde gaan verlore (vergelyk Avenant, 1980, p.189).

Die afrigter moet ten alle tye bewus wees van sy belangrike opvoekundige taak en moet ten alle tye negatiewe ekstrinsieke motivering vermy soos sarkasme en spot, dit kan slegs lei tot antagonisme en verwydering tussen atleet en afrigter.

2.3 INTRINSIEKE MOTIVERING

In die spektrum van talle buitemuurse aktiwiteite en talle passiewe vermaak wat die kind aan kan deelneem moet atletiek as sport die nodige prikkels skep vir die jongmens tot deelname. Wanneer die kind atletiek as sport verkies en hy is intrinsiek gemotiveerd, dan is daar sprake van egte belangstelling en spontane deelname (vergelyk Pretorius, 1977, p.47).

'n Baie belangrike beginsel in hierdie verband is dat die atletiek-afrigter altyd sy motiveringsmiddele of -metodes laat aansluit by die behoeftes en drange van die deelnemers (vergelyk Avenant, 1980, p.179).

Die groot taak van die afrigter-as-jeugleier is om 'n afrigting-situasie te skep wat die kind se lus om deel te neem sal prikkel. Die oefenprogram moet so verwerk wees dat dit die motivering steeds gaande hou en moontlik versterk - dit is die enigste benadering wat intrinsieke motivering sal verseker. 'n Goeie afrigter ontwikkel by die nie-deelnemer 'n belangstelling in atletiek slegs wanneer hy selfintrinsiek gemotiveerd is deur genoegsaam tegniese en opvoedkundige kennis te bekom.

Blomerus (1981, p.137) wys op die belangrikheid van entoesiasme by die afrigter. Hy moet kan opgewonde raak oor tegniese vaardighede wat mooi uitgevoer word en moet gedurig nuwe en interessante oefenmetodes op die proef stel.

Die atleet sal duidelik die atletiekafrigter se graad van entoesiasme, toegewydheid of belangstelling aanvoel en dit motiveer hom om meer aktief en betrokke by die oefensessie te wees.

"Daar is 'n noue verband tussen motivering en die doelstelling wat die afrigter vir sy atlete stel. Die atleet moet gemotiveer word om 'n bepaalde doel te bereik" (Frost, 1971, p.69).

Die gemotiveerde atleet sal sonder enige twyfel meer sukses behaal as 'n ongemotiveerde een. Die afrigter moet egter waak teen motivering wat te intens is - dit kan aanleiding gee tot pyn, vrees en ang wat 'n negatiewe uitwerking sal hê op belangstelling sowel as prestasie (vergelyk Duminy, 1980, p.37).

Motivering op grond van sukses en beloning is oor die algemeen te verkies bo motivering deur mislukking en straf. *"Ten opsigte van sukses en mislukkings, is dit noodsaaklik dat die atletiekafrigter die oorwinnings en nederlae realisties sal insien en 'n gesinãheid van goeie sportmanskap in beide gevalle sal beklemtoon"* (Schafer, 1971, p.6).

Die aanleer van algemene atletiekvaardighede word aansienlik bespoedig waar wedywering as motief 'n rol speel. Die prestasie= motief moet egter nie oorbeklemtoon word nie, want dit kan aanleiding gee tot ongelukkigheid, frustrasie en oneerlikheid veral in die geval van mislukking-in-kompetisie.

Die toeswaai van lof waar 'n atleet goed presteer het, dien uitstekend as aansporingsmiddel. Intrinsieke motivering is uiters belangrik en hiermee moet die atletiekafrigter poog om sy deelnemers sodanig te beweeg dat hulle hulself spontaan en sonder wilsinspanning in hul taak sal verdiep (vergelyk Pretorius, 1977, p.57).

3. DIE AANSKOUINGSBEGINSEL

Die aanskouingsbeginsel vorm 'n belangrike komponent by die atletiek= afrigter se aanleer van tegniese vaardighede asook vir foutontleding. Die atletiekafrigter moet die aanskouingsmateriaal sodanig kies dat dit aansluiting sal vind by dit wat hy aan die atlete geleer het of wil leer (vergelyk Avenant, 1980, p.127).

Veral by die atleet, tydens die laerskooljare, wat veral ingestel is op konkrete denke is hierdie metode baie effektief, aangesien dit juis die tydperk is waar die basis gelê word vir die tegniekontwikkeling-in-

atletiek. Namate die atlete ouer word verander die basiese behoefte geleidelik na meer omvattende, meer effektiewe en vinniger abstrakte denke waar die aanskouingsbeginsel nog steeds 'n dominante rol vertolk in die aanleer van vaardighede.

Vir die afrigter is dit egter baie belangrik om te beseef dat alleenlik deur die demonstrasie van objekte te kombineer met sinvolle beskrywing van aanskouingsmiddels asook positiewe denke by die atlete kan die gewenste resultate tot gevolg hê. Aldus Van der Stoep (1969, p.42) stem moderne navorsers saam dat die verontskouliking van die werklikheid in die didaktiese situasie van fenomenale betekenis vir die goeie verloop (sukses) daarvan is. Daar moet gewaak word teen die oormatige en blindelinge gebruik van oudiovisuele hulpmiddels wat kan lei tot passiwiteit en vertraging van denke en aktiwiteit by atlete (vergelyk Duminy, 1980, p.43).

'n Korrekte aanbieding van die aanskouingsperiode moet lei tot self-aktiwiteit en 'n geleentheid skep om self die idees prakties te implementeer. In hierdie proses bly die afrigter die beplanner en inisieerder van sinvolle aanskouing om daardeur die jong atleet te prikkel tot deelname en atletiek as sportvertakking in die regte opvoedkundige perspektief te sien. "Aanskouing word 'n belangrike 'middel' tot aktivering" (Van der Stoep, 1968, p.198). Die atletieksituasie skep 'n ideale terrein vir die benutting van die aanskouingsbeginsel.

4. DIE HEEMBEGINSEL

Die optrede van die afrigter word grootliks bepaal deur die atleet se agtergronde insake waar hy opgegroeï het en waar sy ouers woonagtig is. Dit is juis in daardie omgewing wat die kind veilig en beskerm voel; in die omstandighede is hy meer ontspanne en meer omvanklik vir begrippe wat op hom inwerk. Op die wyse word die regte klimaat vir afrigting of opvoeding van die jong atleet geskep (vergelyk Duminy, 1980, p.46).

Hierdie benadering in die afrigtingsproses bemoeilik die taak van die afrigter aansienlik, aangesien dit 'n besondere hoë standaard verg en

hoë eise stel aan die afrigter se kennis en didaktiese werkswyse. In die proses om die omgewing, die huis, die skool en die afrigting nader aan mekaar te bring, moet hy 'n deeglike agtergrondkennis opbou van elke atleet in die groep om sodoende die oordra van vormende waardes te vergemaklik.

5. DIE AKTIWITEITSBEGINSEL

"Die aktiwiteitsgedagte kon as besondere didaktiese beginsel veral teruggevoer word na Froebel, wat voort bou op Pestalozzi se idee van direkte ervaring en selfaktiwiteit as grondslag vir alle geslaagde onderwys" (Van der Stoep en Van der Stoep, 1968, p.197).

In die atletieksituasie vorm selfaktiwiteit die basis van die hele afrigtingsproses. Dit beteken met ander woorde dat die atleet doelbewus deur die afrigter geaktiveer word tot deelname en betrokkenheid in die atletiekoefenprogram.

6. DIE EKSPRESSIEBEGINSEL

Baie nou verbonde aan die idee van self-aktiwiteit is die beginsel van ekspressie. *"Dit impliseer die persoonlike uiting van die mens wat voortkom uit 'n drang en 'n behoefte om vorm te gee aan persoonlike belewinge"* (Van der Stoep en Van der Stoep, 1968, p.199).

In die verloop van die atletiekoefenprogram deur die jaar is ekspressie 'n metode van toetsing om te bepaal of die oefenmetodes juis verwerk is. Verder gee dit ook 'n aanduiding van die belangstelling van die atleet en verskerp ook sy waarneming. Die atleet moet atletiek beoefen omdat hy *wil* oefen, 'n inherente behoefte dus om te oefen ongeag die doel wat hy wil bereik (vergelyk Van der Stoep en Van der Stoep, 1968, p.200).

7. DIE TOTALITEITSBEGINSEL

Die atleet word gesien as 'n eenheid of 'n totaliteit. *"Alhoewel verskeie*

dimensies of fasette van die menslike persoonlikheid onderskei kan word, kan die dimensies nooit geskei word nie" (Duminy, 1980, p.24).

Alhoewel die kundigheid van die afrigter belangrik bly word die klem nou geplaas op die kennis wat die hele persoonlikheid omvat, die wil en die emosie van die atleet moet te alle tye in berekening gebring word in die afrigtingsproses.

Die kenmerke van die totaliteitsonderrigstelsel kom daarop neer dat die oefenstofeenhede 'n innerlike samehang vertoon en die nadruk geplaas word op geestelike aktiwiteit waarvan die resultate nie direk bepaalbaar hoef te wees nie (vergelyk Van der Stoep en Van der Stoep, 1968, pp.221 - 222).

Die belangrikheid van noue samewerking tussen die huis en die skool is die vernaamste. Opvoedkundige instellings kom prominent na vore: Deur die totaliteitsbeginsel se toepassing gee die afrigter erkenning aan die feit dat ewe kragtige faktore binne en buite die skool voortdurend die atleet beïnvloed. *"In die hele proses van totaliteitsafrigting vorm die integrasiegedagte die grondslag"* (Duminy, 1980, p.2; vergelyk ook Van der Stoep en Van der Stoep, 1968, p.221).

Wanneer die beginsel toegepas word moet die afrigter altyd besef dat die atleet in die proses selfaktiwiteit moet beoefen. Intense besprekings en lees oor die geskiedenis en tegnieke van afrigting, helde van die hede en die verlede is 'n wesentlike voorwaarde. Die afrigtingsaktiwiteit word op dié wyse meer gerig op die verkryging van nuwe insigte as op die verwerwing van parate kennis.

8. DIE INDIVIDUALISERINGSBEGINSEL

Opvoedkundiges van ons tyd beskou vandag die beginsel van individualisering as die hooftema in die didaktiek. Die afrigter-in-opvoeding moet in die afrigting deurentyd rekening hou met die aard en aanleg van elke besondere atleet (vergelyk Duminy, 1980, p.27). *"Deur die reg tot individualiteit van die kind te erken, word sy individualiteit erken en is daar agting vir sy waardigheid as kind"* (Coetzee, 1977, p.10).

Elke atleet moet bygestaan word om na die gelang van sy aanleg te ontwikkel. Die spesifieke ontwikkelings stadium van elke atleet moet bepaal word en die oefenpatroon moet individueel by elkeen toegepas word (vergelyk Avenant, 1980, p.140).

Dit verg meer opoffering, tyd en geduld aangesien hy op 'n pedagogies-didaktiesverantwoorde wyse moet differensieer, die prestasie-motief moet afwater en konsentreer om die atleet se belangstelling te behou deur die nodige prikkels te skep tot atletiek-in-opvoeding. Veral belangrik is om nooit die begaafde atleet te bevoordeel ten koste van die minder begaafde atleet nie (vergelyk Blomerus, 1981, p.155).

9. DIE BEGINSEL VAN SIMPATIEKE OPTREDE

Simpatie beteken dat 'n afrigter die insig sal hê om die kind te gaan opsoek waar hy is en nie waar hy dink hy behoort te wees nie. Simpatie gaan nie om 'n bepaalde houding, 'n benaderingswyse, 'n wyse van toetreding tot die situasie. Die afrigter moet hom dus vir die atleet toeganklik maak (vergelyk Van der Stoep, 1969, p.39; Van der Stoep, et al, 1979, p.54). Volgens Van der Westhuizen (1975, p.132) is die waarde van simpatieke hulpverlening nie geleë in die gevoel van medelye nie, maar in die hulpbereidwilligheid wat gerealiseer word.

Wanneer die atleet-in-opvoeding probleme ondervind betreffende aanleer van tegniese vaardighede, persoonlike probleme, of frustrasies ervaar as gevolg van mislukking in kompetisie of tydens oefensessies, dan is die simpatie van die afrigter noodsaaklik om die situasie te normaliseer. Dit geld veral vir die minder begaafde atleet waar deurgaans met simpatie opgetree moet word om sodoende die didaktiese situasie te bevorder. Die doel van die volwasse afrigter is tog immers om die onvolwasse atleet te help. *"Hy soek na die heil van die kind afgesien van sy eie ongerief, tyd-sbeperking, vermoedheid en dergelyke faktore meer"* (Van der Stoep, 1969, p.39).

Waar daar geen sprake is van simpatieke inisiatief nie, tref 'n mens byna sonder uitsondering 'n afrigtingspraktyk aan wat slegs kan beskryf word

as onbuigsaam en formalisties. Dit sal die didaktiese situasie strem en dit terselfdertyd onvrugbaar vir die atleet maak (vergelyk Van der Stoep, 1969, p.39; Van der Stoep, et al, 1979, pp.54 - 55). Landman (1971, pp.22 - 23) beweer dat slegs die opvoeder wat in staat is tot simpatieke gesagsleiding kan sy opvoedingshandelinge voltrek en vertrouwe wek by die kind.

10. DIE BEGINSEL VAN DUIDELIKHEID

Die afrigter se basiese taak is om aan die atleet duidelik te sê waarheen hy wil gaan, wat hy presies beoog en hoe hy bepaalde doelstellings gaan bereik.

"Die didaktiese beginsel van duidelikheid is 'n kwessie van didaktiese insig eerder as 'n goeie vertelling; 'n besondere demonstrasie of 'n interessante eksperiment" (Van der Stoep, et al, 1979, p.55; vergelyk ook Van der Stoep, 1969, p.39).

In die afrigtingsituasie is die noue kommunikasie tussen die afrigter en atleet baie noodsaaklik om sodoende duidelikheid te verkry ten opsigte van die didaktiese situasie. Die afrigter as leier van die kind moet te alle tye die atleet in 'n bepaalde situasie evalueer en bepaal op watter vlak van afrigting hy hom bevind. Die metode om die atleet progressief te laat ontwikkel, is om deeglike agtergrond insake sy huislike omstandighede en basiese potensiaal te bepaal en daarna deur 'n deeglike en goedbeplande program die prikkel te skep tot die uitlewing in die didaktiese situasie. Duidelikheid impliseer dus insig van die kant van die volwasse afrigter met betrekking tot die saak waarmee hy besig is, die gebeure waaraan hy hom waag (vergelyk Van der Stoep, 1969, p.401).

11. DIE BEGINSEL VAN TEMPO

Hierdie beginsel is van besondere betekenis in die didaktiese situasie aangesien die atleet maklik uit voeling kan raak met sy afrigter, veral die minder talentvolle persoon. Andersyds kan die talentvolle atleet gefrustreerd raak as gevolg van 'n te stadige tempo van die afrigter (vergelyk Van der Stoep, et al, 1979, p.55).

Die normbepaling van die afrigter is daar om 'n tempo te bepaal wat kan aanpas by die ontsluiting van die nuwe werklikheid soos dit gestalte vind in alle aspekte van die afrigtingsituasie. Hierin is dit veral belangrik dat elke atleet met die vorderingstendense tred sal hou (vergelyk Van der Stoep, 1969, p.40).

Die afrigter moet gedurig herbesin oor die tempo, die tempowissel en differensieer na gelang van die eise wat die situasie aan hom stel (vergelyk Van der Stoep, et al, 1979, p.56).

Waar die tempo in 'n bepaalde didaktiese verloop nie na behore gerealiseer word nie, is die atlete verbyster, verslae, moedeloos en verveeld. Dit kan weer lei tot frustrasie, aggressiwiteit en belangeloosheid by die atlete wat die afrigter se basiese taak verongeluk.

12. DIE BEGINSEL VAN DINAMIEK

Hier het ons seker te doen met een van die belangrikste beginsels in atletiekafrigting. Die dinamiek dui in die didaktiese sin op die inset, die entoesiasme wat eie behoort te wees aan die voortgang van die handeling. Die afrigter se inset en entoesiasme lok ook by die atleet inset en entoesiasme (vergelyk Van der Stoep et al, 1979, p. 56; Van der Stoep, 1969, p.41).

13. DIE BEGINSEL VAN BALANS

Balans dui op die harmonieuse afwisseling, 'n verantwoordbare gesprek tussen afrigter en atleet waarin elkeen sy regmatige aandeel en sinvolle bydrae lewer, ewewig ten aansien van die afrigter se voordoene en die atleet se nadoene en veral ewewig by die keuse van bepaalde didaktiese grondvorme wat op die mees doeltreffende wyse die inhoud vir die atleet sal daarstel (vergelyk Van der Stoep, et al, 1979, p.57; Van der Stoep, 1969, p.41).

Omdat die afrigter juis die didaktiese situasie herhaal om bepaalde tekorte by die atlete aan te vul, bestaan die gevaar dat die afrigter een of ander aspek van die didaktiese en selfs die pedagogiese sal oorbeklemtoon.

Van groot belang vir die afrigter is om toe te sien dat daar ewewig bestaan, tyd (aanwending daarvan) die vorm (die wisseling daarvan) en die inhoud (die keuse daarvan) van die oefenprogram.

Die geheim van 'n dinamiese en progressiewe oefensisteem is geleë in langtermynbeplanning ten einde riglyne te kan trek vir 'n verantwoordbare praktyk wat die nodige balans asook die betrokkenheid verseker van beide afrigter en atleet (vergelyk Van der Stoep, 1969, p.41; Van der Stoep, et al, 1979, p.57).

14. DIE BEGINSEL VAN BEPLANNING

In die breër spektrum van die atletiekafrigtingsituasie is die voorvereiste vir sukses die beplanning wat die afrigter doen ten opsigte van die atleet se oefenprogram op 'n langtermynbasis.

Hierdie beginsel sluit ook die totaal van die afrigter se voorbereiding in, want in die beplanning soek die afrigter na 'n struktuur aan die hand waarvan hy die situasie antisipeer. In sy beplanning maak die afrigter ook voorsiening vir moontlike klemverskuiwings wat in die afrigtingsituasie kan voorkom. "*Die breë beplanning van die jaarprogram moet dus buigsaam en aanpasbaar wees*" (Van Loggerenberg en Jooste, 1970, p.81).

Deur deeglike beplanning verseker die atletiekafrigter 'n progressiewe oefenprogram wat berus op 'n wetenskaplike formulering, die nodige verswaring ten opsigte van oefenstof asook 'n geleidelike opbou van fisiese aktiwiteit van kwantitatiewe oefenopbou na uiteindelik kwalitatiewe oefening. Met so 'n benadering word nie alleen oefensatisfaksie bereik nie, maar sukses ten opsigte van kompetisiedeelname word ook verhoog. Blomerus (1981, p.81) beklemtoon die beginsel dat die afrigter in sy beplanning, sy onmiddellike doelwitte moet laat aansluit by die einddoel om sodoende positiewe lewenswaardes by die deelnemer tuis te bring.

15. DIE BEGINSEL VAN VERAANSKOULIKING

Didaktici is lank reeds daarvan bewus dat die veraanskouliking van die

werklikheid in die didaktiese situasie van besondere betekenis vir die goeie verloop daarvan is. Vir die atleet-in-opvoeding is hierdie beginsel 'n onmisbare vertakking om die belangstelling te behou.

Met veraanskouliking word eerder bedoel dat die totaal van die waarnemings=verskynsel in die didaktiese situasie tot sy reg moet kom. Die atleet=afrigter moet beseft dat die veraanskoulikingsbeginsel inherent is by die jong atleet. Deur gebruik te maak van films en videos kan nie alleen die tegniese vaardighede verbeter word nie, maar die behoefte na kyk-na-die-werklikhede word bevredig (vergelyk Van der Stoep, et al, 1979, p.58; Van der Stoep, 1969, p.42).

16. DIE BEGINSEL VAN SISTEMATIEK EN ORDENING

Sistematiek en ordening dui in die eerste instansie op die afrigter en die kwaliteit van sy optrede op die atletiekveld. Om hierdie kwaliteit tot sy reg te laat kom moet die atleet=afrigter die nodige agtergrond, kennis en vaardighede besit om die afrigtingsituasie op 'n waardige en bekwame wyse te hanteer (vergelyk Van der Stoep, 1969, p.42; Van der Stoep, et al, 1979, p.59).

Die afrigter se houding en vaardighede is samehangende faktore wat die vlotheid van die didaktiese situasie in 'n groot mate bepaal.

'n Suksesvolle afrigter se hele sisteem van afrigting-in-opvoeding moet getuig van sistematiek en ordening, langtermynbeplanning asook 'n daaglikse beplanning van sy hele sisteem. Daardeur verseker hy nie alleen 'n gedissiplineerde opset nie, maar verkry hy enorme satisfaksie uit sy taak as opvoeder van die jeug (vide infra, p.109).

17. DIE BEGINSEL VAN WETENSKAPLIKHEID

Die inhoud van atleet=afrigting wys op 'n wetenskaplike struktuur wat sy eie metodes bevat aan die hand waarvan hulle ontsluit kan word.

Die afrigter moet dus rekenskap kan gee van die wetenskaplikheid in die afsonderlike atletiekvertakkinge en dit met sy ontsluitingsmetodes harmonieer om langs hierdie weg 'n harmonieuse didaktiese situasie op te bou. Op hierdie wyse word die harmonie tussen vorm en inhoud bereik (vergelyk Van der Stoep, et al, 1979, p.59; Van der Stoep, 1969, p.32).

Die atletiekafrigter moet die sukses van sy hele metode van afrigting ten opsigte van metodiek, opvoeding, oefensisteem, beplanning en balans toets aan die hand van wetenskaplike norme. Na die afhandeling van 'n seisoen se atletiekaktiwiteite moet deeglik besin word oor die wetenskaplikheid van die oefenstof se aanbieding. Alleenlik wanneer die afrigter hom vergewis het van die feit dat hy 'n wetenskaplike benadering het ten opsigte van sy oefenmetodes kan hy aanspraak maak op 'n suksesformule met die atleet-in-opvoeding.

18. DIE BEGINSSEL VAN KONTROLE

Sonder kontrole en begeleiding kan daar geen sprake wees van rekenskap en verantwoordings, ook geen moontlikheid vir remediëring wat die atleet se probleme in die didaktiese situasie betref of verbetering ten aansien van die afrigter se foutiewe didaktiese optrede nie. Dit beteken dat kontrole as didaktiese beginsel nooit weggelaat kan word wanneer 'n bepaalde situasie beoordeel word met die oog daarop om dit moontlik te herhaal nie (vergelyk Van der Stoep, et al, 1979, p.60).

Die atletiekafrigter moet veral op twee aspekte let binne die spektrum van hierdie beginsel van kontrole. Eerstens moet die afrigter let op die totaal van die afrigtingsituasie ten opsigte van didaktiese verloop, met die oog op die konstituering van verdere didaktiese situasies.

Tweedens moet hierdie situasie beoordeel word ten einde hulle as gewens te verklaar vir herhaling by 'n latere geleentheid (vergelyk Van der Stoep, 1969, p.43).

Die suksesvolle afrigter sal deurentyd 'n deeglike kontrole toepas om te bepaal of die oefenstof toeganklik is vir die atleet, het hy die gewenste

resultate met sy oefenmetodes, is sy oefenmetodes wetenskaplik verantwoordbaar? Kan die respiratoriese vermoëns van atlete werklik verbeter deur progressiewe oefening?

Daar is 'n baie insiggewende onderhoud gevoer met Nel insake die respiratoriese ontwikkeling van jeugdige deur atletiek oefening. Hy het intensiewe toetse gedoen op seuns en dogters van nege tot sewentien jaar met 'n spierometer om longvolumes te bepaal (vide supra, p.17).

Dit het geblyk dat lengte, massa, gewig en liggaamsoppervlaktewaardes per ouderdomsindeling stelselmatig deur jare toeneem. Die rede daarvoor is beter voeding en verbeterde sosio-ekonomiese toestande. Deur intensiewe beoefening van kardiovaskulêre aktiwiteite in atletiek soos lang distansies hardloop, oordistansie-oefening en landloop word die respiratoriese vermoë maksimaal ontwikkel (Nel, G.J. : Persoonlike onderhoud).

Verder moet die afrigter kontroleer of die oefensisteem stimulerend is en daar genoegsaam balans tussen die opvoedkundige en die prestasie-motief is. Alleenlik deur deeglike kontrole kan die knelpunte uitgeskakel word en mettertyd 'n ideale en aanvaarbare didaktiese afrigtingsituasie geskep word.

In die volgende hoofstuk word daar aandag gegee aan die besondere invloed wat die opvoedkunde in sy totaalverband op die atleet en die atletiek-afrigter het in sy bemoeienis met die jeug.

H O O F S T U K 3PEDAGOGIEK AS WETENSKAP VAN DIE OPVOEDINGSWERKLIKHEID EN AS SODANIG VAN DIE AFRIGTINGSWERKLIKHEID1. DIE GRONDSTELLING

"Pedagogiek is wetenskap van die opvoedingswerklikheid en daarom sal noodwendig aandag geskenk moet word aan die plekke waar die opvoedingswerklikheid aan te tref is en ook duidelikheid verkry moet word aan=gaande die status wat hierdie plekke het vir die pedagogiekwerkwyse. Daar moet 'n sinvolle samehang bestaan tussen metodologie en pedagogiek anders sou daar geen pedagogiek kan wees nie" (Landman, 1977, p.1).

Die atletiekafrigter moet beseft dat die jong atleet lewe in 'n wêreld waar hy moet orden en kies om sodoende, deur die handeling van die konstituering, 'n eie leefwêreld te ontwerp (vergelyk Van der Stoep, 1966, p.3; Diemer, 1956, p.195). Vir die afrigter as pedagoog het dit algemene betekenis omdat *"'n kind wat in hierdie handeling aan homself oorgelaat word, maklik verduaal in 'n stuk, onbedekte land ten opsigte waarvan hy weinig perspektief het"* (Van der Stoep, 1966, p.3; vergelyk ook Langeveld, 1956, p.12; Beets, 1961, p.33).

In hierdie studie gaan ons van die veronderstelling uit dat slegs die afrigter wat 'n deskundige opvoeder is, aanspraak kan maak op die professionele status wat daar van die wetenskap moet uitgaan. Die vereistes waaraan sodanige afrigter moet voldoen ten einde as deskundige opvoeder gereken te word in die atletiekwêreld berus op die volgende (vide infra, p.5.):

- 1.1 *Toerekende kennis* hê van atletiekafrigting vanweë sy studie van alle komponente van die atletieksituasie. Sy tegnieke moet nie verouderd wees nie en moet tred hou met die nuutste en moderne metodes beskikbaar. Te alle tye moet die afrigter deeglik onderlegd wees op so 'n vlak dat daar ook hier van die nodige deskundigheid sprake kan wees (vergelyk Landman, 1977, p.3).
- 1.2 *Betroubare kennis* hê van die opvoedingswerklikheid en van alles wat hierdie werklikheid kan verduister. Die deskundige

atletiekafrigter beskik oor "betroubare pedagogiese kennis en deeglik toegerus wees met kennis van die wesentlike van opvoeding as sodanig, in die psigiese lewe van die kind-in-opvoeding en die betekenis daarvan in die atletieksituasie. (Psigopedagogiek); die sosiale lewe van die kind-in-opvoeding en die betekenis daarvan vir die atletieksituasie. (Sosiopedagogiek); die didaktiese lewe van die kind-in-opvoeding en die betekenis daarvan vir die atletiek=situasie. (Didaktiese pedagogiek); die beroepsoriënterende lewe van die kind-in-opvoeding en die betekenis daarvan vir die atletiek=situasie. (Beroepsoriënteringspedagogiek); die liggaamlike lewe van die kind-in-opvoeding en die betekenis daarvan vir die atletiek=situasie. (Liggaampedagogiek); oor die lewe en eie betekenis daarvan vir die begryping van die hedendaagse onderwyspraktyk. (Historiese pedagogiek); die lewe met tekorte van die kind-in-opvoedingsnood en die betekenis daarvan vir die atletieksituasie" (Ortopedagogiek), (Landman, 1977, p.3).

- 1.3 Van die deskundige atletiekafrigter word *grondige lewensopvattingkennis vereis* omdat sy afrigtingsaktiwiteit op 'n lewensopvatlik-toelaatbare wyse moet geskied. Hierdeur sal by die afrigter gemoedsekerheid, verantwoordelikheid en entoesiasme gewek word vir essensieverwerking in die praktiese afrigtingsituasie. Dit moet ook vir die afrigter duidelik wees dat die pedagogiese essensie as besondere vorme op verantwoordbare wyse met lewensopvatlike inhoud gevul kan word (vergelyk Landman, Roos, Liebenberg, 1975, p.42; Landman, Van Zyl, Roos, 1975, p.71, Landman, 1977, p.5).
- 1.4 Veral belangrik in hierdie verband is *die Pedagogiekwerkwyse*. Die Pedagogieker, in ons studie, die opvoedkundige atletiekafrigter, soek aanhoudend na daardie betekenisvolle wyses van afrigting waardeur die opvoedingswerklikheid gekonstitueer word. Met konstitueer word bedoel die uitlig van die werklik essensiële uit veral alledaagse opvoedingservaringe wat in werklikheid 'n raaksien van pedagogiese essensies is. (Vergelyk (a) Kates, 1970, pp.91 - 92, (b) Stulberg, 1973, pp. 257, 265).

Dit beteken dat hy vrae stel soos: Welke wyses van afrigting het opvoedingsbetekenis? Watter wyses van afrigting het besondere betekenis by die behoorlike volwassewording van die atleet-in-opvoeding? (Vergelyk Landman, 1977, p.5).

Die afrigter soek dan *"deur sy pedagogiese afgestemdheid op die leefwêreld, denkend na pedagogiese essensies waardeur die opvoedingswerklikheid hom kenbaar maak. Die pedagogiese essensies moet in werklikheid raakgesien word"*. (Landman, 1977, p.6; vergelyk ook Kates, 1980, pp.91 - 92, Stulberg, 1973, pp. 257 - 265). *"Dit beteken dat essensieblindheid in al sy vorme oorwin moet word"* (Landman, et al., 1975, p.11; vergelyk ook Landman, 1977, p.6). Dit is 'n denkende soektog na 'n afrigtingspatroon wat die opvoedingswerklikheid moontlik maak en wat die betekenis daaraan gee wat dit het. *"Indien sodanige onthulde betekenis daartoe bydra dat die opvoeding toereikender begryp word, kan dit kategoriale betekenis genoem word"* (Estes, 1970, p.152).

Die atletiekafrigter hou hom dus by 'n wesentlike betekenisontdekking by die aan die lig bring van betekenisvolle wyses van afrigting wat as pedagogiese synswyses verskyn (vergeelyk Immelman, 1974, p.43). *"Dit beteken dat hy onthullende fenomenologie beoefen. Hy wil weet wat die essensiële aard van opvoeding is, wat die betekenisvolle wyses van afrigting is wat standhoudend gebeur in die opvoedingspraktijk"* (Landman, 1977, p.9; Immelman, 1974, p.43).

- 1.5 Die deskundige atletiekafrigter moet homself toets aan die vereiste van *sinvolheid van bestaan*. Hy moet doeltreffend lewe en 'n doelbewuste en doelgerigte lewensuitkyk hê. Hy moet kennis insamel wat betekenisvol is vir 'n doeltreffende wyse van lewe. Hy moet probleme waarmee hy gekonfronteer word helder formuleer en vasstel welke bykomende kennis verkry moet word ten einde 'n probleemsituasie effektief die hoof te bied. Hy moet trag om aktief, deur eie self-iemand-wees,

en deur die gemeenskap in ag te neem, die nuwe kennis wat ingewin is te verwerk en in verband te bring met die probleme wat opgelos moet word.

"Hy moet probeer om vas te stel of die insigte wat verwerf is genoegsaam is vir die probleemoplossing wat voltrek moet word en om te beoordeel of die probleme op die effektiëfste moontlike wyse opgelos is" (Landman, 1977, p.131).

Die taak van die atletiekafrigter is geleë in die vermoë wat hy besit om hierdie aangeleenthede voortdurend tussen volwassewording te beoefen sodat dit uiteindelik selfstandig beoefen kan word.

- 1.6 Die deskundige afrigter moet homself toets aan die vereiste van *selfbeoordeling en selfbegrip*. Met ander woorde die vermoë tot 'n selfstandige begryping van die betekenis van die volgende vir sy persoonlike wyse van lewe en dat hy selfstandig kan beoordeel of die volgende behoorlik gedoen word: *"lewe deur kennisinsameling op 'n verantwoordelike wyse; lewe deur nie van probleme te probeer ontvug nie, maar om dit te aanvaar en vir homself so duidelik as wat moontlik is verwoord; lewe deur genoegsame bykomende kennis in te win om 'n probleemsituasie die hoof te bied; lewe deur voortdurende kritiese beoordeling van die wyse van optrede in probleemsituasies"* (Landman, 1977, p.131; vergelyk ook Landman, 1975, p.28).
- 1.7 Die volgende vereiste waaraan die deskundige afrigter moet voldoen is *menswaardigheid*, dit wil sê om menswaardig vanuit atletiekafrigtingsperspektief te lewe. *"Hy moet aan besondere behoorlikheidseise voldoen byvoorbeeld Christelike behoorlikheidseise; hy moet sy eie menslikheid bevorder deur 'n aktiewe inset by die probleemoplossing aan die hand van nuut verworwe kennis en met voortdurende beoordeling of daar met waardigheid opgetree word in probleemsituasies"* (Landman, 1977, p.132).

Wanneer die atletiekafrigter die pedagogiese doelstrukture verloën beteken dit dat die atleet-in-opvoeding die voorreg ontnem word om te ontwikkel na behoorlike volwassenheid. Daar is dan geen oefendoel nie en die atleet sal nie weet wat aangaan nie en motivering sal geheel en al ontbreek.

2. DIE HOUDING VAN DIE AFRIGTER AS JEUGLEIER IN DIE VERWERKLING VAN AFRIGTINGSESENSIES

2.1 INLEIDEND

In die afrigtingswerklikheid is die opvoederlikehouding van die atletiekafrigter die deurslaggewende faktor in die proses van bemoediging en kommunikasie met die atleet-in-opvoeding.

Daar word besondere eise gestel waaraan voldoen moet word om as 'n ware opvoeder bestempel te word en wat dien as moontlikheidsvoorwaarde om die pedagogiese na behore aan die kind te voltrek (vergelyk Landman et al., 1978, p.268).

Die onderwyser-in-praktyk, of vir die doel van die studie, die afrigter-in-praktyk wat oor 'n toereikende kennis van pedagogiese essensies beskik, sal nie tot sinvolle essensieverwerking by magte wees indien sy *houding* teenoor die atleet nie goedkeuringswaardig is nie, dit wil sê essensieverwerking-bevorderend is nie (vergelyk Landman, et al, 1978, p.268).

Die verkeerde houding van die afrigter kan lei tot vernedering van die oefenstrukturessensie, die afbreek van die self-iemand-wees by die atleet en 'n totale verwerping van die doel, wat die afrigter beoog, deur die atleet (vergelyk Landman, 1977, p.226).

2.2 DIE NEDERIGE OPVOEDERLIKE HOUDING

Een van die negatiewe elemente wat baie aangetref word in die

afrigterswêreld is die ontwikkeling van *egoïsme*. Die afrigter ontwikkel 'n grootheidswaan dat alle suksesse en prestasies alleen aan sy eie bekwaamheid te danke is. "Ekletiek" word beoefen in plaas van atletiek. "*Die egoïes het niks vir 'n ander mens oor nie en alles draai net om homself*" (Van der Westhuizen, 1975, p.24). So 'n houding maak die afrigter ontoeganklik vir die atletegroep, 'n gevoel van weersin en antagonisme ontstaan en die atlete distansieer hulle van hom. Alleenlik deur die uitwissing van *egoïsme* en die ontwikkeling van 'n nederige opvoedende houding kan die afrigter suksesvol kommunikeer met die atleet-in-opvoeding.

Sommige afrigters met 'n selfverheffende grootheidswaan is geneig om die atlete te *verned* deur beledigings, affrontasie, slegsê, sarkasme, smalende opmerkings, afjakke en afsnou. Oneindig skade word op die wyse veroorsaak en dit is vanselfsprekend dat daar geen sprake van pedagogiese sukses kan wees nie. "*Die kind het vertroue in die opvoeder wat hom met agting en liefde simpatiek bejeën en daarom is vernietiging-van-vernedering moontlikheidsvoorwaarde vir 'n sinvolle pedagogiese bemoeienis*" (Landman, 1977, p.225).

"*Dit is dan veral in en deur die pedagogiese ontmoeting wat die geopenbaarde pedagogiese nederigheid-essensie verwerklik moet word*" (Van der Westhuizen, 1975, p.23).

"*Uit die pedagogiese ontmoeting tussen afrigter en atleet ontstaan 'n ware vertrouensverhouding en wedersydse toegeneentheid. Die atletiek=afrigter as opvoeder is bereid om steun aan te bied omdat hy vertroue het in die atleet as opvoeding. Die atleet is geborge omdat hy die afrigter vertrou*" (Van Zyl, 1973, p.179).

2.3 DIE SIMPATIEKE OPVOEDERLIKE HOUDING

Volgens Van der Westhuizen (1975, pp. 132 - 133) is die essensies wat dien as moontlikheidsvoorwaarde om as 'n simpatieke opvoeder bekend

te staan, kan uit die beskrywings afgelei word: fyngewoeligheid-vir-sagmoedigheid, gevoel-van-menslikheid, menswaardige hulpverlening en bereidwilligheid tot noodleniging.

Die atletiekafrigter moet die atlete *saggies* en liefderyk hanteer sonder 'n geraas en konflik. Volgens Kilian (1969, p.37) dui dit op 'n verfynde opvoederlike ingesteldheid en gestemdheid van die opofferende selfverloënde moment van die liefde.

"Dit dui op 'n simpatieke en liefdevolle onvoorwaardelike pedagogiese aanvaarding van atleet deur die outentieke opvoedende afrigter en daarna volg die simpatieke opvoederlike gesagsleiding" (Van Vuuren, 1963, p.141). Die atletiekafrigter moet altyd die atlete se gevoelens begryp en hulle probleme menswaardig hanteer.

2.4 DIE HOFLIKE OPVOEDERLIKE HOUDING

Die *hoflike optrede* van die atletiekafrigter teenoor die atlete, sy mede-afrigters, en die gemeenskap waarin hy hom bevind is noodsaaklik vir betekenisvolle begeleiding. Afrigting van atlete berus tot 'n groot mate op goeie menslike verhoudinge. Hoflikheid impliseer dat die afrigter menswaardigheid openbaar in sy optrede teenoor die atletegroep. Volgens Van der Westhuizen (1973, pp. 179 - 180) berus die hoflike opvoederlike houding op die volgende hoflikheidsessensies: fyngewoeligheid, erkenning-van-privaatheid, agting-vir-die-menswaardigheid en inagneming-van-omgangsvorme.

Afrigtingsessensieverwerking as besondere begeleidingsaangeleentheid het dan opvoederlike hoflikheid as een van die moontlikheidsvoorwaardes daarvan" (Landman, 1977, p.237).

2.5 DIE VERDRAAGSAME OPVOEDERLIKE HOUDING

Die atletiekafrigter word dikwels gekonfronteer met onverantwoordelike optrede by die atlete. Die atlete kom laat by oefensessies aan of

daag glad nie op nie; die oefensessie word nie na behore beoefen deur die atleet nie, die atlete kan hulself skuldig maak aan drank-misbruik of ander onverantwoordelike optredes. Dit is noodsaaklik dat daar nie 'n konflikverhouding ontstaan tussen afrigter en atleet nie aangesien dit verlamdend inwerk op die afrigtingshandeling. Marcel (1939, pp. 511 - 523) sien die verdraagsame opvoederlike houding gesetel in die volgende verdraagsaamheid-essensies: *"Lewensopvattingverwerkliking-in-pedagogiese onverdraagsaamheid, uitspraak-van-nie-verdraagsaamheid en inagneming-van-die-kinderlike-lewensopvatting. Die opvoeder moet indien hy die verdraagsame opvoederlike houding wil implementeer om sodoende dit waartoe hy geroep is, naamlik pedagogiese essensieverwerkliking te voltrek, alle vorme van onverdraagsaamheid uitskakel"* (vergelyk Landman, 1977, p.239).

2.6 DIE EMANSIPERENDE OPVOEDERLIKE AFRIGTERSHOUDING

Die outoritêre afrigtingshouding word geheel en al verwerp omdat *"onvoorwaardelike onderwerping sonder teenspraak geëis word, gepaard met skerp berisping en tereg wysing, intimiderende waarskuwings, dreiginge en liggaamstraf* (Landman, et al, 1978, p.407).

Die Anti-outoritêre afrigtershouding kan ook nie aanvaar word nie omdat dit eensydig kindersentrië gerig is en slegs die belange en geluk van die atleet-in-opvoeding bevorder (vergelyk Landman, 1977, p.249).

In so 'n stelsel is daar geen plek vir die atletiekafrigter as jeug-leier nie. Dit is onaanvaarbaar omdat hy as volwassene die begeleier van die jong atleet tot volwassenheid moet wees. Wedersydse deelname aan die afrigtings-opvoedings-situasie is 'n primêre vereiste vir die verwerkliking van die pedagogiese doelstellings (vide infra, p.111).

Die opvoedende atletiekafrigter moet hom wend na die nie-outoritêre gesagserkennende opvoeding wat in werklikheid emansiperende opvoeding is, wat as besondere wyse van afrigtingshulp, behoorlike volwassenheid ten doel stel.

3. DIE OPVOEDINGSVERHOUDINGE TUSSEN ATLETIEKAFRIGTER EN ATLEET

3.1 NOODSAAKLIKHEID

In die afrigtingsituasie kom die afrigter-as-opvoeder en die atleet-as-opvoedeling in 'n besondere verhouding tot mekaar te staan. Tydens die verloop van die oefenprogram deur die seisoen is hulle saam op die oefenveld bedrywig, hulle gaan saam op toere en ander uitstappies. Die ware ontmoeting tussen afrigter, en atleet vind in die informele situasie plaas in 'n baie groter mate as in die formele klaskamersituasie. Hulle raak met ander woorde in 'n besondere opvoedingsverhouding betrokke waar die atleet onvoorwaardelik die afrigter aanvaar as sy begeleier op die moeilike pad na volwassedom.

"Die opvoedingsverhoudinge is die pedagogiese vertrouensverhouding, die pedagogiese begrypingsverhouding en die pedagogiese gesagsverhouding" (Landman, et al, 1975, p.53; Landman, et al, 1974, p.21; Landman en Roos, 1973, Landman et al, 1978, p.41).

Hulle is fundamentele pedagogiese strukture wat verwesentlik moet word in die afrigtingswerklikheid anders is daar nie sprake van sinvolle afrigting nie.

3.2 DIE PEDAGOGIESE VERTROUENSVERHOUDING

By die atleet is daar 'n inherente behoefte aan 'n volwassene, die atletiekafrigter, in wie hy vertrou het. Hy wil deur 'n vertrouenswaardige volwassene begryp en gesteun word (vergelyk Kilian en Viljoen, 1974, p.166). Die afrigter kan alleenlik slaag in die begeleiding as die atleet vertrou dat die afrigter hom wel kan begelei in sy lewensweg. Die afrigter aan die ander kant moet weer vertrou dat die atleet sy begeleiding sal en kan aanvaar en dat hy dit sinvol sal aanbied (vergelyk Landman, et al, 1974, p.10).

"Vertroue in die afrigter-as-volwassene moet ontstaan deur 'n onvoorwaardelike en onbevooroordeelde aanvaarding van die jong atleet soos hy is en aanvaarding van wat hy kan, wil, moet en behoort te word (naamlik 'n volwassene)" (Landman, et al, 1978, p.45).

Om werklik die pedagogiese vertrouensverhouding te laat slaag moet die afrigter ook eerbied ontwikkel vir die jong atleet se waardigheid as mens. Op die wyse ontstaan 'n besondere verhouding tussen atleet en afrigter. Die atletiekafrigter-as-jeugleier moet vir homself die vraag afvra: Is die atletiekgebeure werklik moontlik sonder die essensiële teenwoordigheid van die vertrouensverhouding tussen afrigter en atleet in die opvoedingsgebeure? (Vergelyk Kilian en Viljoen, 1974, p.178).

3.3 DIE PEDAGOGIESE BEGRYPINGSVERHOUDING

Die atletiekafrigter moet deeglike pedagogiese kennis bekom, dit wil sê kennis van wat die werklik essensiële is van die kind-in-opvoeding. Hy moet die wese van kindwees begryp veral ten opsigte van die andersheid van elke kind. Die kind wil die reg hê om 'n individu te wees en daar is 'n verlanse om self-iemand-te-wees (vergeelyk Landman, et al, 1978, p.48; vide supra, pp.51-28).

Die atletiekafrigter-as-jeugleier moet veral begryp wat die doelstellings met sy opvoedingswerk in die atletieksituasie is, en moet oor genoegsame kennis beskik van die pedagogiese gebeure om sinvol en korrek die atleet te begelei na volwassedom. *"Die begeleide sal aan die ander kant, in 'n toenemende mate kennis moet verwerf aangaande dit wat die opvoeder aan hom voorhou as behoorlik"* (Landman, et al, 1974, p.10).

Die lewendige met-mekaar-wees van die atletiekafrigter en die atleet bied die moontlikheid tot egte selfbegryping. Die afrigter moet die atleet bystaan om tot egte selfkennis te kom; dit lei tot eventuele selfbegryping by die atleet (vergeelyk Kilian en Viljoen, 1974, p.224).

Die afrigter moet elke individuele atleet leer ken, hy moet die atleet help om sy moontlikhede te ontdek en begryp; die atleet moet waardering hê vir die talente wat hy ontvang het; die atleet moet sy verantwoordelikheid besef ten opsigte van bereiking van doelstellings; hy moet gehoorsaam wees in sy algemene optrede en altyd sy uiterste bes doen met al die bedrywighede waarby ingeskakel word (vergelyk Landman et al., 1978, p.51; Landman en Roos, 1973, p.139).

3.4 DIE PEDAGOGIESE GESAGSVERHOUDING

"By die kind bestaan daar 'n hunkering na gesag en simpatieke gesagsleiding" (Oberholzer soos aangehaal in Landman, 1978, p.50). In gesagsverhouding word die atleet-in-opvoeding deur die atletiekafrigter aangespreek en opgeroep tot verantwoordelikheid. *"Gehoorsaamheid is gesagsaanvaarding en deur die gesagsgehoorsaming word geborgenheid moontlik"* (Landman, 1978, p.50; Smit en Kilian, 1978, p.76).

Vir die atletiekafrigter as jeugleier is dit belangrik dat hy in staat moet wees tot simpatieke gesagsleiding want dan alleen kan hy die opvoedingshandeling voltrek en vertrouwe wek by die atlete (vide infra, p.107).

Die saamlewe van afrigter en atleet word gekenmerk deur die afrigter wat duidelik met die atlete praat oor die behoorlikheids-eise en hulle inspireer tot die doen van die behoorlike. Die atlete moet gewillig wees om sinvolle voorskrifte aan te hoor en uit te voer (vergelyk (Landman, 1977, p.64; Landman, et al, 1978, p.51; Landman, et al, 1974, p.21; Viljoen en Pienaar, 1971, p.120; Landman en Roos, 1973, p.140; Kilian en Viljoen, 1974, p.170).

Alhoewel daar 'n ontspanne en gemoedlike gees heers tussen die atletiekafrigter en die atletegroep moet daar beslis dissipline en gesag wees ten opsigte van instruksies binne die oefenprogram asook die algemene leefwyse van die atlete. 'n Gees van samehorigheid en gehoorsaamheid ontstaan in so 'n pedagogiese gesagsverhouding

wat die opvoedingsgebeure binne die atletieksituasie vlot en doeltreffend sal laat verloop.

4. SAMEVATTEND

Die ordelike en suksesvolle atletiekafrigtingspatroon word bepaal deur die atletiekafrigter-as-jeugleier. *"Deur die voortreflike outentieke opvoederlike houding te vergestalt in die bemanning-van-opvoedingsessensies as deugde in sy suiwerheid; word die sinvolle pedagogiese essensieverwerking vir beide opvoeder en kind tot 'n vreugdevolle behoudende beewing wat die weg van die Christen Protestantse opvoeder en kind uitstippel"* (Landman, et al, 1975, p.365).

Spontane en opregte respek ontstaan by die atleet teenoor sy afrigter en beide aanvaar vrywillige onderwerping aan die gesag van behoorlikheidseise. Die atletiekafrigtingsituasie word 'n genot vir beide afrigter en atleet aangesien die deskundige afrigter geen vernederings, afjakke en bombasme toelaat in die verhouding met die atlete nie. Die egte opvoederlike houding skep 'n gemoedlike, welwillende, onbaatsugtige, simptieke en regverdige oefenstelsel wat die omgangs- en ontmoetingsverhouding tussen afrigter en atleet in die verloopstruktuur baie bevorder.

Hieruit is dit nodig om in die volgende hoofstuk in die besonder te let op die atletiekafrigter as jeugleier en die besondere kwaliteite waarvoor hy as mens behoort te beskik, veral omdat daar 'n aanmerklike verskil bestaan tussen die persoon wat net afrig en diegene wat lei van die jeug is in hulle atletiek-afrigting.

H O O F S T U K 4

DIE ATLETIEKAFRIGTER AS JEUGLEIER

1. DIE LEWENS- EN WĒRELDBESKOUIING VAN DIE ATLETIEKAFRIGTER BEPAAL SY DOELSTELLINGS IN DIE OPVOEDING IN DIE ALGEMEEN EN IN ATLETIEK=AFRIGTING IN DIE BESONDER

Elke afrigter is besiel tot die afrigtingsituasie in 'n minder of meerder mate deur sy lewens- en wêreldbekouing. Daarsonder is geen ware opvoeding denkbaar nie. Die atletiekafrigter dra hierdie bekouing bewus of onbewus oor aan die atleet-in-opvoeding. *"Die lewensopvatting bepaal die bekouing oor die doel van ons lewe en gevolglik ook die doel van die opvoeding. Dit wissel tussen oppervlakkig, selfsugtig, willekeurig, ondeurdag, wisselvallig, plat, vlak en lelik tot die onselfsugtig, welbewus, goeddeurdag, onveranderlik, fyn, godsdiensdig, diep en skoon"* (Fleischmann, 1962, p.65).

Daarvolgens rig die opvoedende afrigter sy werksaamhede op die aarde of die verhewe. Dit is moeiliker as twintig jaar gelede om die mooiste en die edelste by die kind in te skerp, om hom te leer wat nederigheid, liefde, eerlikheid, waarheid, getrouheid, opregtheid is, te middel van die oorheersende atmosfeer van selfsug, haat, bedrog, leuentaal, ontrouheid in die wêreld van vandag (vergelyk Fleischmann, 1962, p.65).

"Namate die kind gevoelsmatig (affektief) en kennend (kognitief) en ervarend, willend en belewend die sin en betekenis van die Christelike waardes en norme vir homself toedien, word dit dus sy ervaringsbesit en toenemend sal hy daartoe kan oorgaan om hierdie waardes en norme uit te lewe" (Sonnekus, 1979, p.338).

Die atletiekafrigter se groot taak is om die atleet-in-opvoeding weg te laat beweeg van die egosentriese lewensbekouing, met die individu as middelpunt, na die geestelike waardes soos moraal, die estetiese, filosofie en die religieuse. Die atletiekafrigter neem in hierdie voortlewing van die Christelike lewensopvatting deel deur te alle tye in sy/haar voorbeeld 'n Christen te wees (vergelyk Sonnekus, 1979, p.388).

Fleischmann onderskei tussen die twee strominge van Humanisme met die mens in die Sentrum (antroposentrië) en dus nie Christelik is nie, en die Teïsme wat die Skepper in die Sentrum van alle dinge plaas en noem hulself Christene omdat hulle aan 'n Kerk behoort, sonder om die leerstof of die leerling vanuit die Christelike oortuiging te benader (vergelyk Fleischmann, 1962, p. 25).

Waterink beweer dat jy 'n ongelowige en 'n gelowige nie naasmekaar kan opvoed nie. Die een moet plek maak vir die ander om die kind se persoonlikheid nie uiteen te trek nie. In hierdie lig gesien stem ons seker saam met Waterink dat daar nie sprake is van enige opvoeding as die opvoeder nie 'n Christelike lewensbeskouing besit nie. "... die opvoeding heeft alleen dan zin, wanneer God die opvoeding gebruik als middel om het kind te brengen daar, waar hy het hebben wil. Alle middelen gebruik heeft ten slotte alleen dan resultaat, wanneer God die middelen zegent. Dit betekent, dat alle opvoeding dient te gesehieden in afhankelijkheid van God" (Waterink, 1951, p.21).

Landman se siening: *"Die Christenonderwyser is iemand wat as besondere geestelike volwassene onvoorwaardelik en met entoesiasme die Christelike lewensopvatting leef"* (Landman, 1978, p.92).

Die atletiekafrigter as jeugleier mag nie neutraal wees nie, maar sy afrigtingstaak moet gelei en bepaal word deur 'n oortuigende Christelike opvatting. Die deurstraling van sy persoonlike verhouding tot God in sy omgang met leerlinge is dikwels van groter opvoedkundige betekenis as die oordra van kennis (vide supra, p.14).

Die afrigter wat nalaat om sy atleet ook deur middel van sy afrigtingswerk na God omhoog te lei (geleenthede of situasies vir anastatiese ontsluiting te skep) is slegs met parsiële opvoeding besig (vergelyk Schoeman, 1975, p.42).

Indien die atleet-in-opvoeding die Christelike lewens- en wêreldbeskouing aanneem, gee dit hom 'n standpunt waaruit hy alle lewensprobleme kan benader sonder om koers te verloor. *"Dit versoen die teenstelling tussen gemeenskap en individu en ondersteun die wedersydse onmisbaarheid vir mekaar. Dit bepaal die hele mens se diepste verhouding tot God en ander skepsels"* (Fleischmann, 1962, p.26).

In die lig van Gods Woord weet die atletiekafrigter dat neerlae en mislukkings met 'n doel op sy weg geplaas word ten einde hom gereed te maak om uiteindelik Gods Koninkryk deelagtig te word. Soos Waterink, (1962, p.114) dit stel: *"heren uit het woord wil zeggen, dat het woord van God de zin en de richting en ook alle aktiviteit en spontaniteit in ons level beheerst."*

Die doel van die ganse bemoeienis van die atletiekafrigter met die atleet-in-opvoeding is om hom, deur alles wat hy doen, al sy items, al sy aktiwiteite, na God te lei. *"Deur instrumenteel te wees in die terugbinding van die hart van die kind aan God, kan die opvoeder daarin slaag om deur Gods genade in Jesus Christus, die enigste ware en uiteindelijke doel met opvoeding te bereik"* (Schoeman, 1975, p.45), en so ook met die afrigting van atletiek.

2. DIE PERSOONLIKE EIENSKAPPE VAN DIE ATLETIEKAFRIGTER AS JEUGLEIER

2.1 DIE PERSOONLIKE FILOSOFIE VAN DIE ATLETIEKAFRIGTER BEPAAL 'N KORREKTE AFRIGTINGSFILOSOFIE

Die korrekte opvoedkundige afrigtingsbenadering word grootliks bepaal deur die atletiekafrigter se persoonlikheid, sy begeertes, behoeftes, filosofie en sy houding ten opsigte van die atlete waarmee hy werk. Die werklike waarde van sodanige afrigtingsfilosofie setel daarin dat die afrigter nie alleen sukses sal behaal in die prestasie van sy deelnemers nie, maar dat hy ook in staat sal wees om 'n langtermyn blywende effek te hê op die waardepatroon en gedrag van die individu (vergelyk Blomerus, 1981, p.72).

"In addition to a sound philosophy of life the trainer should possess a good philosophy regarding athletics and the training"

of athletes. He must believe in what he is doing and must feel that what he is doing has value and serves a purpose - that he is making a vital contribution towards achieving the desired goal" (Klafs en Anheim, 1963, p.28).

Om hierdie doelstelling te verwesenlik is dit noodsaaklik vir die atletiekafrigter om atletiekonderrig te beoefen en nie suiwer atletiekafrigting nie. Atletiekonderrig impliseer 'n opvoedkundige benadering waarin lewenswaarde, gesindhede en gedrag setel, sowel as die ontwikkeling van die atletiekvaardighede. Die implikasie hiervan is dat dit te doen het met die ten volle geïntegreerde individu (vergelyk McEwan, 1980, p.3).

Die suksesvolle atletiekafrigter as ware jeugleier, moet die "*prestasie-alleen-doelwit*" op die agtergrond plaas en eerder onderrig en opvoed tydens sy afrigtingsproses om sodoende blywende waardes te bevorder by die atleet-in-opvoeding (vide infra, p.131).

2.2 DIE PERSOONLIKE EIENSKAPPE VAN DIE ATLETIEKAFRIGTER BEPAAL 'N SUKSESVOLLE ATLETIEKONDERRIGSISTEEM

2.2.1 Die belangrikheid van goeie persoonlike eienskappe

Aangesien die atletiekafrigter in die hele proses van atletiek-opvoeding die deurslaggewende rol vertolk in die indrukke en waarnemings van die atleet, is dit ondenkbaar dat 'n afrigter sonder 'n goeie persoonlikheid of karakter suksesvol as jeugleier kan optree, want dit sluit eienskappe soos eerlikheid, integriteit, betroubaarheid, nederigheid, opregtheid en standvastigheid in (Goosen, 1976, p.7).

Die persoonlike eienskappe van die atletiekafrigter bepaal die sukses van die hele seisoen se afrigtingspatroon en veral belangrik in hierdie studie, die hele opvoedingsverloop van die atleet wat onder sy toesig oefen. Die persoonlike voorbeeld wat die afrigter stel word getrou nagevolg deur die atleet; persoonlike eienskappe

van die afrigter word onbewustelik oorgedra op die atleet in die vertrouensverhouding "*n afrigter rig af en onderrig ooreenkomstig sy eie persoonlikheid*" (McEwan, 1980, p.9).

Klafs en Anheim (1963, p.25) beklemtoon die belangrikheid van persoonlike eienskappe van 'n afrigter. "*The personal qualities of a trainer, not the facilities and equipment determine his success ... personality is a complex of many characteristics which together give an image of the individual to those with whom he associates.*"

Verskillende atletiekafrigters sal verskillende persoonlike eienskappe openbaar in die benadering tot die afrigting van atlete (vergelyk Hansen, s.a., p.106). Elke afrigter moet egter sy eie styl van afrigting ontwerp wat uniek aan sy persoon is. Volgens McEwan (1980, p.9) "*A good teacher coaches according to his/her own personality. Do not model yourself on other coaches unless it suits your personality.*" Basiese vereistes is egter noodsaaklik om die prestasie-motief en die opvoedkundige doelstelling tot sy volle reg te laat ontwikkel.

Daar is beslis geen "*geheime*" formule om sukses in atletiek-afrigting te verseker nie, maar deur diepgaande selfondersoek kan die afrigter homself vergewis in hoeverre sy filosofie voldoen aan opvoedkundige standaarde en hoedanig dit prysenswaardige prestasie nastreef (vergelyk Blomerus, 1981, p.73).

Eerlike introspeksie kan dus die afrigter besiel om homself toe te rus met daardie kwaliteite wat hom, en die mense waarmee hy werk op alle lewensterreine versterk (vergelyk Smith, 1971, p.41).

2.2.2 Selfvertroue

Webster (1938, p.53) sien die belangrikste vereiste vir die atletiekafrigter-as-jeugleier "... *an all abounding confidence in themselves. This is a very necessary adjustment if a coach is to inspire confidence in those athletes who are committed to his care*".

'n Atletiekafrigter sonder selfvertroue tree huiwerig en negatief op teenoor die atletegroep, wat 'n ernstige breuk veroorsaak in die afrigter-atleetverhouding.

"Teleurstellings en frustrasies binne die oefengroep; veral wanneer doelwitte nie bereik word nie, word alleenlik geneutraliseer deur absolute geloof en vertroue wat die afrigters in sy oefengroep het asook vertroue en geloof van die atlete in die afrigter as leier het" (Henriques, 1951, p.35).

"A trainer inspires confidence through a quiet competence - knowing what to do, when to do it, how to do it and then going at it properly and effectively" (Klafs en Anheim, 1963, p.27).

2.2.3 Leierskap

Die atletiekafrigter as jeugleier moet in die eerste plek praktiese mensekennis besit wat die lewe hom geleer het. Hy ken tweedens sy atlete as persone. Hy doen dus moeite om te weet wie hy moet lei en bepaal die behoeftes en aspirasies van sodanige atlete. *"Hy moet sy mense so ken dat hulle, erken voel - die 'een-van-ons'-gevoel kry"* (Behr, 1979, p.139).

Klafs en Anheim (1963, p.26) sien die leierskap van die atletiek=afrigter soos volg: *"The trainer must be a dynamic individual who can lead and motivate those with whom he works, as well as those whom he serves. He must work co-operatively with many people, being*

able to express his opinions and views without being dogmatic. He must be able to accept; understand and weigh the views and opinions of others and to transform the abilities of his co-workers into an organized, harmonious whole. Above all he must be decisive."

McEwan (1980, p.9) se siening oor leierskap: *"Possess leadership qualities, which included the ability to communicate easily, inspire individuals and motivate teams, and render confidence and develop team spirit."*

Volgens Hendriques (1951, p.39) is die belangrikste vereiste van leierskap geleë in die persoonlike voorbeeld wat die atleetikafrigter stel: *"In leadership it is example which counts more than anything else. Imitation is one of the earliest instincts of a child and is equally characteristic of the adolescent."*

Die ware atleetikleier moet nie eise aan atlete stel wat hy self nie kan nakom nie. Die atlete verloor vertroue in die leier met dubbelstandaarde - vir die atlete is die atleetikleier se privaat lewe net so belangrik soos sy publieke lewe.

Adaire (1968, p.138-140) maak die volgende gevolgtrekkings oor ontwikkeling van leierskap na sewe jaar van navorsing in 'n militêre situasie. *"One cannot teach leadership - it can only be learnt"*; deur ondervinding alleen kan ware leierskap ontwikkel. 'n Ware leier, hoe bekwaam ookal, benut elke lid van die groep se talente en bevoegdhede, hy moet egter die aktiefste lid van die klub wees. *"On the other hand, he must not let the club become a one-man show"* (Adaire, 1968, p.167).

Swartz sien 'n belangrike vereiste van leierskap in die kuns van redevoering en die kuns van onderhoudvoering. Effektiewe kommunikasie is van besondere belang vir leierskap veral die vermoë om

met oorgawe te luister. Die samehang tussen kommunikasie en mensekennis is dus van groot belang vir goeie leierskap (vergeelyk Behr, 1979, p.149).

Barnard het 'n interessante siening insake leierskap: 'n Leier van kinders moet bo en behalwe sy kennis, sy meesterskap, ook nederig genoeg wees om aan sy volgelinge geleentheid te gun om self leiding te neem en hulle op hierdie wyse behulpsaam wees om hul eie leierspotensiaal te ontwikkel (vergeelyk Behr, 1979, p.28).

Omdat deelname aan atletiek 'n vrywillige aktiwiteit is en die atlete dit beoefen omdat hulle dit geniet en satisfaksie daaruit put, is die leierseienskappe des te belangrik om die nodige prikkels vir deelname en dissipline te skep. *"It may be possible to instil good habits by outward discipline, but virtuous living comes from within, not from without. A good leader leads, he does not order"* (Adaire, 1968, p.17).

Volgens Adaire (1968, p.20) is 'n belangrike vereiste van leierskap die vermoë om die hele groep in een aksie saam te voeg, saam te oefen en saam deel te neem. Soos 'n orkesdirigent wat die hele orkes harmonieer.

Samevattend kan ons die volgende gevolgtrekkings maak insake die leierskap van die atletiekafrigter as jeugleier: Selfvertroue en genoegsame kennis van die atleet, oefenstof en tegnieke van afrigting is noodsaaklik vir goeie leierskap, aanhoudende kritiek en skree op atlete werk negatief in op die hele oefengroep; besluitneming in kritiese situasies asook 'n kalm en rustige benadering werk vertroue by die atlete; goeie inherente eienskappe kweek selfvertroue om sy oordeelvermoë aan te wend tot voordeel van sy deelnemers; die persoonlike voorbeeld van die atletiekaf= rigter bly van deurslaggewende belang in die hele proses van goeie leierskap (vide infra, p.108).

2.2.4 Kennis (Kognitief)

Die grondslag van sukses by die leierskap van die atletiekafrigter is dat hy bevoeg moet wees om sy taak te vervul deur deeglike kennis op te bou van alle fasette van atletiekafrigting, die situasie waarin hy werk en van die atlete met wie hy werk. Die atletiekaffrigter moet 'n student bly en alle moontlike gegewens versamel om hom sodoende in 'n gesaghebbende te ontwikkel betreffende die atletieksituasie as 'n geheel.

"By means of studying text books and observing the actions and training methods of a first class athlete a man begins to acquire the ability for coaching ... the coach must always be studying and learning. Although athletic lore is well established its ramifications are almost limitless" (Webster, 1938, p.56).

Die belangrikheid van kennis word ook deur McEwan (1980, p.9) benadruk. *"A good coach must have a thorough knowledge of the sport. This means having insight into the technical skills and the tactics of the sport as well as being completely conversant with the rules and their implementation."*

Vir die atletiekafrigter as jeugleier is dit noodsaaklik om soveel kennis as moontlik te bekom deur gedurig te luister na ander gesaghebbendes, nuwe idees te aanvaar en voortdurend soekend te bly ten opsigte van nuwe en meer doeltreffende oefen- en onder- rigmetodes. *"Die gedagte hier is dus kennis, begrip, toepassing, analise, sintese en evaluering" (Avenant, 1980, p.65; vergelyk ook Sonnekus, 1979, p.372).*

2.2.5 Gesindheid (Affektief)

Om te slaag om 'n liefde en belangstelling vir atletiek te ontwikkel moet die atletiekafrigter hom ten doel stel om self toewyding te openbaar. Ware belangstelling in atletiek word gekweek deur 'n vaste vertrouwe van die atleet in sy afrigter as leier.

Positiewe gesindhede word alleenlik ontwikkel as die atletiek= afrigter geken word deur sy handelinge en nie deur sy veronder= stelling nie. Die goeie afrigter is eerstens iemand met menslike vaardighede en besit tweedens tegniese kennis, hy openbaar warmte en is ingestel op aanvaarding en hy openbaar positiewe verwagtinge by die atlete (vergelyk Sonnekus, 1979, p.373).

Affektiewe eienskappe wat die atletiekafrigter verder moet besit om die korrekte gesindhede te kweek by die atletegroep is warmte, begrip, vriendelikheid, verantwoordelikheid, saaklikheid, sistematie(s), stimulerend, verbeeldingryk en entoesiasties - al hierdie eienskappe is oordraagbaar op die atletegroep en lei tot goeie sportgesindhede en wakker waardes aan wat by atlete pas en tuishoort (vergelyk Sonnekus, 1979, p.372).

2.2.6 Geesdrif en belangstelling

Die geesdrif en belangstelling wat die atletiekafrigter openbaar in sy oefensessies, teenoor sy atlete en ander betrokkenes is van deurslaggewende belang om entoesiasme te kweek.

"The first qualification of a good coach is an all embracing interest in the subject of track and field events. If one is not an out-and-out enthusiastic right down to the bone, it is better to leave the game alone" (Webster, 1938, p.53).

Wanneer die atlete in 'n oefensessie begin tam en moeg word is dit die geesdrif van die afrigter wat hulle aanspoor tot groter werkywer, wanneer atlete moedeloos raak as gevolg van mislukking in kompetisie, is dit die geesdrif van die leier wat hulle weer aanspoor tot hernude ywer.

2.2.7 Sin vir regverdigheid

Om die goeie gesindhede binne die oefengroep uit te bou moet die atletiekafrigter altyd elke individu binne sy groep regverdig

behandel ongeag sy persoonlikheid, agtergrond, kultuur en kerkverband.

"The ethics of training demand that fairness and justice be maintained at all times. A sense of fair play and justice goes a long way toward establishing harmonious relationships" (Klafs en Anheim, 1963, p.26).

Veral belangrik is om nie te diskrimineer teenoor die minder talentvolle en minder suksesvolle atleet nie. Andersyds moet gewaak word om nie te veel aandag te gee aan die top presteerder ten koste van die ander nie.

2.2.8 Sin van humor

Baie atlete reken dat 'n goeie sin vir humor by die afrigter die belangrikste bate is van 'n suksesvolle jeugleier. *"The ability to relax others by means of humor and wit is indeed an important asset and can serve to release much of the tension that builds up particularly prior to competition"* (Klafs and Anheim, 1963, p.27).

Volgens McEwan (1980, p.9) is dit 'n noodsaaklike vereiste vir sukses in afrigting. *"Without a sense of humor there can be no real success in teaching sport."*

'n Goeie sin vir humor is die kommunikasie tussen die atleet=
afrigter en sy atlete. Die atleet=
afrigter-as-leier moet die vermoë hê om die spanning te verbreek deur 'n goeie sin van humor.

"It is a wonderful asset to be able to make a boy smile when desired - friendships on the verge of disruption have been saved by it" (Hendriques, 1951, p.37; vergelyk ook Adair, 1968, p.109).

2.2.9 Emosionele volwassenheid

Selfbeheer en emosionele volwassenheid vorm die basis van die atletiekafrigter se besluitneming en optrede wanneer emosionele probleme en spanning binne die oefengroep ontstaan. Gedurende die kompetisie gaan oefen die atlete deur en tyd onder spanning en dikwels ontstaan persoonlikheidsbotsings tussen die atlete of spanning ontstaan tussen die atlete en afrigter weens hoë eise wat aan die groep gestel word (vergelyk Behr, 1979, p.7).

Die emosioneel-volwasse afrigter is die kalmerende faktor om al hierdie steurnisse rustig en kalm af te water. *"Consequently he must exhibit good self-control at all times setting an example and thereby exerting a calming effect on those about him. There is no place in his field for pettiness or immaturity"* (Klaffs en Anheim, 1963, p.26; vergelyk ook Van Zyl, 1956, p.13).

2.2.10 Intellektuele vermoëns

Hier het ons te doen met die afrigter se vermoë om die talle probleme wat hom in die proses van afrigting konfronteer die hoof te bied. Deurentyd vind veranderinge plaas in sy onmiddellike omgewing asook vernuwings wat oefenmetodes en oefenstof betref en die atletiekafrigter moet altyddeur studie en goeie waarnemingskennis opdoen en dit dan met goeie diskresie implementeer in sy sisteem.

Voortdurend moet die afrigter soekend bly na waarhede binne die atletieksituasie om sodoende antwoorde te vind op probleme wat sy taak as afrigter kan belemmer. *"Consequently the trainer should possess a lively intellectual curiosity both within and outside his field which stimulates him to do considerable reading in professional and allied journals and books and to experiment and research in his area - there are many questions that still need to be answered"* (Klaffs en Anheim, 1963, p.27; vergelyk ook Van Zyl, 1956, p.9).

2.2.11 Goedhartigheid en begrip

By 'n suksesvolle atletiekafrigter is altyd die kwaliteit van takt, begrip en goedhartigheid teenwoordig. Alle atlete ondervind sporadies emosionele probleme wat die vlot verloop van die atletiekoefening belemmer. Die afrigter moet bereid wees om tyd te spandeer aan elke atleet se individuele probleme en moet simpatiek en geduldig na hulle luister.

Die goedhartige afrigter met begrip is altyd geduldig en verdraagsaam met die onverantwoordelike atlete wat irritasies veroorsaak of die onsuksesvolle atlete-in-kompetisies. *"Idealistiese afrigters wat te hoë eise stel aan atlete verloor dikwels die mooi eienskap van geduld en verdraagsaamheid weens 'n koorsige gejaag na medaljes"* (Henriques, 1951, p.38).

Die geloof wat die afrigter het in sy eie vermoë om die atlete by te staan asook die bereidwilligheid om tyd te spandeer aan elke individu in sy groep bepaal tot 'n groot mate die goeie menslike verhouding binne die oefengroep.

"An affable trainer who possessed enthusiasm and optimism can do much toward developing a favourable emotional climate in the training quarters" (Klaffs en Anheim, 1963, p.27).

2.2.12 Betroubaarheid

Die atletiekleier moet absoluut betroubaar wees en foutloos wat stiptelikheid aan betref. Indien hy 'n belofte maak moet dit stiptelik nagekom word. Die atlete moet altyd na hom kan opsien, hom idealiseer as die persoon wat die voorbeeld stel van korrekte optrede (vergelyk Behr, 1979, p.7).

Die groot probleem by die jong atlete is om soms sonder rede laat te kom of glad nie op te daag by 'n oefensessie of kompetisie nie.

in Werklike sin vir verantwoordelikheid word alleenlik ingeskerp waar die atletiekafrigter as jeugleier betroubaar optree, altyd stiptelik is vir alle afsprake en alle beloftes konsekwent nakom. *"The boys must learn to accept his word to be sacred as a promise. The sense of duty is intensified by the thought that they rely upon him"* (Hendriques, 1951, p.37).

2.2.13 Dissipline en gesag

Inherent moet die atletiekafrigter as jeugleier gedissiplineer wees om goeie gesag binne sy oefengroep uit te oefen. Die atletiekafrigter kan nie in sy persoonlike lewe onverantwoordelik optree en dan van sy oefengroep goeie dissipline verwag nie. *"To be against gambling, drink, loose behaviour with women for the boys in the club, deliberately to indulge in such things himself, so undermines the character of the leader in the estimation of the boys that they have in the end little use for him. Apart from anything else, such an attitude is on ethical grounds, indefensible"* (Hendriques, 1951, p.39).

Deur persoonlike dissipline en verantwoordelike optrede verhef die atletiekafrigter homself tot 'n gesaghebbende figuur wat sy dissipline op die oefenveld altyd op 'n konstruktiewe wyse sal beoefen - beslis en konsekwent.

"Dit is vir die kind maklik om op 'n liefdevolle verhouding gesag te aanvaar, want hy het 'n hunkering na gesag en simpatieke gesagsleiding" (Landman en Gouws, 1969, p.63).

Die afrigter moet homself altyd vergewis van die sintese van vryheid, gesag en dissipline. *"Vryheid moet altyd in verhouding tot gesag gesien word, want dit is juis daardie gesag wat die mens se vryheid beskerm"* (Schoeman, 1975, p.48).

Die atlete moet die opvoedkundige waarde van gesagsuitoefening op die oefenveld deur die atletiekafrigter beseef en uitsien as positiewe hulpverlening, leiding en beïnvloeding. Wanneer die

afrigter daarin kan slaag om selfdisipline, lojaliteit, toewyding en gehoorsaamheid by die atlete tuis te bring, het hy opvoedkundig geslaag om ware vryheid binne sy oefengroep te implementeer (vergelyk Blomerus, 1981, p.77).

2.2.14 Perspektief

Om sy taak as leier van die kind-in-opvoeding uit te voer het die atletiekafrigter vele persoonlikheidseienskappe en vermoëns nodig. Soos die onderwyser in die klaskamersituasie, is die atletiekafrigter op die sportveld ook 'n begeleier van die kind-in-opvoeding. Sy persoonlikheidseienskappe bepaal die tempo en vlot verloop van die oefenprogram, die geluk en satisfaksie van die individuele atlete, die sukses en prestasie van die atlete-groep, maar boweal die skep van blywende opvoedkundige waardes in die jong atleet se proses van volwassewording (vide infra, p.111).

Die suksesvolle atletiekafrigter moet die vermoë besit tot individualisering, vorming van die gees en waardes asook persoonlikheidsvorming van die jong atleet. Indien die atletiekafrigter nie 'n ware liefde het vir die kind-in-opvoeding nie en tekortkominge openbaar ten opsigte van persoonlikheidseienskappe, kan daar nie sprake wees van ware jeugleierskap nie.

Die persoonlikheid van die atletiekafrigter en sy professionele toerusting vorm die grondslag van 'n suksesvolle sportopvoeding. Die prestasiedoelwit moet afgewater word in die atletiekafrigter se lewensfilosofie en sy afrigtersfilosofie moet ingestel word ter bevordering van die opvoedingsproses en die skep van blywende waardes in die lewe van die jong atleet wat aan hom toevertrou is.

2.3 DIE ATLETIEKAFRIGTER AS JEUGLEIER IN DIE TOEPASSING VAN DIDAKTIESE BEGINSELS IN 'N PRAKTIESE ONDERRIGSISTEEM

2.3.1 Bepaling van doelstellings vir die atletiekseisoen

In die doelwitbepaling van die atletiekafrigter moet hy besef dat alle eensydigheid in die ontwikkelingsgang van die atleet werk verengend en verarmend in op sy lewe. Die lewe is 'n eenheid en al die lewenskragte is onderling met mekaar verbind en beïnvloed mekaar. Daarom steek daar so 'n groot gevaar in die enge spesialisasie as enigste doelstelling van die atletiekafrigter (vergelyk Fleischman, 1962, p.27).

Die eerste oogmerk van die atletiekafrigter moet geleë wees in die ontwikkeling van die jong atleet as totaliteit. Die liggaam van die atleet word ontwikkel en gekondisioneer as die middel of aanknopingspunt vir die opvoeding van die totale mens. Die ontwikkeling van atletiekvaardighede moet dus ook aan die geestelike vorming meehelp.

Die algemene ontwikkeling van liggaamsvaardighede ten opsigte van spoed, krag, uithouvermoë, soepelheid en kardiovaskulêre vermoëns bly 'n hoë prioriteit vir die suksesvolle atletiekafrigter om die prestasiedoelwit te bereik. Die beplanning van 'n progressiewe oefenprogram is noodsaaklik om sodoende die atleet geleidelik te kondisioneer vir groter fisiese eise wat aan hom gestel word namate die seisoen ontwikkel (vide infra, p.97).

Die atletiekafrigter-as-jeugleier moet egter besef as die prestasie=doelwit alles oorheersend word en ten koste van die opvoedkundige aspekte geskied, kan daar nie sprake wees van 'n suksesvolle pedagogies-didaktiese oefenpatroon nie.

"In die oefenprogram moet voorsiening gemaak word vir die ontwikkeling van algemene koördinasie en motoriese vaardighede wat benodig word in die beoefening van atletiek asook in die daaglikse leefwyse"
(Frost, 1971, p.5).

"Die atletieksituasie bied 'n ideale geleentheid vir die ontwikkeling van die sosiale interaksie en wisselwerking" (Frost, 1971, p.6).

Die kwaliteit van die atlete se gesamentlike teenwoordigheid spreek van 'n bepaalde interpersoonlike betrokkenheid wat spesifiek sosiaal van aard is. Om hierdie rede is daar altyd 'n spesifieke sosiale verhouding tussen hulle in die didaktiese situasie (vergelyk Sonnekus, 1979, p.47).

Die doelstelling van die atletiekafrigter is om die atlete op te voed om met verskillende mense oor die weg te kom en gemaklik met hul maats, ouers en ander lede van die gemeenskap saam te speel en saam te leef.

Die ontwikkeling van goeie sportmangees as 'n middel tot die ontwikkeling van sterk persoonlikheidseienskappe is 'n hoë prioriteit in die atletiekafrigter se doelwitbepaling. *"Dit behels leiding en volgelingskap, samewerking en kompetisie, asook die deel van verantwoordelikhede, oorwinnings en nederlae, want dit is die gronde waarop karakterontwikkeling plaasvind en goeie vriendskappe gesluit word"* (Frost, 1971, p.6).

Deurentyd moet die atletiekafrigter hom ten doel stel om die atlete fisies, emosioneel en moreel te bewapen vir die groot taak wat hulle as individue in die gemeenskap sowel as in die oefen- en kompetisiesituasie moet uitvoer. *"Kwaliteite soos moed, deursettingsvermoë en selfvertroue kom tot openbaring en die graad daarvan kan geëvalueer en verbeter word, waar nodig"* (Frost, 1971, p.6).

In dié proses word die jong atlete geestelik meer weerbaar gemaak teen die negatiewe elemente binne ons gemeenskap soos die pers, bioskoop, televisie en ander middele wat op 'n subtiele wyse die jeug se morele standaardte aftakel.

Die afrigter moet atletiekoefening beskou as 'n nuttige vryetyds=
 besteding vir die kind-in-opvoeding. Deur sy oefenprogram interessant
 en dinamies aan te bied word vir die atleet 'n geleentheid gebied tot
 selfuitlewing en satisfaksie. Die program van die afrigter moet so
 beplan word dat die genotmoment vir die atlete altyd oorheersend is
 en *"dat hy hierin voorsiening moet maak in die inherente behoefte
 vir plesier, ontspanning en satisfaksie van talentvervulling"*
 (Van Raalte, s.a., p.28).

Om as ware en deskundige jeugleier op te tree moet die atletiek=
 afrigter homself deeglik bewapen met die nodige tegnieke en
 afrigtingsmetodes om gesaghebbend sy afrigtingsdoelstelling met die
 atlete te bereik. Verder moet hy geestelike ryphed openbaar in
 sy optrede teenoor die opvoedlinge sodat hy ewewigtige leiding aan
 die atlete kan gee om hulself op ander lewensterreine ook te kan
 verantwoord.

Die atletiekafrigter moet egter besef dat daar nie sprake kan wees
 van enige opvoeding as hy as opvoeder nie 'n Christelike lewensbe=
 skouing besit nie. *"Hy is verantwoordelik vir die ontstaan van 'n
 Christelike lewensbeskouing by die atleet. Die deurstraling van
 sy persoonlike verhouding tot God in sy omgang met die atlete is
 dikwels van groter opvoedkundige betekenis as die oordra van tegniese
 kennis"* (Fleischman, 1962, p.26; vergelyk ook Landman, 1977, p.294;
 Schoeman, 1965, p.24).

Die sukses van die atletiekafrigter is grootliks gesetel in die
 kwaliteite van goeie leierskap in atletiek waardeur die hele
 afrigtingsituasie in die regte perspektief geplaas word.

2.3.2 Jeugleiding en atletiekafrigting

Jeugleiding in atletiekafrigting behels die verskynsel waar die
 atletiekafrigter as volwasse vennoot leiding gee aan die jong
 atleet, die opvoeding in sy soeke na waarhede op die onsekere
 en moeilike pad na volwassedom.

"Die atletiekafrigter moet in die proses van jeugleiding die atlete met groot menslikheid hanteer, die belange van die hele groep moet om hom as leier kristaliseer en sy lewenstaak moet wees om die atletegroep tot sinvolle volwassewording te lei" (Van Zyl, 1956, p.9).

Inherent is daar by die atleet-in-opvoeding 'n diepe behoefte aan dissipline en leierskap van die atletiekafrigter in sy soeke na uitsluitel oor wat sinvol is en wat gedoen kan word om sy lewe werklik betekenisvol te maak.


Bepaalde norme en waardes moet deur die atletiekafrigter-as-jeug-leier by die atlete ingeskerp word deur goeie en verantwoordelike sportleiding. Die prikkels wat van die atletiekafrigter inwerk op die ontwikkelingsgang van die atleet moet sterker wees as die vele afbrekende invloede binne die gemeenskap. Volgens Van Zyl (1956, p.11) moet die atletiekafrigter as leier sy opvoedingstaak met gesdrif en inisiatief aanpak, hy moet geroepe voel, verantwoordelik optree teenoor die jeug en toewyding openbaar in sy afrigtingstaak met verloëning van die selfsoekery.

Die atletiekafrigter van 'n groep jong atlete wat tydens kompetisies presteer, kan tereg aanspraak maak op professionele status in die atletiekwêreld. Dit kan egter lei tot 'n ongesonde mededinging tussen atlete waar daar nie sprake is van ware jeugleiding nie. Die atletiekafrigter moet besef dat volmaakte jeugleiding nie alleen in prestasie geleë is nie, maar om suksesvol te voorsien in *alle* behoeftes van die jeug. Om hierin te slaag moet die afrigter die individualiteit van elke atleet erken want elke atleet vertoon sedert geboorte reeds 'n eie unieke *andersheid*. Dit geskied grootliks deur identifikasie waardeur die jong atleet tot 'n eie selfbeeld klim, wat steeds vanaf 'n huidige selfbeeld verander tot 'n ideale toekomstige selfbeeld (vergelyk Behr, 1979, p.202).

Die waarde van atletiekbeoefening en deelname ten opsigte van jeugleiding lê daarin dat, benewens die feit dat dit liggaamlike ontwikkeling bevorder, soos fiksheid en spierkoördinasie, dit ook 'n groot bydrae lewer in terme van persoonlikheids- en karakterontwikkeling (Cawood en Swartz, 1979, p.140),

2.3.3 Komponente van die praktiese atletiekonderrigstelsel

Die didaktiese atletieksituasie kan voorgestel word deur middel van die bekende didaktiese driehoek met die oefenprogram, die afrigter en die atleet as die drie ankerpunte.



(Vergelyk Landman, 1981, p.190, 191).

'n Hegte onderlinge verhouding van die drie komponente van die didaktiese situasie is van groot belang vir 'n suksesvolle atletiekonderrigstelsel. Gedurende die ontmoeting tussen die komponente van die didaktiese situasie vind ware atletiekonderrig plaas. Die atletiekafrigter kies die oefenstof om by die ontwikkelingsbehoefte van die atleet aan te pas (vergeelyk Duminy, 1980, p.7; Landman, 1981, p.1).

Die afrigter en die atleet vorm die fondamentstene vir die didaktiese afrigtingsdriehoek. Hulle eerste ontmoeting gedy op hierdie verhouding waarin hulle gesamentlik bou aan bogestelde piramidiese oefensiklus waarin nie een sy van die gestelde driehoek kan ontbreek nie. In 'n didakties-pedagogiese ontmoeting vul die drie komponente mekaar mutatis-mutandis aan.

Die oefenprogram vorm 'n bepalende komponent in die didaktiese afrigtingsdriehoek en verg deeglike beplanning van die atletiek-afrigter.

In sy beplanning moet die atletiekafrigter die algemene kondisionering van die atleet deur kwaliteite soos krag, spoed en uithouvermoë te ontwikkel as van groot belang beskou, maar nie van allesoorheersende belang nie. Die totale ontwikkeling van die atleet moet nie uit die oog verloor word nie.

Die atleet as deelnemer aan die didaktiese situasie, is boweal 'n kind op weg na volwassenheid. Nie net die liggaamlike ontwikkeling van die atleet is van belang nie, maar wel die vorming van die hele persoonlikheid (vergelyk Duminy, 1980, p.7; Cawood en Swartz, 1979, p.140).

2.3.3.1 Die atleet-in-opvoeding as komponent van die didaktiese situasie

Die afrigtingsmetodieke en metodes moet altyd verband hou met die atleet se vlak van ontwikkeling, sy belangstellings, sy begrip-vermoë en sy omgewing. *"Elke kind as produk van 'n sekere sosio-kulturele omgewing gaan na die skool met 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing"* (Duminy, 1980, p.8).

Die jong atleet, wat begin oefen by die afrigter, het 'n begeerte om probleme eiehandig aan te pak en eie inisiatief en oorspronklikheid kom sterk na vore. Die afrigter moet die atleet nou reg kanaliseer ten opsigte van reëls en algemene beginsels ten opsigte van die afrigtingsituasie. *"Get to know the rules and abide by them. Don't try to gain unfair advantage by breaking rules deliberately on the hope that you will get away with it. This is cheating"* (McEwan, 1980, p.8).

Selfstandige werk- en oefengewoontes moet alreeds in die vroeëre fase van oefening ingeskerp word.

Tydens die hoërskooljare vind 'n vinnige fisiese ryping plaas, tesame met veranderinge ten opsigte van sosiale en emosionele behoeftes. Die atleet het nou 'n sterk drang na onafhanklikheid wat gepaard gaan met 'n begeerte om liggaamlike uitdagings te aanvaar.

Kwaliteite soos goeie sportmanskap moet nou ontwikkel word.

"A good sportsman exercises self-control ... accept that invariably your defects are the result of your opponents being the better team on the day's play ... after the competition show them that you are good losers or modest winners" (McEwan, 1980, p.8).

Die atleet in die normale didaktiese situasie is een van 'n oefengroep, en hier kom die groot taak van die atletiekafrigter, as volwasse vennoot in die didaktiese situasie om die koers en rigting te bepaal wat in die atletieksituasie ingeslaan sal word.

2.3.3.2 Die atletiekafrigter as leier van die didaktiese atletiekonderrigsituasie

Die atletiekafrigter het die taak om die hele afrigtingsituasie te inisieer. In 'n groter mate as die onderwyser in die klaskamer, moet die afrigter bewus wees van die groot verantwoordelikheid wat op sy skouers rus. Hy moet besef dat hy in 'n posisie is waar hy die atleet òf kan bystaan en aanspoor òf onherstelbare skade kan berokken (vergelyk Duminy, 1980, p.10).

Die atletiekafrigter is die leier en rigtingwyser van die hele atletieksituasie en moet 'n professionele persoon wees wat oor die nodige kundigheid beskik om sodoende 'n manipuleerbare kennis van die atletiek te hê. Verder moet hy ook oor onderrigkennis beskik wat dan as wetenskaplike verwysingsraamwerk moet dien wat sy persoonlike onderrigstyl rugsteun. Die atletiekafrigter moet ook die atleet ken aan wie hy onderrig moet gee ten einde kind en inhoud sinvol by mekaar uit te bring (vergelyk Landman, et al., 1981, p.256).

Die suksesvolle atletiekafrigter moet 'n gesaghebbende wees met die oefenstof waar hy en die atleet mekaar ontmoet; hy moet elke individuele atleet in die groep ken ten opsigte van talente, vermoëns en persoonlike eienskappe; hy moet die geleentheid skep om buite oefentye informeel met atlete te kommunikeer insake ouers en huislike agtergrond; die name en persoonlike besonderhede van elke individuele atleet moet geken word en deur sy voortdurende persoonlike belangstelling sy atlete oortuig van sy opregte belangstelling. *"The coach must be a balanced personality with more than an average amount of good common sense and practical psychology. The ability to organise, handle unexpected situations and deal with a variety of personalities and individual temperaments, all form part and parcel of the duties of a coach ..."* (McEwan, 1980, p.9).

In werklikheid leef die opvoeder, die atletiekafrigter, tussen die twee geslagte omdat hy vir die kind, die atleet moet help om 'n brug te slaan tussen die kinderwêreld as die wêreld van die onselfstandige, en die volwasewêreld as die selfstandige wêreld. Die afrigter bevind homself gevolglik *"as tussenganger of bemiddelaar tussen die geslagte omdat hy as die onmiskenbare skakel tussen die generasies moet dien"* (De Vries, 1978, p.89).

Omdat die kind sonder die hulp en steungewing van 'n geestelike volwasse persoon nie in staat is om volwassenheid as 'n bestemming te bereik nie, is die jong atleet geheel en al van sy opvoedende afrigter afhanklik om hom in sy kinderlikheid te aanvaar en in liefde oor sy behoorlike volwasewording besorg te wees (vergelyk De Vries, 1978, p.101).

"Dit is uit die liefde wat hulle verbind waar die opvoeder en die kind die sedelike moed vandaan haal om hulle met mekaar te waag en gesag uit te oefen en gesag na te volg" (Langeveld, 1965, p.52).

Die Christen-afrigter is iemand van wie die optrede gekenmerk word deur begryping van opvoeding as Goddelike opdrag. Hy moet ook die atlete inspireer om sinvolle arbeid as Goddelike opdrag te aanvaar (vergelyk Landman, et al., 1981, p.5).

2.3.3.3 Die atletiekoefenprogram as komponent van die didaktiese atletieksituasie

Die afrigter en die atleet is op die atletiekveld in 'n besondere gesprek met mekaar, die oefenprogram vorm die derde komponent van die didaktiese situasie. Die atleet en afrigter ontmoet mekaar in die oefenprogram, dit is die medium waardeur die atletiekaktiwiteit op die oefenveld voortgesit word (vergelyk Duminy, 1980, p.13).

In die atletiekonderrig is die oefenprogram die knooppunt tussen die onderrig van die afrigter en die oefenverwerkliking by die atleet (vergelyk De Jager, 1979, p.129).

Die oefenprogram vorm die medium waardeur die atleet sy fisiese fiksheid bekom asook sy opvoeding tot 'n onafhanklike verantwoordelike persoonlikheid. Die oefenprogram moet voorsiening maak vir die harmoniese ontwikkeling van die atleet-in-opvoeding. Ten einde 'n voller en meer afgeronde persoonlikheidsontwikkeling te verseker word meer vryheid met die erkenning van gesag toegelaat.

Die program moet 'n prikkel skep tot selfaktiwiteit by die atleet asook 'n aktiewe deelname in alle fasette van die oefensisteem. Die oefenprogram moet voorsiening maak vir die ontwikkeling in kinder=psigologie, pedagogiek, didaktiek en ontwikkeling van alle tegniese vaardighede van die atlete (vergelyk Duminy, 1980, p.21).

2.3.4 Faktore wat die didaktiese atletiekonderrigsistiem primêr beïnvloed

Die atletiekafrigter moet rekenskap kan gee van sy beheer oor die verloop van die hele atletieksituasie. Die oefenprogram moet op 'n verantwoordelike wyse beplan word op so 'n manier dat die atletiek=afri gter konsentreer op verskillende faktore wat vir hom moontlik= hede en weë open om sy hulp te organiseer en bewustelik te kanaliseer, te verbreed, te vereenvoudig, die tempo te versnel, te beoordeel al na gelang die atleet-in-opvoeding optree in die situasie wat hy skep (vergelyk Sonnekus, 1979, p.61).

Die volgende faktore het besondere segswaarde in die didaktiese situasie:

2.3.4.1 Vaardigheid

In die didaktiese situasie moet die atletiekafrigter gedurig konsentreer op die vaardighede waarvoor die atleet moet beskik om onafhanklikheid in die leefwêreld te bekom, dit vorm vir die kind 'n basis om uiteindelik tot selfrealisering te kan kom. Die vaardig=heid by die beoordeling van die atleet se prestasie is vir die afri gter ook van besondere betekenis (Sonnekus, 1979, p.63).

"Alle pedagogies-didaktiese atletiekafrigtingsisteme is gebaseer op 'n harmonieuse struktuur van kennis en vaardigheid wat gerig is op uiteindelijke selfstandigheid van die kind" (Van der Stoep, 1969, p.97).

"Die mensekind wat geheel en al onselfstandig is moet dus geleer en begelei word deur persone wat reeds 'n greep op die wêreld het" (Van Zyl, 1975, p.231).

2.3.4.2 Sosiale dissipline

As 'n deel van 'n oefengroep en as deel van 'n gemeenskap waar daar gedurig kommunikasie plaasvind tussen mense, bevind die atleet hom

deurentyd in 'n bepaalde sosiale verband of maatskaplike struktuur (vergelyk Van der Stoep, 1969, p.7).

Die reël wat hierin vir die jong atleet opgesluit lê is dat hy 'n mens is wat saam met ander mense, wat gelyk beregtig is, moet lewe en oefen. Om hierdie rede mag sy handeling nie die ander lede van die groep benadeel nie.

"Dit alles beteken dat die kind in sy weg na volwassenheid gedurig gekonfronteer word met die norme van die gemeenskap wat hy uiteindelik onvoorwaardelik moet gehoorsaam" (Sonnekus, 1979, p.63).

2.3.4.3 Ekspressie

Die atleet-in-opvoeding moet in die beoefening van sy atletiekprogram genoegsaam geleentheid gebied word om homself uit te druk en sy eie idees te implementeer. Die afrigter-atleet-verhouding kan alleenlik verbeter word op dié wyse aangesien die afstand wat daar dikwels op die oefenveld tussen die atletiekafrigter en die atleet heers, word in 'n groot mate opgehef. Daar is nie slegs 'n eenrigting-kommunikasie van afrigter-na-atlete nie, maar wel 'n tweerigting-kommunikasie. Die atlete voel onmiddellik hulle is betrokke by die besluitneming en belangstelling in die atletieksituasie neem toe (vergelyk Van der Stoep, 1969, p.98-99).

"Ten aansien van die sosiale dissipline moet die kind binne die eise daarvan sy eie verowering, belewings, waarnemings, ervarings en objektiveringe kan uitdruk om langs hierdie weg sy verhouding met werklikheid te verbreed, te verdiep en oor die algemeen tot openbaring of uiting te bring" (Sonnekus, 1979, p.64).

2.3.4.4 Intensionaliteit

Die atletiekafrigter kies bepaalde oefenmetodes wat in sy uitvoering van die oefenprogram 'n besondere appèl tot die atleet sal rig. Sekere beginsels en oefenmetodes moet deur die afrigter deurgaans beklemtoon word as prioriteitsbeginsels vir 'n suksesvolle oefenpatroon. Na afloop van 'n betrokke oefensessie of 'n periode van oefening kan die atletiekafrigter se suksesvolle aanbieding getoets word na aanleiding van hierdie beginsel van intensionaliteit (Sonnekus, 1979, p.65).

Van der Stoep (1969, p.53) beweer dat die wese van die intensionalisme gevind word in die bewussynshandelinge van die persoon wat daaraan geken kan word dat hy sintetiseer of saamstel, derhalwe gerig is op die sin van 'n bepaalde struktuur en in die leefwêreld self hierdie sin veronderstel, dit uitsoek en dit orden.

Die ontdekking van die sin of betekenis van die atletiekstruktuur deur 'n atleet dien eintlik as inspirasie waarby die intensionaliteit deurentyd al hoe sterker op die voorgrond kom en die presterende bewussyn al hoe meer beweegliker in die leefwêreld verwerf.

2.3.5 Bepanning van die atletiekoefenprogram

Die belangrikste komponent van 'n suksesvolle atletiekafrigter se sisteem is geleë in die deeglike beplanning van die hele jaar se oefenprogram. Sonder deeglike beplanning is korrekte uitvoering van die program onmoontlik. Geen ware doelwit kan bereik word sonder 'n beplanning om die spesifieke doelstelling te bereik nie (vide supra, p.86).

2.3.5.1 Langtermyn-beplanning

Die atletiekafrigter moet deeglik besin oor die hoeveelheid werk en die bepaalde doelwitte wat hy wil bereik in die komende atletiekseisoen. Die tempo van werk en die vaardighede wat hy wil ontwikkel vorm 'n belangrike basis in die beplanning van die oefenprogram.

Die atletiekafripter moet in die eerste instansie besin oor die hoeveelheid werk wat hy moet afhandel in vergelyking met die hoeveelheid tyd tot sy beskikking. Daarna moet hy 'n berekening maak van die moeilikheidsgraad van die verskillende tegnieke om 'n progressiewe oefenskedule te beplan asook genoegsame tyd inruim vir herhalings (vergelyk Avenant, 1980, p.76).

Volgens die Oos-Duitsers noem hulle die seisoenbeplanning 'n "Makro-siklus" wat 'n winterprogram behels wat uitsluitlik behels kardiovaskulêre aktiwiteit, uithouvermoë en kwantitatiewe oefeninge met 'n relatiewe lae intensiteit (vergelyk Schmolinsky, 1978, p.17).

Daarna volg die voorseisoenaktiwiteite wat kragontwikkeling, behels. Gedurende die voorseisoen is daar 'n tydperk waartydens die oefenintensiteit van die atleet hoër is en die volume werk minder as in die winterseisoen.

Die derde fase is die kompetisieseisoen waar eksklusief gekonsentreer word op hoë intensiteitswerk, spoedontwikkeling en afronding, van tegnieke vir kompetisiedoeleindes (vergelyk Ozolin, 1952, p.33).

Dwarsdeur die hele siklus moet die afripter die volgende faktore in aanmerking neem:

- Deurgaans moet die beginsel van progressiwiteit konsekwent toegepas word ten opsigte van oefenmetodes asook geestelike benadering. Aanvanklik begin die oefensessies gemaklik en ontspanne waar speel en gemaklik hardloop die primêre beginsel vorm. Namate die kompetisieseisoen nader, word hoër eise aan die atlete gestel, geestelik sowel as liggaamlik.
- Die verskillende fasette van die oefenprogram moet so beplan word dat dit aanpas by die ontwikkelingstadium van elke afsonderlike atleet. "n Goeie balans moet ook gehandhaaf word tussen

geestelike en liggaamlike ontwikkeling asook tussen aktiwiteite en rusfases" (Webster, 1938, p.122).

- Om die nodige prikkels te skep, moet ook voorsiening gemaak word vir die reël van uitstappies na "Prestige"-atletiekbyeenkomste, toere en byeenkomste wat afwyk van die gewone atletiekprogram byvoorbeeld, 'n aflosbyeenkoms vir alle atlete.
- Films moet ook vroegtydig bestel word en datums waarop dit vertoon word moet in die beplanningsrooster aangedui word. 'n Klubkamer waarin die hele oefenprogram teen die muur verskyn, foto's van die vorige jaar se presteerders, beste prestasies van die vorige seisoen asook spanfoto's en aksiefoto's van topatlete skep 'n sterk gevoel van samehorigheid onder die atletegroep (vergelyk Ozolin, 1952, p.34).

2.3.5.2 Korttermynbeplanning

Volgens die Oos-Duitsers word hierdie beplanning in twee fases verdeel naamlik 'n "Meso-siklus" van ongeveer drie tot sewe weke waarin bepaalde doelwitte nagestreef word byvoorbeeld spesifiek kragontwikkeling te beklemtoon en 'n "Mikro-siklus" wat slegs 'n een week oefenskedule behels waarin klem gelê word op die betrokke aktiwiteite wat van toepassing is (Matwejew, 1972, p.26).

By die beplanning van hierdie afsonderlike oefensessies moet die atletiekleier gedurig die belangstelling van deelnemers prikkel en die nodige vertrouwe skep in hom as afrigter en sy oefenmetodes. Hierdie is die periode waar die aanvaarding van die leierskap van die afrigter deur die atletiegroep van deurslaggewende belang is. *"Once they do this, he will need no powers nor rights of authority for the boys will gladly follow him wherever he may direct. Once in this position, he needs no title, he is quite naturally their leader"* (Hendriques, 1951, p.26).

By die beplanning van die "meso-siklus" moet die afrigter die behoeftes en tekortkominge van elke atleet bepaal en voorsiening maak vir 'n remediële program om sodanige tekortkominge aan te vul - veral belangrik is dat die afrigter aan die atlete die doel en uiteensetting van 'n faset doeglik verduidelik en dan motiveer om dit te beoefen.

By die toepassing van die "mikro-siklus" moet die afrigter hom deeglik vergewis van watter aktiwiteite hy moet beoefen tydens 'n spesifieke tyd van die seisoen. *"'n Goedbeplande mikrosiklus verminder die eentonigheidseffek nieteenstaande die hoë frekwensie van die oefeneenhede. Stereotipe oefensessies sal definitief lei tot 'n afname in die prestasiekurwe"* (Matwejew, 1972, p.26; vergelyk ook Schmolinsky, 1978, p.108).

2.3.6 Strukturering van die oefenprogram

Nadat 'n deeglike beplanning gedoen is van die oefenprogram van die seisoen, begin die groot taak van die atletiekafrigter om al die verskillende fasette sistematies te implementeer in die praktyk. Om dit suksesvol te doen moet die atletiekafrigter genoeg kennis hê van basiese en gevorderde atletiektegnieke (vergeelyk McEwan, 1980, p.9).

Die atletiekafrigter, as die leier van die atleet-in-opvoeding, moet 'n gebalanseerde persoonlikheid hê om sinvol en met oorleg die basiese beginsels oor te dra.

"The ability to organise, handle unexpected situations and deal with a variety of personalities and individuals and individual temperaments, all form part and parcel of the duties of a coach" (McEwan, 1980, p.6).

In die toepassing van die oefenprogram moet die atletiekafrigter nooit 'n ander topafrigter slaafs navolg nie. Goeie wenke en idees kan by ander suksesvolle afrigters verkry word om metodes en tegnieke

meer effektief toe te pas. Die atletiekafrigter moet egter by die toepassing van die atletiekprogram sy eie persoonlikheid en eie stempel afdruk op die oefengroep (vergelyk McEwan, 1980, p.6).

2.3.7 Globalisering

Deurgaans moet die atletiekafrigter die beginsel toepas dat oefenstof stap vir stap aan die atlete duidelik gemaak word en by die aanbieding van nuwe tegnieke moet altyd begin word by die bekende (vergelyk Avenant, 1980, p.92).

Die afrigter moet hom altyd vergewys dat elke individuele atleet die aanvanklike tegnieke bemeester het, alvorens oorgegaan word na meer gevorderde tegnieke. Hy moet seker maak dat al die atlete genoegsaam gekondisioneer is om 'n meer intensiewe oefendosis te beoefen. Boveal, die atlete moet geestelik gereed wees om die nuwe uitdagings van die meer gevorderde fasette van die oefenprogram te aanvaar.

2.3.8 Belewing

Die grootste toets wat aan die atletiekafrigter se oorspronklikheid gestel word is juis geleë in hierdie beginsel van belewing. Die oefenprogram moet so interessant en prikkelend aangebied word dat die atleet dit geniet en met geesdrif en entoesiasme sal meedoen in die praktiese toepassing.

Die algemeenste vorm van belewing in atletiek is die gereelde deelname aan kompetisies deur alle individuele binne die oefengroep. Kompetisie is selfbelewing vir die deelnemer en hyself bepaal hoe= danig daar *lewe* is in sy deelname (vergelyk Blomerus, 1981, p.85).

Vervolgens kan die afrigter ook belewenis bewerkstellig deurdat hy sy atlete na vertonings van topsportmanne neem. In aansluiting hierby kom ook film- en televisie-opnames ter sprake waarin die

deelnemer homself kan uitleef, en ook aanskou hoe ingewikkelde tegnieke uitgevoer word. Praktiese kursusse deur professionele afrigters of selfs deur 'n bekende atletiekfiguur kan ook bydra om die atletiek vir die deelnemers aanskoulik te maak (vergeelyk Blomerus, 1981, p.85).

Ware beleving binne die atletiekoefengroep is geleë in die besieling en geesdrif wat uitgaan van die atletiekafrigter as jeugleier. In die praktiese toepassing van die oefenprogram moet daar altyd 'n verrassingselement wees, elke seisoen moet daar nuwe, oorspronklike oefenmetodes wees wat nuwe uitdagings aan die atletegroep bied.

Die afrigter bly die grootste organiseerder van die aanskouing. Hy voorsien die nodige konkrete oefenmateriaal en met sy versigtige gekose woorde waarmee hy die atleet in die oefensituasie konfronteer, is hy die jong atleet se begeleier na volwaardige volwassedom (vergeelyk Sonnekus, 1979, p.46).

Deur sy optrede word 'n puik spangees opgebou binne die oefengroep wat 'n kragtige belewenis van al die atlete tot gevolg het in die oefensituasie: *"Possess leadership qualities, which include the ability to communicate easily, inspire individuals and motivate teams, engender confidence and develop team spirit"* (McEwan, 1980; p.9).

2.3.9 Selfwerkzaamheid

Geen atletiekafrigtingsprogram kan suksesvol toegepas word sonder die ontwikkeling van selfwerkzaamheid nie. Selfwerkzaamheid is noodsaaklik tydens die praktiese uitvoering van die oefenprogram. Van Loggerenberg en Jooste (1970, p.164) sien die selfwerkzaamheid as aktiwiteite wat deur die opvoeding self ontgin word deur die ontwikkeling van egte belangstelling in die spesifieke aktiwiteite.

Die atleet moet by die praktiese toepassing van die oefenprogram geleer word dat die afrigter nie altyd teenwoordig sal wees met oefensessies nie. Dan moet atlete nog steeds selfstandig kan oefen en volle benutting van die oefensessie kry. Dit kan alleen bereik word in 'n oefenpatroon waar die atletiekafrigter 'n duidelike uiteensetting gee van die doel en oefenmetodes aan sy atletegroep.

Deurentyd moet die atlete aangemoedig word om saam te gesêls en te kritiseer tydens oefensessies, asook om self te soek en te eksperimenteer (vergelyk Blomerus, 1981, p.86).

Die atlete moet self betrokke raak by besluitneming en selfdenke. 'n Nuwe kommunikasie moet bestaan tussen die atletiekafrigter, as die leier van die oefensituasie, en die atleet wat denkend sy eie persoonlike bydrae lewe en self sorg dat hy fiks is.

Veral met vakansietye, tydens kritiese periodes in die oefenprogram, gebeur dit dikwels dat die atlete selfstandig op hul eie moet oefen. In hierdie tye is selfwerkzaamheid 'n noodsaaklike vereiste om die kontinuïteit van die oefensistiem te behou.

2.3.10 Bemeestering

Die hoofdoel van enige deskundige oefenprogram berus tot 'n groot mate op die bemeestering van die basiese atletiekvaardighede en om 'n hoër graad van fisiese fiksheid te bereik.

Hier speel die beginsel van formalisering 'n belangrike rol om tegnieke en vaardighede in te skerp by die atlete. Die atletiek=afrigter moet die oefensituasie, wat nuwe tegnieke behels, herhaal en inskerp om sodoende die betrokke vaardighede deeglik te bemeester. Op dié wyse kry die atleet die geleentheid om die inhoud van die atletiekprogram te verower (vergelyk Van der Stoep en Louw, 1976, p.46).

"Net soos die snykundige, die tandarts of die werktuigkundige oor bepaalde kundighede en vaardighede moet beskik om sy taak effektief af te handel, moet die atletiekafrigter eweneens oor die kundigheid beskik om effektief en doeltreffend sy oefenprogram af te handel" (De Jager, 1979, p.29).

Die atletiekafrigter moet beseft dat die bemeestering van vaardighede van die verskillende items die basis is van suksesvolle atletiekdeelname. As sulks moet die afrigter 'n deeglike studie maak van die aanleerstappe wat benodig word vir die verskillende tegniese vaardighede. Hy moet genoegsaam tyd spandeer by die oefenfase en kritiese foutontleding doen om die korrekte uitvoering te verseker.

Tydens die voorseisoenperiode moet baie aandag gegee word aan die bemeestering van al die tegniese vaardighede sodat die afrigter in die kompetisieperiode kan oorgaan na afronding van tegnieke, geestelike voorbereiding en taktiese oefening vir die hoë profiel kompetisies.

Om die bemeestering effektief te implementeer moet die atletiekafrigter die ken-kundighede en kan-kundighede besit. Volgens De Jager (1979, p.34-35) impliseer die ken-kundighede die kennis van die onderriggebeure en van die inhoud van oefenprogramme. Die kan-kundighede behels die daadwerklike optrede van die atletiekafrigter soos dit daagliks deur hom beoefen word.

2.3.11 Evaluering

Geen afrigter kan aanspraak maak op 'n wetenskaplike oefensisteem indien daar nie 'n deeglike evaluering is ten opsigte van die vordering wat die atleet gemaak het deur die beoefening van die oefenprogram nie.

Dit is 'n erkende feit dat daar 'n baie noue relasie tussen die kwaliteit van die atleet se werk en die bevoegdheid van die atletiek-

afrigter bestaan. *"By the work one knows the workman"* (McNeil, 1972, p.39).

Die atletiekafrigter moet die atletiek- sowel as die persoonlikheidsvordering evalueer en bepaal in hoe 'n mate sy oefenmetodes geslaag het. Veral van belang hier is dat daar sonder evaluering geen sprake kan wees van rekenskap en verantwoording nie; ook geen moontlikheid vir remediëring wat die atleet se probleme in die didaktiese situasie betref of verbetering ten aansien van die afrigter se foutiewe optrede nie (vergelyk Van der Stoep en Louw, 1976, p.64).

Van Loggerenberg en Jooste (1970, p.80) beaam hierdie stelling dat die afrigter deur evaluering van sy oefensisteem die leemtes kan bepaal en tegnieke kan verbeter. Popham, (s.a., p.244-248), stem ook saam dat evaluering 'n middel is om die meriete van die verskillende oefentegnieke te bepaal.

Deur die toepassing van gereelde evaluering kan die atletiekafrigter wetenskaplik bepaal op watter vlak van ontwikkeling elke individuele atleet in sy groep is. Nie slegs atletiekprestasies word op dié wyse bepaal nie, maar ook die mate van persoonlikheidsontwikkeling wat plaasgevind het.

Die atletiekoefenprogram moet deurlopend 'n progressiwiteitskarakter openbaar. Die afrigter wil deur kontrole en evaluering 'n groter en meer verantwoordelike deelname van die atleet in die didaktiese situasie asook die atletieksituasie bewerkstellig.

2.3.12 Perspektief

Die atletiekafrigter, as jeugleier in die toepassing van didaktiese beginsels in die praktiese onderrigstelsel, het 'n taak om die atlete die basiese vaardighede en tegnieke aan te leer van die atletieksituasie. Hierdie taak moet egter deurgaans die persoonlike omstandighede, behoeftes en talente van elke individuele atleet in berekening bring.

Die regte onderlinge verhouding van die drie komponente van die didaktiese situasie is van uiterste belang. Die atleet=
afrigter is die tussenganger of bemiddelaar tussen die oefenprogram en die atleet.

Gedurende die ontmoeting tussen die komponente van die didaktiese situasie vind ware atleetkonderrig plaas. Die afrigter as jeugleier, kies die oefenstof en hy sorg dat die ontwikkelingsbehoefte van die atleet altyd in aanmerking geneem word (vergelyk Duminy, 1980, p.6).

Die prestasie wat bereik word deur die atleet na die toepassing van 'n welbeplande oefensisteem is van groot belang, maar nie van allesoorheersende belang nie. Die totale ontwikkeling van die atleet op sy weg na volwassenheid bly die hoogste prioriteit by die verantwoordelike atleetkonderrigter.

Die atleetkonderrigter, as ware jeugleier, het 'n besondere taak in die volwassewording van die jeugdige. Hy kan nie bekostig om slegs die rol te vertolk as 'n middelman wat verantwoordelik is om maksimale prestasie te lewer met sy atlete nie. Hy moet die "*vaderfiguur*" wees wat in 'n noue vertrouensverhouding staan met die atleet-in-opvoeding; hy is die geroepene wat bykans bemenslike eienskappe moet besit om sy opvoedkundige taak suksesvol deur te voer. In samewerking met die onderwyser, ouer, die Kerk en ander belanghebbendes, is hy in die eerste instansie verantwoordelik om gebalanseerde, welaangepaste volwassenes te kweek wat in ons land Suid-Afrika 'n produktiewe rol kan vertolk (vide supra, p.32).

2. EMPIRIESE VRAELYS

Om die benadering van die atletiekafrigters te bepaal ten opsigte van die atlete waarmee hul sukses behaal het, is 'n vraelys aan hulle gesirkuleer wat in die ondersoek soos volg hanteer is:

Die antwoorde word eerstens behandel en daarna word die nodige gevolg=trekkings gemaak om sodoende te bepaal in hoe 'n mate die Suid-Afrikaanse topafrigter 'n pedagogies-didaktiese benadering het ten opsigte van die atleet-in-opvoeding, asook die mate van jeugleierskap wat hulle openbaar tydens die afrigtingsproses.

Hieronder word eers die vraag gegee wat aan die afrigters gestel was en daarop word 'n uiteensetting gegee van al die menings wat hulle oor 'n betrokke vraag het:-

2.1 NOEM VYF VEREISTES WAARAAN 'N IDEALE ATLETIEKAFRIGTER MOET VOLDOEN

- Integriteit
- Gebalanseerdheid
- 'n Deeglike opvoedkundige basis
- Tegniese kennis in verband met die item waarby afrigter betrokke is asook die atleet wat hy afrig
- Motiveringsvermoë
- Kennis van fisiologie en anatomie
- Entoesiasme
- Mensekennis
- Vindingrykheid
- Leergierigheid
- Dinamiese ingesteldheid
- Eerlikheid ten opsigte van atleet
- Betroubaarheid
- Goeie organisasie

H O O F S T U K 5

EMPIRIESE VRAELYS INSAKE DIE ROL VAN DIE ATLETIEKAFRIGTER AS JEUGLEIER

1. AGTERGROND INSAKE AFRIGTERS

Om die huidige tendense insake die didaktiese en pedagogiese implikasie van afrigting te bepaal, is empiriese vraelyste aan dertig topafrigters in Suid-Afrika gestuur om te bepaal wat hulle siening is van die opvoedkundige implikasie in die hele afrigter-atleet-verhouding.

Aangesien al die betrokke afrigters hulself bewys het as puik afrigters van vele Suid-Afrikaanse kampioene en as kenners van die atleet as mens, is dit insiggewend om hulle sienings te ontleed ten opsigte van die jeugleierskap van die atletiekafrigter in die afrigtingsituasie.

Die *poste* wat die afrigters beklee, wissel van onderwysers tot dosente by universiteite, normaalkolleges, hoofde van skole, atletiekorganiseerders by die Suid-Afrikaanse Weermag, professore by universiteite, sportbeamptes, inspekteurs van Liggaamlike Opvoeding, instrukteurs by gimnasiums, asook professionele betrekkings in die privaatsektor.

Die *akademiese kwalifikasies* van afrigters wissel van doktorsgrade in Liggaamlike Opvoeding tot M.A.-grade, honneursgrade, B.A.- en B.Sc.-grade, L.O.-grade, H.O.D. en T.O.K.-diplomas. Twee topafrigters het geen universitêre of onderwysopleiding nie.

Al die afrigters is *senior afrigters* in atletiek, met vele provinsiale en nasionale afrigtingskursusse waar hulle as hoofafrigters opgetree het. Wat die prestasie in atletiek betref, het al dertig afrigters verskeie top atlete en Suid-Afrikaanse kampioene, met vele Suid-Afrikaanse rekords, opgelewer.

- Elke atleet eerbiedig met sy eie persoonlike eienskappe
- Moet bereid wees om opofferinge te maak en lojaliteit en liefde te betoon teenoor atleet
- Moet nie selfsugtig wees nie
- Baie inisiatief besit
- Hy moet verder geloof hê in homself en in sy God
- Gedurig 'n student bly betreffende tegniese kennis van item, asook opvoedkundige implikasies van die afrigting=situasie
- Hy moet 'n realistiese programmeerder wees
- Belangstelling in die atleet as mens (nie net as atleet nie)
- Vermoë besit om vertrouwe in te boesem
- Besielende leierseienskappe besit
- Vermoë besit om sy kennis aan atlete oor te dra, dus goeie kommunikasievermoë
- Geduldig en verdraagsaam wees
- Moet altyd verantwoordelik optree
- Waarderend optree en 'n onbesproke integriteit besit
- Simpatieke maar strenge optrede
- Onbaatsugtigheid en toewyding
- Professionele optrede en voortreflike dienslewering
- Gebalanseerde opvoedkundige perspektief
- Hy moet saam met sy atlete leef - hulle vreugde, teleurstellings en leed deel
- Altyd die korrekte voorbeeld stel en stiptelik wees
- Die prestasiedoelwit moet nie oorheersend wees nie
- Die totale opvoeding van die atleet tot volwassenheid moet hoofdoel wees.

2.2 NOEM VYF VEREISTES VAN 'N IDEALE ATLEET

- Integriteit
- Selfdisipline
- Potensiaal
- Werkvermoë
- Gemotiveerdheid
- Die wil om te presteer
- Verantwoordelikheid en eerlikheid
- Genoegsaam selfvertroue
- Aanpasbaarheid
- Leierskap
- Selfwerksaamheid
- Temperament besit vir groot byeenkomste
- Inisiatief
- Motoriese vaardighede besit
- Liggaamlike eienskappe besit vir intensiewe oefening
- Entoesiasme vir die sport atletiek
- Aggressiwiteit
- Idealisme
- Geloof in homself, in sy afrigter en sy God
- Hardwerkendheid en betroubaarheid
- 'n Gebalanseerde lewensuitkyk en persoonlikheid besit
- Pligsgetrouheid
- Selfbeheersing
- Deursettingsvermoë
- Bereidwilligheid tot goeie samewerking
- Hy moet bereid wees om elke dag op te offer tydens oefensessies

- Hy moet nie dat neerlae tydens 'n kompetisie hom ontsenu nie
- Die wenmotief moet nie oorheersend wees nie
- Respek en agting hē vir sy afrigter as leier van die afrigtingsituasie
- Kompetisietemperament en veggees
- Waardige sportmanskap
- Selfdisipline in atletieksituasie sowel as in persoonlike lewe
- Hy moet die wil hē om te wen, dus glo hy is die kampioen.

2.3 NOEM EN OMSKRYF DIE BELANGRIKSTE VEREISTES IN AFRIGTER-ATLEET-VERHOUDING

- Eerlikheid
- Begrip
- Kennis van mekaar se karakters en ideale
- Kennis van die atleet se agtergrond en ouerhuis
- Vertroue en geloof in die afrigter en die strewe na sukses
- Wedersydse vertroue
- Die afrigter en atleet se verhouding moet nie familiêr wees nie
- Atleet moet die afrigter se instruksies stiptelik uitvoer
- Goeie kommunikasie en begrip
- Geloofsvertroue in mekaar
- Doelwitte van die atletiekseisoen gesamentlik beplan
- Begrypingsverhouding
- Verstaan mekaar
- Erken die individualiteit van mekaar
- Alle beloftes teenoor mekaar moet konsekwent uitgevoer word
- Gesagsverhouding: alle jongmense hou van dissipline binne die oefensituasie - die gesag moet egter met liefde gepaard gaan

- Afrigter moet nie kwetsende aanmerkings maak wat atleet se gevoelens seermaak nie
- Afrigter moet altyd streng wees - sy *ja* moet *ja* bly en sy *nee* moet *nee* bly
- Getrouheid van oefensessies bywoon
- Die integriteit van afrigter moet onbesproke wees in sy verhouding met die atleet
- Die afrigter en atleet moet mekaar deurentyd motiveer tot topprestasie
- Spontane en openhartige gespreksituasie
- "*Understanding*"
- Goeie wisselwerking in verhoudingsaspek
- Onderlinge begrip
- Entoesiasme vir die saak van atletiek
- Onkreukbare vriendskapsverhouding
- 'n Intieme kameraadskap tussen afrigter en atleet
- Leierskap
- Die atleet moet gelei word na hoër waardes op al die vlakke van menswees
- Die atleet moet opgelei word om die nodige keuse in sy lewe te maak.
- Die vertrouensituasie moet gedurig ontwikkel en uitgebou word
- Die afrigter moet die stille krag wees, 'n bron waarna die atleet kan kom met sy probleme
- Gedurige evaluasie is noodsaaklik ten opsigte van wedlope, oefensessies, oefenprogramme asook die lewensituasie van die atleet, sy skoolwerk en sosiale bedrywighede.

2.4 WAARAAN SKRYF U DIE SUKSES VAN U ATLETE TOE?

- Potensiaal
- Afrigting
- Gedissiplineerdheid
- Harde werk
- Volharding
- Pligsgetrouheid en 'n daaglikse nakoming van 'n deeglik beplande oefenprogram
- Deursettingsvermoë
- Gewilligheid om deur voor- en teëspoed voort te bou
- 'n Positiewe gesindheid
- Goeie afrigter-atleet-verhouding
- Talent van atleet word maksimaal benut deur die afrigter
- Geloof en vertrouwe in afrigtingsmetodes van die afrigter
- Onvoorwaardelike lojaliteit teenoor afrigter
- Natuurlike aanleg van atleet en die regte geleenthede
- Agtergrond en vroeë ontwikkeling van atleet deur ouers en skool
- Vermoë om tegniese vaardighede te absorbeer
- Gesindheid
- Motivering
- Spangees en deursettingsvermoë
- 'n Progressiewe oefensisteem
- Liefde vir atletiek
- Op 'n vroeë leeftyd begin om vaardighede van spesifieke item te bemeester
- Die wil om te wen
- Korrekte oefenmetodes
- Langtermynbeplanning

- Ouerondersteuning (egter nie inmenging nie)
- Afwisseling in program skep die prikkel vir die kampioen
- Veggees en kompetisietemperament
- Selfwerksaamheid by atleet
- Die atleet moet self leer beplan en sy oefenmetodes ondersoek en bespreek met sy afrigter
- Uitdagings moet met lus en ywer aangepak word
- Gereelde ontspanningsterapie en ruspouses in kompetisie=seisoen.

2.5 WATTER ANDER ASPEKTE BEHALWE TEGNIEKONTWIKKELING EN KONDISIONERING IS VIR U BELANGRIK IN DIE AFRIGTINGSPROSES?

- Die inisiatief van die atleet moet ontwikkel word, dit wil sê, die atleet moet ook geleer word om ontleding en ondersoek van sy oefenprogram en oefenmetodes te doen
- Eerlikheid van atleet in sy oefenprogram
- Atlete moet doelwitte nastrewe en doelgerig strewe om dit te bereik
- Die atleet moet realisties wees in sy eise wat hy aan homself stel
- Die atleet moet geleer word om 'n gebalanseerde mens te wees
- Hy moet in homself glo, maar nederig bly en dankbaar wees dat hy die geleenthede kry
- die atleet en afrigter moet mekaar geestelik ontmoet
- Wetenskaplike insig, toerusting en genoegsame fasiliteite vir wetenskaplike afrigting
- Genoegsame kompetisiegeleenthede
- Aanmoediging
- Atlete moet toegerus word vir die lewe as volwassene
- Goeie menseverhoudinge
- Ontwikkeling van leierskap - moet altyd voorbeeld stel van goeie sportmanskap

- Ontwikkeling van selfdissipline
- Ontwikkel besef dat alleen deur harde werk en toewyding sukses behaal kan word
- Die ontwikkeling van 'n gebalanseerde lewens- en wêreld= beskouing
- Die begrip dat sport nie belangriker is as akademiese werk nie
- Deur die verloop van die afrigtingsituasie moet afrigter kennis opbou oor atleet se liggaamlike en geestelike inge= steldheid en deurgaans dit in berekening bring met afrig= tingsmetodes
- Skep oefensituasie wat progressief is en entoesiasme by atlete wek
- Rolprente, gesaghebbende boeke en tydskrifte moet gereeld deur afrigters en atlete geles word
- Atlete moet opgevoed word tot selfstandige denke
- Korrekte gesindhede moet gekweek word vir persoonlikheids= ontwikkeling
- *"Setting of a realistic aspiration level and controlling arousal level"*
- Ontwikkeling van liefde vir liggaamlike aktiwiteit
- Die atleet moet as mens opgevoed word wat uiteindelik die lewenswedloop suksesvol kan aflê
- Benewens tegniekontwikkeling en fisiese kondisionering is geestelike kondisionering belangrik
- Die sosiale betrokkenheid tydens oefensessies en in privaat= lewe moet deurgaans ingeskerp word.

2.6 IN HOE 'N MATE KAN 'N AFRIGTER DIE PERSOONLIKE LEWE (GEESTELIK EN SOSIAAL) VAN 'N ATLEET BEÏNVLOED?

Al die afrigters stem saam dat 'n afrigter 'n groot invloed uitoefen op die persoonlik lewe van die atleet:

- Deur persoonlike uitlewing en saamlewing word die atleet geweldig beïnvloed op geestelike en sosiale vlak
- Deur die skep van 'n totale wedersydse vertrouensituasie

- Deur die vaderfiguur en die vriend van die atleet te wees, kan die afrigter tot alle lewensfasette deurdring en bydra tot positiewe mensvorming in sy sinvolle gesprek met die kind.
- So word die lewenskomponente van atletiek deel van die daaglikse geestelike en sosiale beleving van die atleet
- Deur altyd 'n navolgingswaardige voorbeeld te stel vir die atlete van 'n Christelike opvoeder en 'n gebalanseerde sosiale mens
- Die atlete streef die voorbeeld van die afrigter na
- Die afrigter stel met woord en daad die voorbeeld vir die bevordering van die hoogste sedelike standaarde
- Die atletieksituasie, die skool, die klub, die kollege of universiteit en die ouerhuis vorm 'n vennootskap in geestelike en sosiale vorming van die atleet
- Rook- en drinkgewoontes van die afrigter, sowel as hul optrede teenoor die teenoorgestelde geslag, is bepalend in vorming van sosiale ingesteldheid
- Die afrigter se aanvaarding van reëls en regulasies in kompetisies asook beslissings van beamptes en skeidsregters, vorm atlete geestelik
- Omdat atleet en afrigter bykans daaglikse kontak maak, is die geleentheid soveel meer om 'n definitiewe stempel op die atleet se lewenswyse te druk
- Talent is 'n Godgegewe gawe wat sinvol ontwikkel moet word
- *"Woorde wek, voorbeelde trek"*
- Belangstelling in atleet se persoonlike lewe, skoolaktiwiteite, akademiese prestasie asook ouers en familie se lewe en prestasies is belangrik
- Baie atlete idealiseer hul afrigters, moet hulle nooit teleur stel nie
- Deur besielende voorlewing en 'n onbaatsugtige lewenshouding
- Deur negatiewe persoonlikheidskenmerke te smoor en die goeie in die atleet te ontwikkel
- Die afrigter is die middel wat goeie verhoudinge en inisiatief kweek deur die nodige geleenthede te skep in afrigtingsituasie om atlete geleenthede te gee om byvoorbeeld leiding te neem of foutontleding te doen

- Die afrigter moet die voog wees wat die atleet geleidelik vorm tot 'n totale mens, hom slyp vir die lewe wat die samelewing in die gesig kan kyk
- Die atleet moet altyd streef na die hoogtepunt van mens=wees op geestelike vlak.

2.7 NOEM DIE BELANGRIKSTE MAATSTAWWE WAARAAN 'N AFRIGTER MOET VOLDOEN IN SY VERHOUDING MET DIE ATLEET SE OUERS

- Die atleet moet openlik met die ouers bespreek word, sy prestasies, teleurstellings en tekortkominge
- Belangstel in die kind se prestasies op akademiese gebied, sy gesondheidstoestand en sy optrede in ons gemeenskap
- Hy moet die vertroue by die ouers skep dat die atleet in goeie hande is
- Die afrigter se huis is die atlete se huis en hulle huise staan oop vir hom
- Goeie betrekkinge is noodsaaklik, moet egter nie te betrokke raak nie
- Moet nie die opvoedkundige beginsels van die ouers weerspreek nie
- Wedersydse vertroue en onderlinge begrip
- Oorlegpleging en voorbeeldige optrede
- Goeie vriendskap
- Gemeenskaplike verantwoordelikheid aanvaar ten opsigte van die atleet se vorming as gesonde sportman
- Daar moet 'n vertrouensverhouding tussen afrigter en ouers bestaan
- Die ouers moet die toegewydheid van die afrigter beleef en ook besef dat hulle bondgenote is in die vorming van die atleet se persoonlikheid
- Altyd eerlik optree en hul siening en probleme respekteer
- Respek hê vir ouer se siening
- Goeie kontak maak op sosiale vlak en deurentyd goeie same=werking bevorder

- Die afrigter moet die gesindheid en behoeftes van die ouers bepaal ten opsigte van verwagtings wat hulle koester vir kinders en dit op 'n volwasse en verantwoordelike wyse kanaliseer
- Die afrigter moet alles in sy vermoë doen om die ouerlike gesag te handhaaf en die vertroue van die atleet in sy ouerhuis te bevorder
- Gereelde kommunikasie tussen ouer en afrigter bevorder die onderlinge samewerking
- Beskikbaar wees vir konsultasies met ouers
- Absoluut eerlik wees met ouers ten opsigte van talent waaroor die atleet beskik en die prestasies wat die atleet kan bereik
- Terugvoering na ouers insake die vordering van die atleet
- Die ouer moet 'n skoling kry insake die opbouproses deur middel van 'n deeglike beplande oefenprogram
- Kitsprestasie is nie moontlik nie, maar geskied oor lang periodes van voorbereiding
- Ouers moet geskool word om nie onnodige druk op die atleet te plaas tydens kompetisieseisoen nie
- Die ouer moet intens belangstel en aanmoedig en die afrigter as spesialis doen beplanning en fisiese afrigting
- Ouers moet aangemoedig word om so veel moontlik byeenkomste by te woon, selfs oefensessies van atlete by te woon en sodoende 'n beleving te kry van die hele afrigtingsproses.

2.8 WATTER BYDRAE KAN DIE ATLETIEKAFRIGTER LEWER IN DIE TOTALE WEERBAARMAKINGSPROSES VAN DIE JEUGDIGES?

Al die afrigters beaam die feit dat die atletiekafrigter 'n groot taak het ten opsigte van die totale weerbaarmakingsproses van die jeugdige:

- Deur die ontwikkeling van selfdisipline, deursettingsvermoë, karaktervastheid, eerlikheid, respek, opoffering, veggees, inisiatief, daadkrag, welwillendheid, sportmansgees, goeie oordeelsvermoë, die behoud van selfbeheersing, entoesiasme, idealisme, doelgerigte beplanning en gehoorsaamheid word atlete meer weerbaar gemaak.

- Deur die ontwikkeling van sodanige eienskappe word 'n koersvaste gebalanseerde Christenmens die lewe ingestuur deur die afrigter
- Deur die voortdurende ontwikkeling van die atlete se sluimerende persoonlikheidseienskappe tydens oefensessies en daarna word atleet weerbaar gemaak
- Geestelik, geloof in sy Skepper
- Fisies, sy liggaam moet gesond en fiks gemaak word
- Psigies, sielkundig, sterk en gereed vir die volwasse lewe
- Die atleet moet onderskei tussen goed en kwaad, die aanvaarbare en die onaanvaarbare
- Positiewe gesindhede moet ontwikkel word soos vertroue, eerlikheid, vertroubaarheid, selfvertroue, stabiele persoonlikheid, vasberadenheid
- Die afrigter moet ook persoonlike kommunikasie bevorder op sosiale vlak
- Goeie kontak maak, besprekingsessies hou en hom leer hoe om te argumenteer en sy saak te verduidelik
- Verantwoordelike selfstandige optrede is noodsaaklik in persoonlike lewe
- Weerbaarheid berus op sterk beginsels waaroor die atleet moet beskik
- Hoë sedelike norme, Christelike norme moet by atlete ingeskerp word
- Sondag is nie slegs 'n rusdag nie, maar ook 'n Kerkdag
- Matigheid ten opsigte van drank, rook en verhoudingsaspek met vriende en vriendinne
- Atlete moet leer om onselfsugtig, verantwoordelik en doelgerig te lewe

- Leer atlete om hulle Godgegewe talente te ontwikkel
- Om gebalanseerd te lewe
- Sy prioriteite in die lewe reg te kies
- Te werk vir dit wat jy graag wil bereik
- Om jou spanmaats by te staan en om niemand in die proses te benadeel nie
- Die atlete moet geestelik en liggaamlik opgevoed word
- 'n Realistiese benadering ten opsigte van wen en verloor moet gekweek word
- Fisiese kondisionering
- Geestelike indoktrinasie en beïnvloeding ten aansien van die lewensopvatlike hoogswaardevolle
- Die atletiekafrigter moet die fisieke weerbaarheid en die geestelike weerbaarheid gesamentlik ontwikkel sonder om een van die twee komponente af te skeep
- Om te wen is harde werk nodig, maar om te verloor is 'n kuns - so is dit in die alledaagse lewe, dit moet die afrigter by die atleet inskerp
- 'n Nederlaag moet die aansporing tot 'n oorwinning wees
- Daar moet kan aangepas word by alle omstandighede
- Die korrekte hantering van sake te alle tye is belangrik
- Deur ook liggaamlik gesond en sterk te wees, help om situasies te bowe te kom
- Innerlike dissipline vorm basis van weerbaarheid by atlete

2.9 WATTER EINDDOEL STEL U AS BELANGRIKSTE PRIORITEIT VIR U ATLETE TYDENS DIE AFRIGTINGSPROSES?

- Die hele ontwikkeling van die atleet moet gesien word as die einddoel
- Dit lei alles geleidelik na 'n toppunt
- 'n Breë basis is nodig om die top skerp te kry
- Vanuit dié basis word rekening gehou met die uiteindelijke doelwit
- Die hou van 'n verslagboek oor ontwikkeling van alle fasette van atleet se ontwikkeling is baie belangrik asook realistiese doelwitbepalings
- Resultate is belangrik, nie alleenlik die wenmotief nie, maar verbetering van eie prestasies en die bydrae tot geestelike en liggaamlike mondigheid
- Atleet te ontwikkel as meganiese wese, as religieuse wese, as sosiale wese en as individu met sy eie persoonlikheid en eie eienskappe
- Die vorming van voorbeeldige, afgeronde, volwaardige jong burgers deur sportdeelname
- Doelbereiking binne die perke van individuele potensialiteite
- Aanvaarding van teleurstellings
- Terugslae en beskeidenheid in oorwinning en dankbaarheid teenoor sy Skepper en afrigter vir prestasies
- Atletiek moet vir die genot daarvan beoefen word en selfs na skool moet atlete nog steeds atletiek geniet vir vrye=tydsbesteding
- Atletiek moet gesien word as 'n belangrike ontspanningsmiddel
- Vordering en suksesvolle deelname
- Die atleet moet die kampioen word of die hoogste moontlike sport bereik
- Die wenmotief in atletiek is tog waaroor dit gaan

- Onafhanklikheid, selfwerkzaamheid, kennis en verantwoordelikheid om op sy eie sonder 'n afrigter te oefen
- Om as 'n suksesvolle, verantwoordelike volwasse mens in die samelewing te ontwikkel
- Die ontwikkeling van 'n gebalanseerde nugtere en doeltreffende mens
- Die atleet moet geleidelik opgebou word tot die uiteindelijke fisiese toprestasie.

2.10 WAT IS U MENING AANGAANDE DIE WENSLIKHEID VAN 'N POSITIEWE CHRISTELIKE LEWENS- EN WERELDBESKOUIING?

- Dit is alleen die afrigter wat die koers van die Christelike lewensweg loop wat die insig tot die bouwerk aan atlete na liggaam en gees oor beskik
- Die ander afrigters bou bloot fisiese masjiene - maar die Christelike lewensbenadering bou totale mense wat die druk van die lewe ook lank na atletiekdeelname kan hanteer
- Deur so 'n gesindheid bereik die afrigter beslis heelwat meer en is sy eie selfbevrediging soveel groter
- Dit is 'n noodsaaklikheid
- Die afrigter oefen sy roeping uit in die erkenning van die beginsel dat die opvoeding in hierdie land gegrond is op die Bybel
- Die afrigter moet sy Christelike lewens- en wêreldbeskouing uitleef op die oefenveld asook in sy persoonlike lewe
- In alles wat die afrigter as mens doen, moet hy krag en genade van Bo kry, sodat hy altyd 'n waardige voorbeeld vir sy atlete kan stel
- Douglas Coghlan, senior dosent by Rhodes Universiteit, Grahamstad, sien hierdie aangeleentheid soos volg:
"I do not consider this an important factor. This is a personal matter which may or may not be important. The coach should have high ethical and moral standards, without a religious connotation" (vide infra, p.130).

- Topsport plaas atlete in baie moeilike omstandighede ten opsigte van onthale waar hulle aan baie versoekinge blootgestel word
- Sonder 'n uitgesproke lewens- en wêreldbeskouing kan atlete nie staande bly nie
- Dit skep 'n opregte eerlike en spontane afrigter-atleet-verhouding
- Die lewens- en wêreldbeskouing deursuur alles wat die afrigter doen
- 'n Belangrike aspek is die ontwikkeling van die geestelike weerbaarheid by atlete
- Vanselfsprekend 'n onmisbare aspek van die afrigter se persoonlike toerusting
- Dit beïnvloed sy ganse optrede
- Dit verander sy hele siening oor sy taak en opdrag
- Dit behoort die eindbestemming van alle atlete te wees
- Dit maak 'n afrigter roepingsbewus
- Sonder 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing kan 'n afrigter nie suksesvol wees nie
- Volle vertrouwe in jou Skepper wat jou gawes aan jou skenk, is noodsaaklik
- Daaruit sal ook voortspruit vertrouwe in jouself
- Dit alles saam gee 'n totale vertrouensituasie.

2.11 BESKOU U DIT AS NOODSAAKLIK/WENSLIK/VAN GEEN BELANG DAT DIE AFRIGTER VAN SKOOLATLETE 'N GRONDIGE KENNIS VAN PEDAGOGIES-DIDAKTIESE OPVOEDINGSPRAKTYK MOET HÊ? MOTIVEER U ANTWOORD

Die groter meerderheid afrigters reken dat dit noodsaaklik vir afrigters van skoolatlete is om 'n deeglike pedagogies-didaktiese agtergrond te besit. Ongeveer vyf van die afrigters reken dit is wenslik en slegs *een* ag dit van geen belang nie.

- Sonder die agtergrond sal die skoolatleet nie ten volle bereik kan word nie
- Met die nodige opvoedkundige kwalifikasies beseft so 'n persoon dat hy met vormende mense materiaal werk en dat hulle deur leiding geslyp moet word om met inisiatief en daadkrag besluite te maak en keuses in die lewe te maak
- 'n Opvoedkundige behoort tog deur sy daad te trek
- Elke atleet moet as 'n individu benader word
- Deur die didaktiek leer die afrigter in hoe 'n mate hy die atleet veelsydig moet opvoed
- 'n Motorwerktuigkundige kan nie aan 'n motor werk sonder die nodige kennis nie - hoeveel te meer 'n afrigter wat met 'n mens werk
- Afrigting is 'n opvoedingsaak via die bewegingsgebeure, daarsonder is sy metode onder verdenking en sy insigte oppervlakkig
- Daarsonder moet hy eerder diere en nie mense afrig nie!
- 'n Sielkundige benadering is noodsaaklik vir alle atletiek-afrigters om sodoende die balans te behou tussen prestasie en opvoeding
- Didaktiese beginsels op die atletiekveld is net so belangrik as in die klaskamer

Hiermee word bedoel dat alle afrigters nie noodwendig onderwysers moet wees nie. Selfs in ander beroepsrigtings word gesaghebbende afrigters gevind wat deur universitêre opleiding of deur die nodige navorsing te doen, die nodige pedagogiese agtergrond kan bekom om gesaghebbend af te rig

- Baie jong atlete ly aan psigiese en emosionele probleme as gevolg van 'n verkeerde benadering ten opsigte van die afrigtingsituasie
- Afrigters raak so betrokke by prestasie-in-atletiek dat die opvoedkundige implikasies heeltemal oorboord gegooi word
- Die mens as totaliteit moet altyd die hoogste prioriteit wees en prestasie moet nooit allesoorheersend word nie
- Eers wanneer die afrigter oor basiese kennis beskik van die pedagogies-didaktiese opvoedingpraktyke, is hy in staat om die atleet sinvol te lei na volwassewording
- Die afrigter moet die nodige kennis besit van die metodiek van die opvoedingsverskynsel om sodoende die jong atleet positief te beïnvloed tot gebalanseerde ontwikkeling, nie bloot deur fisiese afrigting nie, maar deur woord en metodiek tot afgeronde en gebalanseerde ontwikkeling, tot 'afgeronde en gebalanseerde mense, wat alle lewensgetye kan ervaar, belewe en oorlewe
- Hoe meer ervaring hy van die opvoeding het, hoe beter
- Baie hang af van die "*natuurlike*" aanleg van elke afrigter om die atleet te bereik
- Daar is verskeie afrigters sonder pedagogies-didaktiese inslag wat wel suksesvol is met skoolatlete
- Sonder enige spesifieke opleiding en agtergrond bereik hulle wel sukses.

2.12 HOE SIEN U DIE TAAK VAN DIE ATLETIEKAFRIGTER AS JEUGLEIER

- Die atletiekafrigter is 'n jeugleier by uitstek
- Hy beskik oor die ideale geleentheid in hierdie sport wat al die lewenskomponente op die pad tot lewensukses bevat
- Atletiekdeelname is inderdaad 'n voorspel en 'n toonbeeld van wat die lewe werklik is
- Die atletiekafrigter moet sy kans om opvoedingswerk as jeugleier te doen, inderdaad met albei hande gryp

- Dit is 'n gulde geleentheid om jongmense vir die lewe te skool
- Dit gaan om die voorbeeld wat die afrigter stel op kulturele, sosiale, akademiese en godsdienstige terreine
- As jeugleier moet die atletiekafrigter die volgende kwaliteite by die atleet inskerp: Dissipline, besluitneming, integriteit, takt, regverdigheid, empatie, entoesiasme, geloof in homself en sy God
- Die afrigter oefen 'n deurslaggewende invloed uit op die jong atleet en moet altyd sy oefenprogram baseer op so 'n basis dat dit altyd die atleet-as-mens promoveer
- 'n Afrigter wat geen kennis of geen belang het in die atleet-as-mens nie, ontwikkel dikwels 'n intieme verhouding met sy atleet en strewe na goedkoop populariteit
- Die atletiekafrigter wat geen jeugleierskap openbaar nie, kan geen sukses behaal met skoolatlete nie
- As volwasse vennoot in die afrigtingsituasie is die atletiek-afrigter in 'n ideale posisie om as jeugleier op te tree
- Hoewel die gespesialiseerde afrigter se groot taak is om kampioene te ontwikkel, moet hy egter ook 'n bydrae lewer as jeugleier
- Sport- en jeugleiding is onafskeidbaar
- Die atletiekafrigter is jeugleier en opvoeder en daarna sportafrigter
- Hy het 'n belangrike role om te speel om die jeugdige denke sinvol te lei en te vorm ooreenkomstig die aanvaarde verantwoorde norme van die samelewing
- Die vertrekpunt in die opvoedingsproses is die ontwikkeling van fisiese fiksheid, maar deur positiewe beïnvloeding en voorbeeld kan die afrigter van groot waarde wees in die totale opvoedingsproses
- Deur die belangrike plek wat die atletiekafrigter in die skoolier se lewe inneem, is hy in 'n ideale posisie om leiding te gee wat navolgenswaardig behoort te wees

- Om die jeug te hanteer en te slyp tot volledige menswees, behoort die vrag op die arbeid van die afrigter as jeugleier te wees
- Sy voorbeeld van 'n eerlike en opregte jeugleier wat sy Christelike lewensbeskouing uitleef, moet só wees dat die jeug sal sê, "*Ek stel my onvoorwaardelik in sy hande om gevorm te word.*"

3. BEVINDINGE NA AANLEIDING VAN ANTWOORDE OP VRAELYSTE

- 3.1 'n Verblydende teken wat uit die empiriese vraelyste blyk is dat sestien van die dertig afrigters beklemtoon dat prestasie-in-atletiek nie oorheersend moet wees nie, maar wel die *totale opvoeding* van die atleet as mens. Al dertig afrigters stem saam dat *kennis* in verband met atletiektegnieke en -metodes die basiese vereiste is vir 'n suksesvolle afrigter.

Uit hierdie ondersoek is dit duidelik dat die opvoeding van die kind in totaal verband van kardinale belang is; juis daarom mag hy nie net tot prestasie alléén gelei word nie en mag prestasie nie die uitsluitlike oogmerk wees nie - 'n gebalanseerde atleet is die ideaal.

- 3.2 Ses-en-twintig van die afrigters beskou die belangrikste vereiste vir 'n "*ideale*" atleet, *deursettingsvermoë, entoetiese en toegewydeheid*. Slegs drie afrigters beklemtoon waardige *sportmanskap* as 'n belangrike vereiste.

In die huidige afrigtingsstelsel word te veel klem gelê op daardie vereistes wat 'n atleet moet bekom om in 'n toptleet te ontwikkel. Noodsaaklike vereistes soos ontwikkeling van 'n gebalanseerde persoonlikheid, 'n uitgesproke lewens- en wêreldbeskouing en waardige sportmanskap moet as hoogste prioriteit gestel word by die klassifisering van 'n ideale atleet.

- 3.3 Al dertig afrigters beskou 'n *vertrouensverhouding*, met ander woorde, *wedersydse vertrouwe*, as die belangrikste komponent in die afrigter-atleet-verhouding.

Die ondersoek het duidelik aangetoon dat geen ware ontmoetings tussen afrigter en atleet kan plaasvind sonder volkome wedersydse vertrouwe nie. 'n Vertrouensverhouding is die basis van 'n opvoedkundig gefundeerde onderrigsisteem.

- 3.4 Die meerderheid afrigters beskou *deursettingsvermoë, werkvermoë, wil-om-te-wen en kompetisie-temperament* as die belangrikste redes vir sukses. Ander redes wat deur twaalf afrigters genoem word is *motivering, potensiaal, aggressiwiteit en selfvertroue*.

Aangesien die meerderheid afrigters aanvaar het dat die sukses van die atleet impliseer prestasie met kompetisie, word sodanige vereistes deurgaans beklemtoon. Hier het ons weer te doen met *atletiekafrigting* in plaas van *atletiekopvoeding* soos duidelik blyk uit die ondersoek.

- 3.5 Die meeste afrigters het beklemtoon dat die ontwikkeling van 'n *gebalanseerde mens* die belangrikste doelwit is wanneer die atletiek=afrigter die oefenprogram prakties toepas. Behalwe tegniekontwikkeling en kondisionering voel twaalf van die afrigters dat die ontwikkeling van *karaktereienskappe* soos entoesiasme, sportmanskap, deursettingsvermoë, en so meer, belangrik is. Agt afrigters benadruk aanvullende fasiliteite om *oefenmetodes* van atlete te verbeter.

'n Baie gesonde siening word hier deur bykans al die afrigters gehuldig, net jammer dat 'n paar topafrigters nog steeds die ontwikkeling van persoonlikheidseienskappe ignoreer en slegs let op tegniekontwikkeling.

- 3.6 Alle afrigters is dit daarmee eens dat die atletiekafrigter 'n deurslaggewende rol vertolk in die geestelike en sosiale ontwikkeling van die atlete. Ses-en-twintig afrigters benadruk die belangrike invloed van die *persoonlike voorbeeld* wat die afrigter moet stel aan sy atlete op alle terreine.

Aan die rol wat die afrigter as jeugleier en vaderfiguur speel in die afrigtingswerklikheid, word volle erkenning gegee veral ten opsigte van sy persoonlike voorbeeld.

- 3.7 Die afrigter moet die ouers van die atleet oortuig dat hy in goeie hande is, met ander woorde, hul volkome *vertroue* wen - dit is die gevoel van agt-en-twintig afrigters. Verder word *goeie samewerking* tussen afrigter en ouers deur al die afrigters aanbeveel.

Deur die ondersoek word die ouers se noue betrokkenheid by die afrigteratleetverhouding beklemtoon. Sonder volkome samewerking is ware opvoeding tog immers nie moontlik nie.

- 3.8 Al die afrigters beaam die rol wat die atletiekafrigter kan speel in die totale *weerbaarmakingsproses* van die atlete deur die ontwikkeling van eienskappe soos selfdissipline, eerlikheid, opoffering, veggees, inisiatief, en so meer.

Dit blyk duidelik uit die antwoorde van die topafrigters dat atletiekafrigting 'n ideale geleentheid bied tot weerbaarmaking van ons jong seuns en dogters.

- 3.9 Suksesvolle deelname en die ontwikkeling van 'n *kampioenatleet* word deur vyf-en-twintig afrigters gesien as die einddoel van die afrigter tydens die afrigtingsproses. Vyf afrigters sien die einddoel as 'n gestadige proses van ontwikkeling van 'n onvolwasse mens na 'n *sukksesvolle, verantwoordelike, sosiaal-welaangepaste, religieuse volwassene* in die samelewing.

Sonder 'n deeglike basis van kondisionering en tegniese vaardighede kan geen atleet topprestasie lewer nie. Die voorbehoud wat ons egter hier stel is dat die verantwoordelike afrigter as jeugleier nie topprestasie as sy einddoel moet stel nie, maar die opvoed van verantwoordelike en gebalanseerde volwassenes met die korrekte sedelike en Christelike norme.

- 3.10 Nege-en-twintig van die afrigters beskou 'n *positiewe Christelike lewens- en wêreldbeskouing* as 'n noodsaaklike vereiste vir 'n suksesvolle atletiekafrigter. Slegs een afrigter sien dit nie as 'n vereiste nie, maar wel die handhawing van verhewe etiese en morele standaarde as eerste prioriteit.

Vanuit 'n neutrale standpunt is dit moontlik om met Coghlan se siening verlief te neem, maar die Christenopvoeder kan hiermee hom nooit vereenselwig nie en sal deurgaans 'n positiewe Christelike lewens- en wêreldbeskouing propageer (vide supra, p.122).

- 3.11 Vier-en-twintig afrigters beskou 'n grondige kennis van die pedagogies-didaktiese opvoedingspraktyk as 'n *noodsaaklikheid* in die afrigtingspraktyk. Vyf van die afrigters reken dit as *wenslik* en een afrigter voel dat dit glad nie *noodsaaklik* is nie.

In die verlede het afrigters, sonder die nodige pedagogies-didaktiese inslag, wel puik prestasies behaal ten opsigte van Suid-Afrikaanse kampioene en Suid-Afrikaanse rekordhouers. Of hul wel geslaag het om sodanige atlete te bewapen met die nodige opvoedkundige en ander kwaliteite is egter sterk te betwyfel.

- 3.12 Nege-en-twintig van die afrigters sien *atletiekafrigting* en *jeugleiding* as onafskeidbaar van mekaar en dat die atletiek=afrigter as gevolg van die vertrouensverhouding in 'n ideale posisie is om 'n ware jeugleier te wees. Slegs een afrigter beskou jeugleiding en atletiekafrigting as twee afsonderlike terreine, maar erken dat dit voordelig kan wees indien die atletiekafrigter as jeugleier kan optree.

Deurgaans is atletiekafrigting en jeugleiding as die essensie van alle afrigting in Suid-Afrika beklemtoon. Dit is twee begrippe wat onafskeidbaar is van mekaar en in hierdie vennootskap vorm die deskundige afrigter-as-jeugleier die basis van die suksesvolle volwassewording.

4. GEVOLGTREKKING

- 4.1 Dit blyk duidelik uit die empiriese vraelys dat al die top atletiek=afrigters in Suid-Afrika wel deeglike bewus is van die groot verantwoordelikheid van hul taak as begeleiers van die jeugdige op pad na volwassenheid. Deurgaans het hulle erkenning gegee aan die opvoedkundige beginsels wat deur die atletiekafrigter in die afrigtingsituasie by die atleet-in-opvoeding tuisgebring moet word.

- 4.2 Daar is eenstemmigheid oor die rol wat die atletiekafrigter as jeugleier moet vertolk, asook die noodsaaklikheid van 'n grondige kennis van pedagogies-didaktiese opvoedingspraktyke by diegene wat betrokke is by die afrigting van skoolatlete.
- 4.3 'n Baie goeie insig word getoon ten opsigte van die volgende aspekte: die afrigter-atleet-verhouding, die rol wat die afrigter speel in die persoonlike lewe van die atleet en die verhouding met atleet se ouers.
- 4.4 Die weerbaarmakingsproses van die jong atlete en die wenslikheid van 'n positiewe Christelike lewens- en wêreldbeskouing by 'n atletiek=afrigter word as 'n noodsaaklike vereiste beskou.
- 4.5 By die vereistes wat gestel word vir 'n "*ideale*" atleet, beklemtoon te veel afrigters slegs eienskappe wat benodig word om topprestasie te lewer tydens byeenkomste. Die indruk wat 'n mens hier kry, is dat die klem te veel gelê word op sportprestasies in die skole en aan die universiteite en die aandag verskuif hier na 'n handjievol uitgesoekte topatlete wat slegs voorberei word vir kampioenskapsatletiek en dat die massa verwaarloos word.
- 4.6 Die redes wat die topafrigters noem vir die sukses van hul atlete is baie interessant. Daar moet ernstig besin word oor die kwaliteite en eienskappe wat die kampioene en rekordhouders moet besit om as 'n suksesvolle atleet bestempel te word. Die feit dat 'n atletiekafrigter 'n Suid-Afrikaanse kampioen opgelewer het, ongeag die metodes wat gebruik is om hierdie doelstelling te bereik, maak van hom nie noodwendig 'n suksesvolle afrigter nie. Dit is die taak van die topatletiekafrigter om atletiek as sulks, en meer spesifiek skole-atletiek, in perspektief te stel. 'n Suksesvolle atletieksisteem kan alleenlik gevestig word deur opvoedkundige doelstellings en motiewe!
- 4.7 By die bepaling van die einddoel van die atlete tydens die afrigtingsproses, kan die gevolgtrekking gemaak word dat afrigting

van atlete grotendeels bepaal word deur die prestige wat die skool en die universiteit met sy topafriegers deur kompetisie en oorwinnings kan bereik. Slegs enkele afriegers beskou die einddoel by elke atleet om hulle eerstens op te voed tot volwaardige volwassenheid en daarna kom die prestasie-in-sport as doelwit.

Die leemte wat 'n mens hier vind, is dat die meeste afriegers eerstens 'n atletiekafriger is en daarna 'n opvoeder, terwyl dit in pedagogies-didaktiese perspektief gesien, net die omgekeerde behoort te wees.

H O O F S T U K 6

DIE PEDAGOGIES-DIDAKTIESE FUNDERING VAN DIE ATLETIEKAFRIGTER AS JEUGLEIER

1. GEHEELPERSPEKTIEF

In die Suid-Afrikaanse atletieksituasie vertolk die onderwyser-atletiek-afrigter 'n baie belangrike rol in die hoedangiheid as jeugleier van die jong atleet-in-opvoeding. Op skool word die grondslag gelê van die senior atleet wat as volwaardige volwassene sy plek moet volstaan in die gemeenskap. Die atletiekafriester is verantwoordelik om tydens skooljare die Christelike lewens- en wêreldbeskouing van die atleet te ontsluit, die karaktereienskappe te ontwikkel, om sy lewensroeping met selfvertroue aan te pak.

Aan die ander kant is hy verantwoordelik om die atleet 'n liefde te laat ontwikkel vir atletiek as sport. Om dit suksesvol deur te voer, moet hy 'n gesaghebbende wees in die tegniese aspekte van atletiekafriesting. 'n Daaglikse vernuwing en kennisname van nuwe afristingsmetodes is 'n voorvereiste. Deur altyd nuwe en prikkelende oefenmetodes te implementeer, word die atleet se belangstelling gestimuleer en die basis word gelê vir verdere deelname as senior atleet.

Die ideale atletiek *onderrigsituasie* is waar daar 'n gesonde balans deur die afristiger gehandhaaf word tussen praktiese afristing op die baan en om die atleet in die proses fisies en geestelik voor te berei vir die lewe. Die atletiekafriester as jeugleier moet deurentyd deur sy hantering van problemsituasies die korrekte leiding gee en altyd 'n korrekte voorbeeld stel vir die atleet.

Die atletiekbaan is 'n ideale kweekakker vir die ontwikkeling van positiewe persoonlikheidseienskappe. Dit is juis in die hitte van 'n wedren waar die ware karakter van die atleet vertoon word. Die atletiekafriester moet die atleet gedurig bewus maak van regverdigde deelname en nie wen-ten-alle-koste nie.

Die groot probleem van atletiek in Suid-Afrika is juis in hierdie aspek geleë, naamlik dat die atletiekafrigter deur intensiewe afrigting en motivering die atleet indoktrineer met die idee dat die enigste doel in sport dié van oorwinning is. 'n Nederlaag word bestempel as 'n vernedering vir die atleet, die afrigter en die skool.

In die proses word atlete gekweek met swak sportmanskap wat gedurig verskonings formuleer vir hul nederlae, hulle swak gedrag wanneer hulle verloor en dikwels weens frustrasie atletiek as sport vaarwel toeroep en eerder 'n ander aktiwiteit aanpak waar hy moontlik meer sukses kan behaal.

Massadeelname aan atletiek is dikwels 'n belemmerende faktor vir 'n afrigter, aangesien dit sy doelwit van prestasie-ten-alle-koste kan knou. Dit is baie voordeliger om te konsentreer op slegs 'n handjievol uitgesoekte, talentvolle atlete. Van der Stoep, (1975, p.7) praat van *'n groepie elite sportmanne en vroue in ons skole'*.

Aangesien slegs die talentvolle en begaafde atleet al die erkenning kry in die vorm van sertifikate, medaljes, erekleure, provinsiale kleure, ensomeer, word 'n gevoel van antagonisme opgewek by die gemiddelde, nie-presterende atleet - as prestasie die enigste doelwit is, dan is daar geen plek vir hom in so 'n oefensisteem nie.

Binne skoolverband word 'n weerstand opgebou onder die akademici en ander sportsoorte teen atletiek as sport weens die oordrewe heldeverering wat gekoppel word aan die toppresterders. Dit lei weer na 'n oor-kritiese houding van die onderwysers in die klaskamer teenoor sodanige topatlete. Die akademiese werk word afgeskeep omdat atletiek, as eerste prioriteit gestel word in die doelwitbepaling van die atleet. *"Atletiek is die godsdiens van die atleet, al die ander aktiwiteite en bedrywighede is sektes"*. (I.J.G.L.)

Al hierdie faktore vorm 'n bose kringloop wat letsels veroorsaak, asook konfliktsituasies in die persoonlike lewe van die atleet-in-opvoeding. Sy jong lewensloop word oorheers deur 'n heldeverering en valse waardes

wat oneindige skade kan berokken ten opsigte van sy vormende persoonlikheid. Wanneer die prestasiekurwe begin daal, bevind hy hom in 'n vereensaamde wêreld sonder enige sekuriteit.

Frustrasie, lewensmoedigheid en wanaanpassing is die logiese gevolg van so 'n stelsel.

Vermeulen (1971, p.179) stel die saak soos volg: *"Ons kinders se dae word gevul met somme en sport en daarmee leef nog die Griekse afgod. Ons maatskappy vra die prestasie van ons jongmense uitgedruk in produksiesyfers. En ons jongmense word lewensmoeg - hulle vra om as mense raakgesien te word"*.

Die atletiekafrigter, as jeugleier, moet ernstig besin oor sy roeping as begeleier van die jong atleet-in-opvoeding. Indien hy slegs kampioene wil kweek met twyfelagtige persoonlikheidseienskappe, om sodoende vir hom 'n prestige op te bou as een van Suid-Afrika se topafriegers, dan is hy besig met 'n *dwalings* wat absoluut onaanvaarbaar is in die pedagogies-didaktiese struktuur van ons onderwysstelsel.

Williams (1981, p.114) noem sulke afriegers *parasiete* wat die spelers soos 'n spons tot sy eie voordeel uitdruk, en nie iets vir die speler laat om sy verbintenis met sport 'n aangename en opbouende een te maak nie.

Baie atletiekafrigters in Suid-Afrika beskou hulself as gesaghebbende afriegers, bloot omdat hulle Springbokkleure verwerf het of top prestasie gelewer het in atletiek. Hierdie kwalifikasie kan tot groot voordeel wees veral betreffende die kennis van tegniese aspekte wat deur die jare prakties ondervind is. Die jong atleet het ook 'n heldeverering vir so 'n afrieger en dit versterk die vertrouensverhouding aansienlik. Sonder die regte persoonlikheid en die nodige pedagogies-didaktiese agtergrond, kan so 'n afrieger egter geensins optree as gesaghebbende begeleier-van-die-jong-atleet-in-opvoeding nie. *"Knowing your subject sport by eying an outstanding player will not in itself insure success as an coach. Just as a teacher may know his subject well, but flounder in putting it across to his pupils, so may a successful colleague star*

in athletics be out of field in coaching unless he can adjust from the player role to role of teacher" (Massengale, 1975, p.11 soos aangehaal in Williams, 1981, p.115). Verkieslik moet sulke *grotes* in die atletiek=wêreld sonder die nodige opvoedkundige toerusting gebruik word vir motiveringspraatjies om die nodige prikkel te skep vir die atleet in sy toekomstige atletiekloopbaan.

Die sukses van die hele afrigtingsituasie is geleë in die hande van die atletiekafrigter as leier van die atletiekonderrigstelsiem. Sy persoonlikheid, sy karaktereienskappe, sy kennis, sy benadering, sy opvoedkundige agtergrond, sy doelstellings en sy leierskap is bepalend in die sukses en mislukkings van die afrigtingsprogram.

In die ondersoek het die klem geval op die korrekte atletiekonderrigstelsiem en gesaghebbende atletiekleiding veral ten opsigte van die pedagogies-didaktiese aspekte daarvan. Deurgaans is beklemtoon die noue, geestelike verwantskap tussen die afrigter en atleet asook die groot invloed wat die atletiekafrigter het in die ontsluiting van die jeug in Suid-Afrika. Short, (1981, p.53) sê tereg "*h afrigter kan in h kort tydjie somtyds meer vermag as wat h sportman se ouers in h leeftyd kan doen*".

As die afrigter hierdie veeleisende taak met erns en geroepenheid aangevaar, altyd die voorbeeld stel van onberispelike en beheersde optrede, en elke geleentheid op die oefenveld benut om nie slegs as h afrigter op te tree nie, maar as waardige opvoeder en jeugleier, dan sal hy die ware arbeidsgenot smaak van volwaardige welaangepaste volwassenes wat die gemeenskap op alle terreine kan dien. "*h Afrigter se ware waarde en dié van sport lê nie net in wat gewen is nie, maar wel in wat geleer is*" (Short, 1981, p.54).

2. AANBEVELINGS

Uit die voorafgaande dele van die ondersoek blyk die noodsaaklikheid van die volgende aanbevelings, wat met groot vrug in ons skole se afrigtingsprogram gebruik kan word:-

1. Skoolhoofde moet atletiekafrigting op skole sien as 'n integrale deel van die opvoedingstruktuur binne skoolverband. Atletiek moet nie slegs beskou word as 'n instrument om die skool te promoveer deur middel van topprestasies nie, maar moet gesien word as die kweekakker vir gebalanseerde leerlinge met persoonlikheidsienskappe wat van hulle leiers in die gemeenskap sal maak. Atletiekafrigting is nie 'n bysaak nie, maar 'n noodsaaklike aktiwiteit in die taak van totale mensontwikkeling!

2. Massadeelname moet deur skoolhoofde en atletiekafrigters as eerste prioriteit gestel word sodat elke leerling die geleentheid kan kry om betrokke te word in die sportopvoedingsprogram.

Enige spesialisasie moet deur die onderwysowerhede ten sterkste afgekeur word en skole-atletiek moet 'n opvoedkundige middel word wat die leerlinge laat gedy tot nuttige, fikse en gemotiveerde mense met as einddoel volwassenes getrou aan die opdrag van hul Skepper.

3. Alle onderwysers wat 'n belangstelling het in atletiekafrigting, moet tydens universiteits- en kollege-opleidingsjare 'n deeglike skoling kry in die pedagogies-didaktiese implikasies van atletiekafrigting. Saam hiermee gaan die belangrike aspek van leierskapopleiding. Baie puik afrigters in die atletieksituasie gaan verlore weens gebrekkige kennis van jeugleierskap. Sonder ware leierskap in die atletiekafrigtingsprogram is suksesvolle afrigting onmoontlik.

4. Gesaghebbende sprekers moet gereeld genooi word na skole om ouers en atlete toe te spreek oor die opvoedkundige waarde en etiese beginsels in die atletieksituasie.

5. Die atletiekonderrigstelsel op skole moet aansluiting vind by die jeugweerbaarheidsprogram. Om so 'n doelstelling doeltreffend uit te voer, moet in die eerste instansie atletiekafrigters opgelei word, wat totaal weerbaar is vir hulle taak. Met die regte leiding

is atletiek as sport 'n ideale middel om die leerlinge in die skool geestelik en fisiek weerbaar te maak.

6. Die atletiekafrigter as jeugleier moet homself deeglik toerus vir sy taak. 'n Deeglike kennis moet bekom word oor elke individuele atleet in sy oefengroep. Persoonlikheidsafwykings moet bepaal word om remedieel behandel te word. Die afrigter moet 'n gesaghebbende wees ten opsigte van die tegniese vereistes in atletiekafrigting asook die vermoë besit om atlete te motiveer. Die afrigter moet deur sy deskundige afrigting en opvoedingsprogram die respek en agting van elke atleet afdwing.

7. Die sukses van die afrigter kan nie alleen bepaal word deur die prestasie wat in kompetisies behaal word nie. Die opinie wat die atlete binne die oefengroep van hom het, is net so 'n belangrike getuigskrif vir die atletiekafrigter. Die atletiekafrigter as jeugleier moet die foute in sy oefenmondering leer ken deur sy atlete, en die nodige aanpassings doen om dit aanvaarbaar te maak vir al die atlete binne die oefengroep.

8. Die atletiekafrigter moet die atletieksituasie benut om dissipline en veral selfdissipline aan te leer. Op die atletiekveld het die afrigter die geleentheid om dissipline op 'n baie natuurlike wyse deel van die atleet se lewenswyse te maak. Dissipline en selfdissipline is 'n onontbeerlike bestanddeel van 'n suksesvolle oefensisteem.

9. Die atletiekafrigter moet al sy atlete 'n deeglike skoling gee in die korrekte manier van kompeteer. Baie afrigters aanvaar dat atlete slegs toegerus moet word met die nodige fisieke en tegniese vermoëns om suksesvol aan kompetisies deel te neem. Die atleet moet geskool word in die hantering van sukses sowel as mislukkings tydens byeenkomste. Die trots van elke afrigter behoort te wees dat sy atlete waardig en eties korrek moet optree, ongeag die uitslag van sy wedren.

10. Belangelose en negatiewe onderwysers veral die wat oor geen afrigtersopleiding beskik nie, moet van die atletiek-oefenbaan weggehou word. Te veel afrigters in Suid-Afrika beoefen atletiekafrigting omdat die skoolhoof dit van hulle verwag. Sodanige afrigters berokken oneindige skade teenoor die jong atlete, asook teenoor atletiek as opvoedingsmiddel. Alleenlik 'n entoesiastiese en toegewyde afrigter kan entoesiasme by sy atlete aanwakker.

11. Die atletiekafrigter as werklike jeugleier moet in staat wees om binne die konteks van sy afrigting leiding aan sy atlete te gee in haas elke denkbare situasie waarmee hulle gekonfronteer word in hulle algemene leefwyse. Gesonde diskresie en nugtere denke verhoog die status van die afrigter na 'n *vaderfiguur* en verstewig die vertrouensverhouding tussen afrigter en atleet.

12. Die atletiekafrigter moet nooit sy eie ego laat hoogty vier ten koste van die atlete wat hy afrig nie, of die prestasie van atlete gebruik om sy eie prestige as afrigter te verhoog nie. Die afrigter moet nederig toegewyd die saak van atletiek dien. Dan sal hy opreg gerespekteer word deur sy atlete, ander afrigters en die gemeenskap as gevolg van dit wat hy op en van die veld af doen.

13. Wanneer top skoolatlete by Seniorsklubs ingeskakel moet word om meer wetenskaplike afrigting te kry, by seniorsafrigters, moet 'n indringende ondersoek ingestel word na die metodes van afrigting, doelstellings en integriteit van sulke afrigters. Indien daar in die klub die korrekte opvoedkundige norme gehandhaaf word, kan dit 'n waardevolle hulpmiddel vir skole wees, veral waar daar nie genoeg deskundige afrigters op die personeel is nie. Hier word egter sterk aanbeveel dat 'n onderwyser van die betrokke skool as voog optree by die atlete om as kontakpersoon tussen die skool en klub op te tree. Sodoende kan goeie kommunikasie opgebou word wat tot voordeel van die atleet-in-opvoeding kan strek.

14. In die ondersoek is by verskeie geleenthede verwys na die gevaar van prestasie-as-enigste doelstelling. Indien 'n afrigter

egter die korrekte nastreef en die opvoedingsmoontlikhede ten volle benut, is suksesvolle deelname in atletiek 'n sterk prikkel vir enige atleet. Die atletiekafrigter wat deur atletiek as sport bydra tot die totaalopvoeding van die atleet, asook prestasiegewys 'n Suid-Afrikaanse kampioen kan lewer, het vir homself 'n status verwerf as 'n *ideale* afrigter. Om in atletiek 'n Suid-Afrikaanse kampioen te kan ontwikkel, met die korrekte psigo-motoriese, karakter-, sosiale en etiese eienskappe, moet vir elke topafrigter in Suid-Afrika die uiteindelijke doelwit wees.

Opleidingsinrigtings, kolleges en universiteite, die weermag en polisie se instrukteurs, verskillende skole in die land, mag nie net afrig ter wille van afrigting en prestasie alléén nie, maar moet besef dat daar in enige afrigtingstaak die ideale opvoedingsdoel is wat bo alles nagestreef en uitgebou moet word, sodat die afrigter altyd begeleier van die jeug in 'n uitnemende mate sal wees.

B I B L I O G R A F I EBOEKE

ADAIRE, J.: Training for leadership, Westmead, Farnborough, Gower Press, 1979.

ARNOLD, P.J. : Education, physical education and personality development, London, Heineman, 1968.

AVENANT, P.J.: Riglyne vir suksesvolle onderwys, Durban, Butterworth, 1980.

BEETS, N. : Die grote jongen, Utrecht, E. van Bijleveld, 1961.

BEETS, N. : Volwassen worden, Utrecht, E. van Bijleveld, 1960.

BEHRMAN, R.M. : Personality differences between non-swimmers and swimmers, R.Q., Volume 38/2, May 1967.

BERGMAN, HENK EN VAN DER PLOEG, H. : Sport en wetenskap, Amsterdam, Intermediër, 1976.

BIDDULPH, L.G. : Athletic achievement versus the personal and social adjustment of high school boys, R.Q., Volume 25, March 1954.

BOOTH, E.G. : Personality traits of athletes as measured by the M.M.P.I., R.Q., Volume 29/2, May 1958.

BOTHA, HANNES EN POTGIETÈR, GERT : Atleet en afrigter, Johannesburg, Jansonius en Heyns, 1965.

BRECKENRIDGE, M.E. EN VINCENT, E.L. : Child development : Physical and psychological growth through school years, Philadelphia, W.B. Saunders, 1950.

BRECKENRIDGE, M.E. EN VINCENT, E.L. : Child development, Philadelphia, W.B. Saunders Co., 1955.

BREN, J.M. : In the service of youth, London, Faber and Faber Limited, s.a.

CAWOOD, J. EN SWARTZ, J.F.A. : As jy gekies word, 'n handleiding vir jong leiers, Goodwood, Nasou Beperk, 1979.

CAWOOD, J. et al. : Doeltreffende onderwys, Goodwood, Nasou Beperk, 1980.

COETZEE, J.C. : Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde, Potchefstroom, Pro Rege, 1964.

COOPER, L. : Athletics, activity and personality : a receiver of literature, R.Q. Volume 40, number 2, March 1969.

COWELL, C.C. : Scientific foundations of physical education, New York, Harper, 1953.

CRATTY, B.J. : Children and youth in competitive sport, Freeport, New York, Educational activities, Inc., 1974.

DAVIDSON, R.A. : A study of personality traits and value systems of high school athletes and non-athletes, D.A., Volume 30/9 A, 1970.

DE KEYSER, L. : Lichamelijke oefening, Paedagogische Encyclopaedie, Deel I en II, 1939.

DE VRIES, C. : Oriëntering in die fundamentele opvoedkunde, Stellenbosch Universiteitsuitgewers en boekhandelaars, 1978.

DOOYEWEERD, H. : Wat is die mens? (In Afrikaans vertaal deur prof. H.J. Strauss), Bloemfontein, Sacum Beperk, 1969.

DUGGAN, A.S. : A comparative study of undergraduate woman majors and non-majors with respect to some personality traits, P.A. no. 5862, 1936.

DUMINY, P.A. : Didaktiek en metodiek, Paarden Eiland, Kaapstad, Longman Suider-Afrika (Eiendoms) Beperk, 1972.

EDWARDS, H. : Sport as a social institution in sociology of sport, Homewood, Illinois, The Jersey Press, 1973.

FROST, R.B. : Psychological concepts applied to Physical Education and coaching, London, Addison-Wesley Publishing Company, 1971.

GERBER, A.E., et al. : Opvoedkunde vir onderwysstudente, Stellenbosch, Universiteitsuitgewers en boekhandelaars, 1978.

HAAG, H., et al. : Sport pedagogy content and methodology, International series on sport sciences, Volume 4, Baltimore University Park Press, 1972.

HARMSE, H.J. EN KIRSTEIN, P.P. : Pedagogiek, Deel 1, Butterworth en Kie (S.A.), 1979.

HENDRIQUES BASIL, L.O. : Club leadership today, London Geoffrey Cumberlege, Oxford University Press, 1951.

HEYNS, J.A. : Die mens : Bybelse en buite-Bybelse mensebeskouing, Bloemfontein, Sacum Beperk, 1974.

JOHNSON, J.A., et al. : Introduction to the foundations of American Education, Boston, Allyn and Bacon, Inc., 1975.

KATES, C.A. : Perception and temporality in Husserl's phenomenology in Philosophy today, Volume 14, 1970.

KILIAN, C.J.S. EN VILJOEN, T.A. : Fundamentele pedagogiek en fundamentele strukture, Durban, Butterworth, 1974.

KIRCHNER, R.J. : Participation in athletics and its effect on academic success at Central Michigan University, D.A. no. 2000, 1962.

KLUFS, C.E. AND ANHEIM, DANIEL, D. : Modern principles of athletic training, Saint Louis, C.V. Mosby Company, 1963.

KNIKER, C.R. : The values of athletics in schools a continuing debate, Phi Delta Kappan, October 1974.

KROLL, W. AND PETERSON, K.H. : Personality factor profiles of collegiate football teams, R.Q. Volume 3614, 1965.

LA PLACE, J.P. : Personality and its relationship to success in professional baseball, R.Q. Volume 2513, 1954.

LANDMAN, W.A., et al. : Denkwyses in die opvoedkunde, Pretoria, N.G. Kerkboekhandel, 2de uitgebreide druk, 1975.

LANDMAN, W.A. : Fundamenteel-pedagogiese essensies, hulle verskyning, verwerking en inhoudgewing, Durban, Butterworth, 1975, (Hoofstuk 3).

LANDMAN, W.A. EN ROOS, S.G. : Fundamentele pedagogiek en die opvoedingswerklikheid, Durban, Butterworth, 1973.

LANDMAN, W.A. : Fundamentele pedagogiek en onderwyspratyk; metodologie, fundamentele pedagogiek en leesstruktuur, Durban, Butterworth, 1977.

LANDMAN, W.A. : Inleiding tot die fundamentele pedagogiek, Johannesburg, Afrikaanse Persboekhandel, 1969.

LANDMAN, W.A. EN CROUS, S.J. : Inleiding tot die fundamentele pedagogiek, Johannesburg Afrikaanse Persboekhandel, 1969.

LANDMAN, W.A., et al. : Fundamentele pedagogiek, leerwyses en vakonderrig, Durban, Butterworth, 1979.

LANDMAN, W.A., et al. : Kind en skool, Pretoria, N.G. Kerkboekhandel, 1981.

LANDMAN, W.A. EN KILIAN, C.J.G. : Leesboek vir die opvoedkunde-student en onderwyser, Kaapstad, Juta, 1972.

LANDMAN, W.A., et al. : Opvoedkunde en opvoedingsleer vir beginners, Stellenbosch, Universiteitsuitgewers, 3de uitgebreide druk, 1975.

LANDMAN, W.A., et al. : Opvoedkunde vir onderwysstudente, Stellenbosch Universiteitsuitgewers en boekhandelaars, 1978.

LANDMAN, W.A., et al. : Die praktykwording van fundamentele pedagogiek, Johannesburg, Perskor, 1974.

LANGEVELD, M.J. : Beknopte teoretiese pedagogiek, Groningen, J.B. Wolters, 1965, Tiende druk.

- LANGEVELD, M.J. : Kind en religie, Utrecht, E. van Bijleveld, 1961.
- LAWTHER, JOHN, D. : Psychology of coaching, New York, Prentice Hall, 1951.
- LAWTHER, J.D. : Sport psychology, Englewood Cliffs, New Jersey, Prentice Hall, Inc., 1972.
- LEICESTER, JAMES, H. ED. AND FARNDAL, W.A. JAMES : Trends in the services for youth, Oxford Pergamon Press,
- McEWAN, H.E.K. : Teaching sport in schools - a guide for teachers and students, Goodwood, Nasou Beperk, 1980.
- McINTOSH, P.C. : Sport in society, London, C.A. Watts and Co., 1963.
- McNEIL, J.D. : Performance tests, assessing teachers of reading, The Reading Teacher, Volume 25, 1972.
- MARCEL, G. : Fenomenologie en didaktiek van verdraagsaamheid, T.V.F., 1939.
- MATWEJEN, W. : Brisdisering des sportlichen training, Berlyn, 1972.
- MEYER, H.A. : Modern athletics by the Achilles Club, London, Oxford University Press, 1958.
- MIERMANS, C.G.M. : Sport in een veranderde wêreld, Utrecht, Uitgeverij het Spectrum, 1959.
- MILLMAN, D. : Whole body fitness - training mind, body and spirit, New York, Clarkson, N., Potter, Inc. Publishers, 1979.
- MILLER, N.P. AND ROBINSON, D.M. : The leisure age - its challenge to recreation, Belmont, Wadsworth Publishing Co. Inc., 1963.

NIXON, E.W. AND COZENS, F.W. : An introduction to Physical Education, Philadelphia, W.B. Saunders, Co., 1941.

OZOLIN, N. : Das Training des Leichtathleten, Berlin, Sportverslag, 1952.

PETERSON, S.W., et al. : Personality traits of women in team sports versus women in individual sports, R.Q. Volume 38 number 4, December 1967.

PETRIE, B.M. : Physical activity, games and sport : A system of classification and investigation of social influences among students of Michigan State University, D.A. Volume 32 number 1 - 17.

PIETERSEN, L. : Sociologie van die sport, Utrecht : Spectrum 1961.

PISTORIUS, P. : Kaart en kompas van die opvoeding, Potchefstroom, Pro Rege, 1970 (Tweede druk).

POTGIETER, S.J. : My lewensnorme, Johannesburg, Voortrekkerpers, 1969.

PRETORIUS, J.W. : Opvoedkundige Sielkunde, Goodwood, Nasou Beperk, 1977.

RIJSDORP, K. : Sport als jong-menselijke aktiviteit, Zeist, 1973 (Derde druk).

RIJSDORP, K. : Sport als jong-menselijke aktiviteit, Groningen, J.B. Wolters, 1960 (Tweede druk).

RIJSDORP, K. : Sport en maatschappij, Samson Uitgeverij, Alpen aan den Rijn, 1977.

ROEBUCK, W.G. : Comparative study of the intelligence quotient and academic achievement of athletes and non-athletes, P.A. no. 4260, 1960.

SAPORA, A.V. AND MITCHELL, E.D. : The theory of play and recreation (3rd Ed.), New York, Ronald Press Co., 1961.

SCHENDEL, J.S. : Psychological differences between athletes and non-participants in athletics at three educational levels, R.Q. Volume 361, March 1965.

SCHOEMAN, P.G. : Emansipatoriese pedagogiek, Durban, Butterworth, 1980.

SCHOEMAN, P.G. : Grondslae en implikasies van 'n Christelike Opvoedingsfilosofie, Bloemfontein, Sacum Beperk, 1975.

SCHMID, KOWARZIK, W. : Dialektische Pedagogik, München, Kösel Verslag, 1974.

SCHMOLINSKY, G. : Track and field - Berlin Sportverslag, 1978.

SCHOLTZ, G.J.W. : Kompetisie en aggressie in spel en sport, Potchefstroom, Pro Rege, 1977.

SMIT, R.J. EN KILIAN, C.J.G. : Onderwysende opvoeding, Pretoria, N.G. Kerkboekhandel, 1978 (Derde druk).

SMOLL, FRANK, L. AND SMITH, RONALD, E. : Psychological perspectives in youth sports, Washington, Hemisphere Publishing Corporation, n.d.

SNYDER, E.E. EN SPREITZE, E. : Social aspects of sports, New Jersey, Prentice Hall Inc., 1978.

SOMERS, M.R. : A comparative study of participation in extra curricular sports and academic grades, R.Q. Volume 22, 1951.

SONNEKUS, M.C.H. - Die leerwêreld van die kind as belewenswêreld, Stellenbosch, Universiteitsuitgewers en boekhandelaars, 1968.

SONNEKUS, M.C.H. : Onderwyser, les en kind, Stellenbosch Universiteitsuitgewers en Boekhandelaars, 1975.

SONNEKUS, M.C.H., et al. : Die psigiese lewe van die kind-in-opvoeding, 'n handleiding en die Psigopedagogiek, Stellenbosch Universiteitsuitgewers en boekhandelaars, 1979.

- STEENSMA, S.J. : To those who teach 'n keys for decision making. Signal Mountain, Tennessee; Signal Publishing Consulting Corporation, s.a.
- STRASSER, S. : Opvoedingswetenskap en opvoedingwijsheid, 'S Hertogenbosch, L.C. G. Malmberg, 1965, Derde druk.
- TAUTE, BEN : Opvoedende onderwys; 'n handleiding vir studente in die algemene metodiek van die onderwys, Stellenbosch Universiteits=uitgewers en Boekhandelaars (Eiendoms) Beperk, 1953.
- VAN DER STOEP, F. : Didaktiese Grondvorme, Pretoria, Academica, 1969.
- VAN DER STOEP, F. EN LOUW, W.J. : Die inleiding tot die Didaktiese Pedagogiek, Human en Rousseau - Academica (Eiendoms) Beperk, 1979.
- VAN DER STOEP, F. EN VAN DER STOEP, O.A. : Didaktiese oriëntasie, Pretoria, Academica, 1968.
- VAN LOGGERENBERG, N.T. EN JOOSTE, A.J.C. : Verantwoordelike opvoeding, Bloemfontein Nasionale Boekhandel, 1973.
- VAN RAALTE, C. : Sport en opvoeding, Haarlem Uitgeverij, De Toorts, 157.
- VAN RAALTE, C. : Sport en opvoeding over de zedelijke waarden van sportbeoefening door de jeugd, Haarlem Uitgeverij, De Toorts, s.a.
- VANEK, M. AND CRATTY, B.J. : Psychology and the superior athlete The MacMillan Company, 1970.
- VAN RENSBURG, C.J.J., et al. : Fundamenteel-pedagogiese begrips=verklaringe - ; inleidende oriëntering, Pretoria, N.G. Kerkboek=handel, Transvaal, 1979.
- VAN VUUREN, J.C.G., et al. : Oriëntering in die pedagogiek, Pretoria, Universiteit van Suid-Afrika, 1976.
- VAN ZYL, P. : Opvoedkunde Deel I, Braamfontein, Boehandl De Jongh, 1975, (Tweede druk).

VILJOEN, T.A. EN PIENAAR, J.J. : Fundamentele Pedagogiek, Durban, Butterworth, 1971.

WALLIS, J.H. : Personal counselling - an introduction to relationship therapy, London, George Allen and Unwin Limited, 1973.

WALLIS, J.H. : Personal counselling, London, George Allen and Unwin, 1973.

WATERINK, J. : Grondslagen der Didaktiek, J.H. Kok, NV Kampen, 1962.

WATERINK, J. : De Pedagogiek als Wetenschap, G.J.A. Ruys : U-M-Zeist, 1926.

WATERINK, J. : Theorie der Opvoeding, J.H. Kok, NV Kampen, 1951.

WEBER, E. : Autorität im Wandel, autoritäre antiautoritäre und emanzipatorische Erziehung, Auer : Donauwörth, 1974.

WEBSTER, F.A.M. : Coaching and care of athletics, London, George G. Harrap and Co., Limited, 1938.

ZION, W. : Body concept as it relates to self-concept, R.Q. Volume 36, No. 4, 1965.

TYDSKRIFTE EN KOERANTE

1. EDUCA

VAN DER STOEP, F. : Liggaamlikheid in opvoedingsperspektief in Educa, Julie, 1975.

2. EDUCARE

OBERHOLZER, C.K. : Die plek en die taak van die fundamentele pedagogiek in die sistematiek van die pedagogiek in Educare, Volume 1 Nummer 1 Unisa, 1972.

3. EDUCATIONAL THEORY

ESTES, C.R. : Concepts as criteria derived from an existential phenomenological perspective, in E.T., Volume 20, 1970.

4. ETHICS

KEATING, J.W. : Sportmanship as a moral category in Ethics, Volume LXXV, No. 1, October, 1964.

5. FOKUS

SCHOEMAN, P.G. : Elementêre grondbegrippe van die Pedagogiek in Fokus, No. 3, Augustus 1978.

SCHOEMAN, P.G. : Elementêre grondbegrippe van die Pedagogiek in Fokus, Jaargang 7, Maart 1979.

SCHOEMAN, P.G. : Elementêre grondbegrippe van die Pedagogiek in Fokus, Jaargang 7, Junie 1979.

6. HANDHAAF

SCHOEMAN, S.J. : Jeugleiding, in Handhaaf, November, 1965.

7. JOHPER

SMITH, W.S. : One man's philosophy of coaching, in Johper, October 1971.

8. JOURNAL OF AESTHETICS AND ART CRITICISM

STUBBERG, R.B. : Heidegger and the origin of the work of art; An expectation, in J of and A C, Volume 32, 1973.

9. JOURNAL OF HEALTH AND PHYSICAL EDUCATION

MAHEU, R. : Sport and culture, in Journal of Health, Physical Education and Recreation, Volume 34 No. 8, October, 1963.

MILLER, K.D. : Individual - team sports, in Journal of Health and Physical Education, Volume 27, No. 4, 1956.

WATSON, G.B. : Personality growth through athletics in J of H and P E, Volume 9, 1938.

10. JOURNAL OF TEACHER EDUCATION

POPHAM, J.P. : Applications of teaching performance tests in pre-service and in service teacher education, in J of T E, Volume 26, No. 3.

11. LANTERN

SMIT, C.M. : Ontspanning en die gesin, in Lantern, Volume 9, No. 4, April-Julie 1960.

12. DE LICHAAMELIJKE OPVOEDING

KOPERSHOEK, J.M.J. : De proeven van Vanves voortgezet, in De L O, Jaargang 52, No. 6.

13. ONDERWYSBLAD

STEYN, G.H.A. : Eksperimentalisme in die moderne opvoeding, in Onderwysblad, Deel 1, Januarie 1960, Deel 2, Junie 1960.

14. OPVOEDKUNDIGE STUDIES, U.P.

KILIAN, C.J.G. : 'n Fundamenteel-pedagogiese besinning oor aanspreek en aanhoor as pedagogiese sienswyses, in Opvoedkundige Studies, No. 61, Universiteit van Pretoria, 1969.

15. PUBLIKASIE VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

BOTHA, J.L. : Sport en perspektief, in Publikasie van die Universiteit van Pretoria, Nuwe Reeks, No. 56, 1978.

VAN DER STOEP, F. : Konstituering in teoretiese en didaktiese perspektief, in Publikasie van die Universiteit van Pretoria, 1966.

16. SPORTBULLETIN

SHORT, J. : Etiek in sport, in Sportbulletin, Oktober 1981.

WILLIAMS, S.J. : Die afrigter en afrigting, in Sportbulletin, Julie 1981.

17. TYDSKRIF VIR CHRISTELIKE OPVOEDKUNDE, V.C.H.O.

LANDMAN, W.A. : Die toerusting wat die Christen-ondewyser(es) tydens sy/haar opleiding moet verwerf, in Tydskrif vir C.O., V.C.H.O., 3de en vierde kwartaal, 1978.

18. VIGOR

BERENDS, J.J. : Die eksperiment van Vankes, in Vigor, Volume 10, No. 4, September 1957.

DIEM, C. : The position of Sport in Modern Society and its educational value, in Vigor, Volume 13, No. 2, March 1960.

REDAKTEUR : Stel liggaamlike opvoeding billik op die proef, Vigor, Volume 12, No. 3, Junie 1959.

ROBBERTSE, P. : Die sielkundige aspek van sport. Die invloed van sport op die persoonlikheid in Vigor, Volume 13, No. 2, Maart 1960.

ROBBERTSE, P. : Die sielkundige aspek van sport, in Vigor, Volume 13, No. 2, Maart 1960.

SCHREKER, K.A. : Liggaamlike opleiding en verstandelike werk, in Vigor, Volume 17, No. 4, 1964.

SMITH, D.P.J. : Sport en opvoeding, in Vigor, Volume 19, No. 1, Desember 1965.

VAN DER MERWE, I.R. : Sport en kultuur, in Vigor, Volume 19, No. 3, Junie 1966.

VAN DER MERWE, I.R. : Unieke bydrae deur die liggaamlike opvoeding tot 'n sisteem van opvoeding, in Vigor, Volume 17, No. 4, September 1964.

19. YOUTH LEADERS DIGEST

NASH, J.B. : Recreation and education, in Youth Leaders Digest, October 1952.

ONGEPUBLISEERDE PROEFSKRIFTE EN VERHANDELINGS

BERNARD, P.B. : Die taak van die skool en die huis in die opvoeding van die Afrikanerjeug tot geestelike weerbaarheid. Ongepubliseerde D.Ed.-verhandeling, U.O.V.S., Bloemfontein, 1976.

BLIGNAUT, J.H. : Die dialekties-hermeneutiese verwerking van enkele opvoederlike houdinge in die klaskamer. Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling, Pretoria, 1978.

BLOMERUS, F.J. : Jeugleierskap met spesifieke verwysing na die rol van die rugbyafrigter. Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling, U.O.V.S., Bloemfontein, Desember 1981.

BREEDT, A. : Die kulturele lewe van Blanke jeugdige in Suid-Afrika, met besondere aandag aan aspekte van hulle lewens- en wêreldbeskouing. Ongepubliseerde D.Phil.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1967.

COETZEE, C.G. : Kindwaardigheid gesien vanuit 'n fundamenteel-pedagogiese perspektief. Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1977.

CRAVEN, D.H. : Sportdeelname en persoonlikheidseienskappe, M.A.-skripsie, Universiteit van Stellenbosch, 1964.

CRONJE, F.J.C. : Die antropologiese grondslae van die leerakt in sy pedagogies-didaktiese opset. Ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1965.

DE JAGER, N.J. : Evaluering van onderwysers in die onderrigsituasie. Ongepubliseerde D.Ed.-verhandeling, Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Pretoria, Oktober 1979.

ELLMER, H. : Die invloed van liggaamlike opvoeding, sport en spele op bepaalde persoonlikheidseienskappe van die skooldogter. M.Ed.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, n.d.

FOURIE, A.B. : The influence of participation in sport on the process of socialization with special reference to senior school boys : a comparative study of participants and non-participants in sport, M.A. Thesis, U.O.F.S., 1954.

GOUWS, S.J. : Verantwoording van die didakties-pedagogiese. Ongepubliseerde D.Ed.-verhandeling, Pretoria, 1969.

IMELMAN, J.D. : Plaats en inhoud van een personale pedagogiek. Proefskrif, V.R.B., Offsetdrukkery, Groningen, 1974.

NEL, J.A.P. : 'n Wysgerig-pedagogiese verkenning van die normatiewe begeleidings- en ontsluitingsmoontlikhede van Liggaamlike Opvoeding as skoolvak. M.Ed.-verhandeling U.O.V.S., Bloemfontein, Oktober 1980.

ROBBERTSE, J.H. : Die kind-in-opvoeding in fundamentele pedagogiek perspektief. Ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, 1975.

SCOTT, L.B. : 'n Ondersoek na die kontra-diktoriese en dialektiese aard van gehoorsaamheid in die pedagogiese situasie. Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling, U.P., 1972.

STRYDOM, A.E. : 'n Psigologies pedagogiese besinning oor sport as dinamiek soos gevind by 'n groep middelbare skoolleerlinge. M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1970.

TALJAARD, J.J. : Persoonlikheidsverskille tussen deelnemers en nie-deelnemers aan georganiseerde sport, by mans en damestudente. M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1975.

VAN DER STOEP, O.A. : Die aandeel van die onderwyser aan die didaktiese situasie. Ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif, U.P., 1967.

VAN DER TAS, G. : Die fundamentele doelstelling van Liggaamlike Opvoeding in teorie en praktyk. Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling, Universiteit van Potchefstroom, 1952.

VAN DER WESTHUIZEN, G.J. : 'n Wesensanalise van enkele opvoedlike houding in die pedagogiese situasie. D.Ed.-proefskrif, Departement Fundamentele Pedagogiek, Universiteit van Pretoria, 1975.

VAN DYK, C.J. : Aspekte van die besondere didaktiek vir die onderrig vanaf vorming tot eksemplariese onderrig en leer- 'n didakties-pedagogiese strukturering. Ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1969.

VAN VUUREN, J.O.G.J. : Die opvoedingsleer van Paul Häberlin. D.Ed.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1963.

VAN ZYL, M.E.J. : Die betekenis van struktuurdenke vir die hedendaagse pedagogiek. Ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1975.

VERMEULEN, F. : Die eenheid van die menslike eksistensie as transendentale grondprobleem van die pedagogiek. Ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

KONGRESSE EN TOESPRAKE

BEHR, A.L. (RED.) : Onderwysleierskap : Referate gelewer by die Sewentiende Kongres van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die bevordering van die Opvoedkunde, gehou op 25-26 Januarie 1979 te Stellenbosch.

BOTHA, J.L. : Liggaamlike Opvoeding en Prestasiesport - Referaat gelewer by geleentheid van die twee-jaarlikse Kongres van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Liggaamlike Opvoeding en Rekreasie, Bloemfontein, September 1974.

BOTHA, J.L. : Die Liggaamlike Opvoedkunde Geesteswetenskap. Professionele intreerede by die aanvaarding van die hoofskap van die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde, Universiteit van Pretoria, 20 Junie 1974.

BOTHA, J.L. : Die rol van die Liggaamlike Opvoeding in die Opvoedingsprogram - Referaat gelewer by geleentheid van 'n oriënteringskursus vir onderwysers in die Liggaamlike Opvoeding, Departement van Nasionale Opvoeding, Pretoria, 2-5 Oktober 1973.

BOTHA, J.L. : Skoolsport - 'n Toekomsblik. Referaat gelewer op 'n kongres van die Natalse Onderwysunie, Durban, 3 Junie 1977.

BOTHA, J.L. : Spel en sport aan die Universiteit. Universiteit van Pretoria, Openbare Fakulteitslesing, 20 Augustus 1980.

BOTHA, J.L. : Sport as opvoedingsmedium. Referaat gelewer op 'n kongres van die Natalse Onderwysunie, Durban, 3 Junie 1977.

FLEISCHMANN, J. : Die lewens- en wêreldbekouing van die opvoeder bepaal sy doelstellings in die opvoeding in die algemeen en die liggaamlike opvoeding in die besonder. 'n Referaat gelewer op 13 September 1961 aan dosente in Liggaamlike Opvoeding aan die Pretoriase Onderwyskollege. Uit Vigor, Jaargang 15, September 1962.

GOOSEN, C.P. : Die sportman as leier en ambassadeur. Toesprake, Bloemfontein, 1976.

INGRAM, K. : Report : Character and Personality changes in athletes. Contemporary Psychology of Sport, Second International Congress of Sport Psychology, 1968.

PRETORIUS, J.W.M. : Die bydrae van liggaamlike aktiwiteite tot die sosiale ontplooiing van die kind en die jeugdige. Referaat gelewer tydens 'n Nasionale L.O. Simposium, U.P., April 1980.

SCHAFER, W.E. : Sport Socialization and the School. Third International Symposium on the Sociology of Sport, Waterloo Ontario, August 22-28, 1971.

Values in Sports, Report of a national conference of the American Association for Health, Physical Education and Recreation, Washington, DC, 1963.

PERSOONLIKE ONDERHOUDE

1. BRANDERS, P.K. : Inspekteur Liggaamlike Opvoeding O.V.S. Onderwysdepartement, 26 November 1982.
2. NEL, G.J. : Persoonlike onderhoud, 2 Desember 1982 insake M.A.-verhandeling: Die ontwikkelingstendense van vitale kapasiteit en geforseerde respiratoriese volume in tyd by Blanke seuns en dogters in Bloemfonteinse skole van nege tot sewentien jaar.

O P S O M M I N G

'N DIDAKTIES-PEDAGOGIESE ONDERSOEK NA DIE ROL VAN DIE ATLETIEK- AFRIGTER AS JEUGLEIER

In die Suid-Afrikaanse atletiekopset speel die atletiekafrigter 'n besondere rol as opvoeder en rigtinggewer in die volwassewording van ons jeug. Ongelukkig is daar 'n neiging binne die atletiekafrigting=sisteem dat die afrigter op skool, aan universiteite en klubs alleenlik beskou word as 'n persoon wat slaafs sy gespesialiseerde tegniese kennis van sy item moet oordra aan die atleet-in-opvoeding. Die suksesvolle afrigter word slegs beoordeel volgens die resultate wat sy atlete behaal tydens kampioenskapsbyeenkomste. Die totale mensvorming en persoonlikheidsontwikkeling van die jong atleet is van sekondêre belang in sodanige afrigtingsisteem. Die doel is slegs gerig op die voorbereiding vir topprestasie.

Die atletiekafrigter is die volwasse vennoot in die afrigter-atleet-verhouding en is verantwoordelik vir die koers wat in die afrigting=situasie ingeslaan word. Elke afrigter moet altyd bewus wees van die groot verantwoordelikheid wat volg op die aanvaarding van hierdie opdrag. Hy is in 'n posisie waar hy die jong atleet kan opvoed tot volwaardige volwassedom deur atletiekafrigting te benut as potensiële opvoedingskrag of onherstelbare skade te berokken deur die eensydige oorbeklemtoring van die prestasie-ten-alle-koste doelwit.

Die atletiekafrigter wat hom ten doel stel die ideaal van "*atletiek-opvoeding*" in plaas van "*atletiek-afrigting*" is 'n ware jeugleier wat beseft dat atletiek as vormingsmiddel in die kinder=opvoeding 'n belangrike rol speel om die jong atleet se potensiaal optimaal te ontwikkel. Die atletiekafrigter as jeugleier se besondere taak is geleë in die opvoed van die atlete tot sinvolle volwassenheid, die ontwikkeling van gebalanseerde persoonlikhede met positiewe eienskappe wat deur 'n korrekte oefenpatroon ontwikkel word, soos

ware sportmanskap, eerlikheid, regverdigheid, selfdisipline, leierskap en 'n liefde vir sy naaste en sy God.

Die waarde van atletiek as liggaamsaktiwiteit moet nie onderskat word nie. Deelname en algemene kondisionering, wat inherente komponente is van 'n goedbeplande atletiekprogram stimuleer die liggaamsfunksie van die sogenaamde groot spiergroepe en liggaamsorganismes tot meer effektiewe werking en gevolglik meer doeltreffende arbeidsvermoë. Die atletiekafrigter moet hom beywer om soveel moontlik skoliere of studente te betrek by aktiewe deelname aan atletiek as sport. Massadeelname vorm die basis van 'n suksesvolle afrigtingsprogram.

Die atletiekafrigter moet die atletieksituasie benut as 'n ontspanningsmiddel, as 'n middel tot vryetydsbesteding, ontwikkeling van etiese gedrag, bevordering van sosiale status, kultuurontwikkeling, as 'n middel tot sportopvoeding, ontwikkeling van liggaamlike- en geestelike weerbaarheid, verbetering van aanpasbaarheid, en verbetering van akademiese prestasie. Die atletiekafrigter se groot toets as opvoeder van die jeug is juis in die ontwikkeling van die menslike kragte wat die individu opvoed tot hoër lewensvervulling.

Atletiekafrigting en die begeleiding van die jeug verg 'n uitgebreide kennis van die algemene didaktiek, met ander woorde die vereistes vir die goeie verloop van die hele afrigtingproses asook die basiese beginsels wat toegepas moet word vir suksesvolle afrigting om sodoende die kind-in-opvoeding sinvol te begelei tot volwassewording. Die bemoeienis van die afrigter-as-volwassene in die hele proses van opvoeding van die jeug maak van atletiekafrigting 'n pedagogiese aangeleentheid wat in 'n meerdere mate as die formele onderwys-situasie die kind ontmoet en sodoende bepaalde waardes inskerp. Deur die intieme afrigter-atleet verhouding ontstaan 'n openheid by die atleet wat tot gevolg het 'n ontvanklike gesindheid van bereidwilligheid tot ontwikkeling van leefinhoud.

Die atletiekafrigter as jeugleier mag nie neutraal staan nie, maar sy afrigtingstaak moet gelei en bepaal word deur 'n oortuigde Christelike lewens- en wêreldbeskouing. Die deurstraling van sy persoonlike verhouding tot God in die omgang met atlete is dikwels van groter opvoedkundige betekenis as die oordra van kennis. Verder word die korrekte opvoedkundige afrigtingsbenadering grootliks bepaal deur die atletiekafrigter se begeertes, sy behoeftes, sy filosofie, sy persoonlike voorbeeld, eienskappe en positiewe leierskap ten opsigte van die atlete waarmee hy werk. Al hierdie vereistes is die professionele toerusting van die atletiekafrigter en vorm die grondslag van suksesvolle atletiekopvoeding.

Die atletiekafrigter as jeugleier moet in die toepassing van didaktiese beginsels in 'n praktiese afrigtingsstelsel altyd sy doelwitte korrek formuleer. Die liggaam van die atleet word ontwikkel en gekondisioneer ter verbetering van prestasie tydens byeenkomste, maar ook as 'n middel of aanknopingspunt vir die opvoeding van die totale mens. Die waarde van atletiekoefening en deelname ten opsigte van jeugleiding lê daarin dat, benewens die feit dat die liggaamlike ontwikkeling bevorder, soos fiksheid en spierkoördinasie, dit ook 'n groot bydrae lewer in terme van persoonlikheids- en karakterontwikkeling.

Die afrigter, die atleet en die program vorm die fondamentstene vir die didaktiese afrigtingsdriehoek. 'n Hegte onderlinge verhouding van die drie komponente van die didaktiese situasie is van groot belang vir 'n suksesvolle atletiekonderrigstelsel. Gedurende die ontmoeting tussen die komponente van die didaktiese situasie vind ware atletiekonderrig plaas.

Die atletiekafrigter as leier van die didaktiese atletiekonderrigstelsel moet rekenskap kan gee van sy beheer oor die verloop van die hele atletieksituasie. Die oefenprogram moet op 'n verantwoordelike

wyse beplan word vir die hoeveelheid werk wat hy moet afhandel in vergelyking met die hoeveelheid tyd tot sy beskikking. Die atletiek=afriester moet konsentreer op die verskillende faktore wat vir hom moontlikhede en weë open om sy hulp te organiseer en bewustelik te kanaliseer op so 'n wyse dat die atlete die basiese vaardighede en tegnieke van die atletieksituasie aanleer asook die persoonlike omstandighede, behoeftes en talente van elke individuele atleet in berekening bring.

Om die huidige tendense insake die didaktiese en pedagogiese implikasie van afrigting te bepaal is empiriese vraelyste aan dertig topafrigters in Suid-Afrika gestuur. Hulle menings aangaande die atletiekafrigter as jeugleier is in die verhandeling vervat.

In die ondersoek het die klem geval op die korrekte atletiekonderrig=stelsel en gesaghebbende atletiekleiding van die atletiekafrigter as jeugleier, veral ten opsigte van die pedagogies-didaktiese aspekte daarvan. Deurgaans is die noue geestelike verwantskap tussen die afrigter en atleet beklemtoon asook die groot invloed wat die atletiek=afriester in die ontwikkeling van die jeug in Suid-Afrika het. Na aanleiding van bogenoemde word die posisie van die atletiekafrigter as jeugleier in perspektief geplaas.